

Die ontwikkeling van 'n elektroniese genealogiese databasis van
burgerlike sterftes tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902

deur

Elizabeth Connie Celesté Reynolds (née Aucamp)

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die
graad *Magister Artium* in Geskiedenis aan die Vaaldriehoekse kampus
van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. JWN Tempelhoff
Mei 2007



Hierdie studie word opgedra aan al die vroue en kinders wat in sulke haglike omstandighede gedurende die Anglo-Boereoorlog die lewe gelaat het, maar ons nog steeds motiveer deur hul vaste vertrouwe en geloof in ons Hemelse Vader.

Vir Nami

Only dead people see the end of war

- Plato

Inhoudsopgawe

VOORWOORD EN BEDANKINGS

OPSOMMING

SUMMARY

TABELLE EN FIGURE

KAART

Hoofstuk 1 : Inleiding	1
1.1 'n Demografiese krisis	2
1.2 Bevolkingsamestelling voor en ná afloop van die Anglo-Boereoorlog	4
1.3 Onderskeid tussen burgerlikes (nie-vegtendes) en vegtendes	11
1.4 Hoofstukindeling	12
Hoofstuk 2 : Metodiek en samestelling van die databasis	14
2. Die samestelling van 'n databasis en metodologiese grondslae	14
2.1 SAEHA	15
2.2 Argief van die “Director of Burgher Camps”, 1900-1905 (DBC)	16
2.3 Argief van die amptenaar belas met die insameling van gegewens van sterfgevallen onder die Republikeinse strydmagte en burgerlike bevolking, 1899-1902 (RS).	16
2.4 A.M. Davey	18
2.5 Argief van die Superintendent van die Konsentrasiekampe (SRC)	19
2.6 S.V. Kessler	19
2.7 Volledigheid van die databasis	20
2.7.1 Vredefortweg konsentrasiekamp	20
2.7.2 Springfontein konsentrasiekamp	21

2.7.3	Analise van sterftes volgens familienaam	22
2.7.3.1	Sterfgevälle van Ficks in die Springfontein konsentrasiekamp	22
2.7.3.2	Die Bouwers in die Vredefortweg konsentrasiekamp	23
2.8	Die samestelling van die databasis	25
2.8.1	Databasis indeling	25
2.8.2	Ouderdomindeling	26
2.9	Gevolgtrekking	27
Hoofstuk 3 : Redes vir die instelling van die konsentrasiekampe		28
3.1	Verskroeiende aarde-beleid	28
3.1.1	Die ontstaan en implementering van die beleid	29
3.2	Redes vir die instelling van die konsentrasiekampe deur Kitchener	33
3.2.1	Aanvanklike ‘refugee’ (vlugtelingkampe)	34
3.2	Ontstaan van swart kampe	42
3.2.1	Swart kampe onder beheer van die <i>Native Refugee Department</i>	42
3.2.2	Swartes, ’n bron van arbeid vir die Britse owerhede	43
3.3	Enkele vertelling van die lyding en ontberinge wat vroue en kinders onderweg en in die konsentrasiekampe ervaar het.	46
3.4	Verskuiwing van konsentrasiekamp inwoners	50
3.5	Vlugtende vroue en kinders	52
3.6	Gevolgtrekking	54
Hoofstuk 4 : Kampindeling en sterftesyfers		55
4.	Die kampe en die sterftes	56
4.1	Gegewens van swart Tranvaalse kampe	61
4.1.1	Siekte, sterfte en bevolkingsaanwas in swart kampe	62
4.2	Groottotaal opgetekende sterftes volgens die databasis	63
4.3	Hoeveelheid kampe	64
4.4	Tydperk van bestaan	64
4.5	Port Elizabeth ‘Modelkamp’	65
4.6	Gevolgtrekking	69

Hoofstuk 5 : Unieke familienaam sterftes	70
5.1 Spelling familiename (vanne)	70
5.1.1 Familiesterftes	71
5.1.2 Swart familiename	73
5.2 Lys van 30 familienaamsterftes met 'n kort bespreking	74
5.2.1 Botha familienaam	75
5.2.2 Coetzee familienaam	76
5.2.3 De Beer familienaam	77
5.2.4 Du Plessis (Du Plisie) familienaam	78
5.2.5 Du Preez familienaam	80
5.2.6 Du Toit familienaam	81
5.2.7 Erasmus familienaam	82
5.2.8 Engelbrecht familienaam	83
5.2.9 Fourie familienaam	84
5.2.10 Grobler familienaam	85
5.2.11 Jacobs familienaam	86
5.2.12 Joubert familienaam	87
5.2.13 Kruger familienaam	88
5.2.14 Nel familienaam	90
5.2.15 Oosthuizen familienaam	91
5.2.16 Pieterse familienaam	92
5.2.17 Potgieter familienaam	93
5.2.18 Pretorius familienaam	94
5.2.19 Prinsloo familienaam	96
5.2.20 Smit familienaam	98
5.2.21 Smith familienaam	99
5.2.22 Steyn familienaam	100
5.2.23 Swanepoel familienaam	101
5.2.24 Van der Merwe familienaam	102
5.2.25 Van der Walt familienaam	104
5.2.26 Van Niekerk familienaam	105
5.2.27 Van Rensburg familienaam	106
5.2.28 Van Wyk familienaam	107
5.2.29 Venter familienaam	108

5.2.30 Viljoen familienaam	109
5.3 Lys van 30 klein familienaam sterftes	111
5.3.1 Abrie familienaam	111
5.3.2 Behr familienaam	111
5.3.3 Blackie familienaam	112
5.3.4 Castelyn familienaam	113
5.3.5 Cross familienaam	113
5.3.6 De la Rey familienaam	114
5.3.7 Dubber familienaam	114
5.3.8 Earle (Early) familienaam	115
5.3.9 Fowler familienaam	116
5.3.10 Gericke familienaam	116
5.3.11 Hallatt familienaam	117
5.3.12 Hertzog familienaam	118
5.3.13 Kies familienaam	118
5.3.14 Kromhout familienaam	119
5.3.15 Kymdell familienaam	120
5.3.16 Leibrandt familienaam	120
5.3.17 Mocke familienaam	121
5.3.18 Niehaus familienaam	121
5.3.19 Pansegrauw familienaam	122
5.3.20 Poerstamper familienaam	122
5.3.21 Rall familienaam	123
5.3.22 Richter familienaam	124
5.3.23 Rykaart familienaam	125
5.3.24 Schoneveld familienaam	125
5.3.25 Seymour familienaam	126
5.3.26 Snibbe familienaam	126
5.3.27 Storbeck (Storbec/k) familienaam	127
5.3.28 Trytsman familienaam	127
5.3.29 Wilsenach familienaam	128
5.3.30 Zietsman familienaam	128
5.4 Swart familienaam sterftes	129
5.4.1 Elephant familienaam	129
5.4.2 Olifant/Oliphant familienaam	129

5.4.3 Seku/Sekuu familienaam	130
5.4.4 Soul/Soule familienaam	131
5.4.5 Swartbooi familienaam	131
5.4.6 Patie/Pati familienaam	132
5.4.7 Rabotapi familienaam	133
5.4.8 Zeekoe familienaam	133
5.5.1 Engelse familienam in swart konsentrasiekampe	134
5.5.2 Afrikaanse familienam in swart konsentrasiekampe	134
5.6 Lys van 100 familienam wat die meeste sterftes in die konsentrasie-kampe gehad het	136
5.7 Gevolgtrekking	138
Hoofstuk 6 : Analise van oorsake van burgerlike sterftes	139
6. Getalle met betrekking tot sterftes in die algemeen	139
6.1 Oorsaak van sterftes	142
6.1.1 Redes vir die hoë sterftesyfer	143
6.1.1.1 Higiëne	143
6.1.1.2 Kampadministrasie	144
6.2 Mees algemene siektes wat sterftes veroorsaak het	149
6.2.1 Masels	150
6.2.2 Koors	151
6.2.3 Longontsteking (Pneumonie)	152
6.2.4 Brongitis	153
6.2.5 Diarree	153
6.2.6 Inflammasie	154
6.2.7 Ingewandskoors (Tifoïed, Maagsiekte/Koors)	154
6.2.8 Stuipe (Konvulsies)	155
6.2.9 Malaria	156
6.2.10 Sterftes as gevolg van natuurelemente	160
6.3 Sterftesyfer onder personeel in die kampe	163
6.4 Lys van ander sterfteoorsake soos opgeneem in die databasis	164
6.5 Mites	169
6.5.1 Blouvitrioel	169
6.5.2 Vishoeke	169
6.6 Sterfte-indeling volgens ouderdom en geslag volgens die databasis	171

6.6.1 Sterftes onder babas en kinders onder 16-jarige ouderdom	171
6.6.2 Volwasse sterfgeval indeling	172
6.7 Gevolgtrekking	176
Hoofstuk 7 : Gevolgtrekking	179

BRONNELYS

Voorwoord

Ek betuig graag hiermee my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone en instansies wat hierdie studie moontlik gemaak het:

Prof. J.W.N. Tempelhoff vir sy ongelooflike ondersteuning, motivering, leiding, raad, vertrouwe en nimmereindigende geduld, baie dankie vir u vertrouwe in my!

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), vir geldelike bystand; in besonder 'n woord van dank aan mnr. Hennie de Wet vir sy geduld en positiewe bystand;

Noordwes-Universiteit wat met finansiële bystand my navorsingsveld verbreed het;

Dr. Elizabeth van Heyningen, navorsingsgenoot aan die Universiteit van Kaapstad wat met 'n projek besig is oor morbiditeit en mortaliteit in die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902. Sy het my ook toegang gegee tot die gekontroleerde gegewens oor die kampbevolkings van wyle Prof. A.M. Davey.

Mev. Sarie Marais vir die sorgvuldige proeflees van die verhandeling;

Die personeel van biblioteke en argiefbewaarplesse wat deurgaans op 'n positiewe wyse my van hulp en raad bedien het;

Al my familie en vriende, ook dié oorsee, wat besorg was oor my studies en die nodige belangstelling en motivering verleen het;

My man Clifford en dogtertjie Nami dankie vir hul ondersteuning en eindelose geduld;

Aan Jasmyn wat my so getrou geselskap gehou het, ek sal jou mis.

OPSOMMING

Die ontwikkeling van 'n elektroniese genealogiese databasis van burgerlike sterftes gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902

Daar is baie geskryf oor die Anglo-Boereoorlog. Verskillende temas wat wissel van veldslae tot meer persoonlike verhale is gepubliseer en ook is daar 'n magdom statistieke bekend. Die doel van dié studie is om aan die hand van beskikbare gegewens te bepaal hoeveel sterftes onder burgerlikes gedurende die Anglo-Boereoorlog voorgekom het. Die saamstel van so 'n genealogiese databasis is gewis nie 'n maklike taak nie. Bykans alle bronne dui uiteenlopende getalle rondom die totale sterftes aan. Sterftes het nie net in die konsentrasiekampe plaasgevind nie. Mense het onderweg na die kampe, of op vlug, ook gesterf.

In hierdie studie word verduidelik hoe te werk gegaan is om die nodige gegewens in te samel om 'n gesentraliseerde genealogiese naamlys saam te stel. Deur verskillende kriteria te skep, is gepoog om moontlike herhaling te voorkom. Die faktore wat aanleiding gegee het tot die ontstaan en stigting van die kampe, die hoeveelheid kampe met die getal sterftes asook unieke uittreksels van verwysing na sterftes word gemaak.

Wat betref die ontstaan van die kampe was en is daar in 'n sekere mate onduidelikheid oor die term 'refugee'- en konsentrasiekampe. Die onderskeie terme word duidelik van mekaar onderskei om verwarring uit die weg te ruim. Die getal, hul tydperk van bestaan, asook die getal sterftes wat volgens die databasis voorgekom het, is opnuut saamgestel.

Met die nodige uittreksels uit die databasis kan 'n duideliker beeld saamgestel word van hoe die drama van massa-sterftes ontplooi het.

Verder word verduidelik hoe die spelvorme van familienaam verskil en dat die gebruiker daarop moet let dat verskillende weergawes van 'n familienaam mag voorkom

Die kerndoelwit van die studie is natuurlik om te bepaal wat die totale aantal sterftes was wat onder burgerlikes voorgekom het. In die voorlaaste hoofstuk word in detail aandag gegee aan die hoofoorsake wat tot sterftes aanleiding gegee het. Relevante siektetoestande word kortliks bespreek en gee 'n breër perspektief van hoe en waaraan die burgerlikes oorlede is. Uittreksels van unieke sterftes, sterftes onder families en statistieke rakende ouderdom en geslag van slagoffers word ook verskaf.

Die studie het ten doel gehad om die reeds saamgestelde naamlys van burgerlike sterftes gedurende die Anglo-Boereoorlog, soos saamgestel deur P.L.A Goldman, aan te vul en deur die onderskeie beskikbare bronne te verwerk tot 'n sinvolle genealogiese naamlys wat met 33 978 inskrywings die totale aantal van 27 927 van P.L.A. Goldman ver oorskry en dus die sterftes buite konsentrasiekampe insluit. Hiervan is 759 swart name wat deur S.V. Kessler ingesluit is. Hopelik slaag die databasis daarin om bepaalde leemtes rondom burgerlike sterftes gedurende die tydperk 1899-1902 aan te vul. Verder behoort dit vir genealogiese navorsers van hulp en bystand te wees.

Sleutelwoorde: Anglo-Boereoorlog (1899-1902), elektroniese genealogiese databasis, sterfgevallen, konsentrasiekampe, burgerlikes, Suid-Afrikaanse genealogie, Afrikaners, swartmense, Suid-Afrikaners.

SUMMARY

The development of an electronic genealogical database for civilian deaths during the Anglo-Boer War 1899-1902

Much has been written on the Anglo-Boer War 1899-1902. Different themes, ranging from battles to more personal experiences, have been documented. Furthermore there are many statistics regarding the war. The aim of this study is to obtain, through the existing sources, the total number of civilian deaths during the Anglo- Boer war. To compile a genealogical database regarding the civilian deaths is not an easy task. Almost all sources have conflicting figures regarding the number of civilians who actually died. Deaths were not restricted to the concentration camps. There were also those of people on their way to the camps, or those fleeing from captivity.

The aim of this study is to give an account of the process used to compile the genealogical database. By putting certain criteria in place the database should be stripped of any duplications. The reasons for the concentration camps being created, and the number of camps that came into existence, including the total of deaths with unique abstracts from the database, are described in detail.

There is confusion about the terms “refugee” and concentration camps. This is clarified. A brief explanation is given of how, where and when the camps came into being.

The number of camps, and their period of existence, as well as the total number of civilian deaths in the camps, were compiled in an effort to secure greater accuracy. With the relevant support of information from the electronic database, it was possible to compile a comprehensive picture of the numbers of deaths that occurred.

There are furthermore, some observations on the spelling of surnames. It is important because the use of Afrikaans, Dutch and English has led to different forms of spelling.

The core objective of this study was to find the exact number of civilian deaths during the Anglo-Boer War. The penultimate chapter is a detailed explanation of related deaths. A list containing the main causes of deaths, mainly disease, is included. The number of deaths is tabulated in terms of their causes. It is possible to see the profound impact of what really happened. Information of unique deaths, deaths in certain families, as well as statistics regarding the overall age and gender of victims is included.

Another aim of the study was to compile a complete list of all the civilians who died during the Anglo Boer War, more complete and with more detail than that of P.L.A. Goldman. This was indeed an overwhelming exercise. P.L.A. Goldman had a total of 27 927 names and the database total account for 33 978 individual deaths. Included are the 759 names of black names as compiled by S.V. Kessler. Hopefully the database will succeed in bringing us closer to the civilian deaths during 1899-1902. It should be useful to genealogical researchers.

Key words: Anglo-Boer War (1899-1902), electronic genealogical database, deaths, concentration camps, civilians, South African genealogy, Afrikaners, Africans, South Africans.

TABELLE EN FIGURE

Hoofstuk 1

Tabel 1.1: Volkstelling in die Oranje-Vrystaat 1890 en Transvaal 1898.	5
--	---

Hoofstuk 2

Datatable 2.1: Fick sterftes in die Springfontein konsentrasiekamp.	22
Datatable 2.2: Bouwer sterftes in die Vredefortweg konsentrasiekamp.	23

Hoofstuk 3

Tabel 3.1: Swart bevolking onder beheer van die <i>Native Refugee Department</i> .	43
Datatable 3.1: Sterftes as gevolg van skok.	47
Datatable 3.2: Sterftes as gevolg van nalatigheid (verbrand).	48
Datatable 3.3: Sterfgeval as gevolg van <i>seer mond</i> .	48
Datatable 3.4: Sterfgeval van wyle Isabella Schabort.	49
Datatable 3.5: Sterftes in ooreenstemming met <i>Tant Miem Fischer se kampdagboek</i> .	50
Datatable 3.6: Sterfte van baba van wyle A.P. Roodman, in <i>Vrouweverdriet</i> .	50
Datatable 3.7: Sterfte van A.C.M. Van der Walt in <i>Vrouweverdriet</i> .	51
Datatable 3.8: Sterftes van kinders wat doodgeskiet is.	52
Datatable 3.9: Sterfte as gevolg van onmenslike behandeling.	53

Hoofstuk 4

Tabel 4.1: Volledige lys van konsentrasiekampe en sterftes.	56
Tabel 4.2: Sterfgevälle in swart Transvaalse kampe.	61
Tabel 4.3: Groototaal van opgetekende sterfgevälle.	63
Figuur 4.1: Konsentrasiekampe met meer as 1000 sterftes per kamp.	63
Datatable 4.1: Sterftes in die Port Elizabeth konsentrasiekamp.	66
Datatable 4.2: Sterftes in die Uitenhaagse konsentrasiekamp.	68

Hoofstuk 5

Datatabel 5.1: Ackerman familie sterftes van Kalkkraal Bloemfontein.	72
Datatabel 5.2: Ackerman familie sterftes van Rustoord Heidelberg.	73
Datatabel 5.3: Dieselfde familienaam sterftes vir blankes en swartes.	73
Datatabel 5.4: Dieselfde familienaam sterftes vir blankes en swartes in Edenburg konsentrasiekamp.	74
Datatabel 5.5: Swart sterftes in blanke konsentrasiekampe.	74
Datatabel 5.6: Abrie familienaam sterftes.	111
Datatabel 5.7: Behr familienaam sterftes.	111
Datatabel 5.8: Blackie familienaam sterftes.	112
Datatabel 5.9: Castelyn familienaam sterftes.	113
Datatabel 5.10: Cross familienaam sterftes.	113
Datatabel 5.11: De la Rey familienaam sterftes.	114
Datatabel 5.12: Dubber familienaam sterftes.	114
Datatabel 5.13: Earle (Early) familienaam sterftes.	115
Datatabel 5.14: Fowler familienaam sterftes.	116
Datatabel 5.15: Gericke familienaam sterftes.	116
Datatabel 5.16: Hallatt familienaam sterftes.	118
Datatabel 5.17: Hertzog familienaam sterftes.	117
Datatabel 5.18: Kies familienaam sterftes.	118
Datatabel 5.19: Kromhout familienaam sterftes.	119
Datatabel 5.20: Kymdell familienaam sterftes.	120
Datatabel 5.21: Leibrandt familienaam sterftes.	120
Datatabel 5.22: Mocke familienaam sterftes.	121
Datatabel 5.23: Niehaus familienaam sterftes.	121
Datatabel 5.24: Pansegrauw familienaam sterftes.	122
Datatabel 5.25: Poerstamper familienaam sterftes.	122
Datatabel 5.26: Rall familienaam sterftes.	122
Datatabel 5.27: Richter familienaam sterftes.	124
Datatabel 5.28: Rykaart familienaam sterftes.	125
Datatabel 5.29: Schoneveld familienaam sterftes.	125
Datatabel 5.30: Seymour familienaam sterftes.	126
Datatabel 5.31: Snibbe familienaam sterftes.	126
Datatabel 5.32: Storbeck familienaam sterftes.	127
Datatabel 5.33: Trytsman familienaam sterftes.	127
Datatabel 5.34: Wilsenach familienaam sterftes.	128
Datatabel 5.35: Zietsman familienaam sterftes.	128
Datatabel 5.36: Elephant familienaam sterftes.	129
Datatabel 5.37: Olifant familienaam sterftes.	129
Datatabel 5.38: Seku/Sekuu familienaam sterftes.	130
Datatabel 5.39: Soul/Soule familienaam sterftes.	131
Datatabel 5.40: Swartbooi familienaam sterftes.	132

Datatabel 5.41: Patie/Pati familienaam sterftes.	132
Datatabel 5.42: Rabotapi familienaam sterftes.	133
Datatabel 5.43: Zeekoe familienaam sterftes.	133
Datatabel 5.44: Engelse familienaam in swart konsentrasiekampe.	134
Datatabel 5.45: Afrikaanse familienaam in swart konsentrasiekampe.	135
Tabel 5.1: Lys van 100 familienaam wat die meeste sterftes in die konsentrasiekampe gehad het.	136
Figuur 5.2: Lys van 10 familienaam wat die meeste sterftes in die konsentrasiekampe gehad het.	138


Hoofstuk 6

Datatabel 6.1: Sterftes as gevolg van <i>honger</i> .	146
Figuur 6.1: Hoofsaak van sterftes.	149
Datatabel 6.2: Malaria sterftes in die Irene konsentrasiekamp.	157
Datatabel 6.3: Malaria sterftes in die Pietersburg konsentrasiekamp.	158
Datatabel 6.4: Malaria sterftes in ander kampe.	158
Datatabel 6.5: Sterftes as gevolg van weerlig.	160
Datatabel 6.6: Sterfgeval van verpleegster.	164
Tabel 6.1: Lys van ander sterfteoorsake in die databasis.	164
Datatabel 6.7: Sterfte as gevolg van vergiftiging.	169
Datatabel 6.8: Sterftes as gevolg van gif.	170
Tabel 6.2: Sterftes onder babas en kinders onder 16-jarige ouderdom.	171
Tabel 6.3: Volwasse sterfgeval indeling.	172
Figuur 6.2: Sterftes volgens geslag.	175
Figuur 6.3: Aantal ouderdomsterftes onder volwassenes.	175
Tabel 6.4: Volwasse sterftes.	176
Figuur 6.4: Sterftes weens hartkwale per familie.	177

Hoofstuk 7

Figuur 7.1: Aantal sterftes volgens ouderdomindeling.	181
Figuur 7.2: Totale aantal sterftes volgens ouderdom en geslag.	181

Kaart van die gevegsterrein gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902¹



¹ L. Scholtz, *Waarom die Boere die oorlog verloor het*.

Hoofstuk 1

Inleiding

Daar bestaan tot op hede onsekerheid oor die presiese getalle van burgerlike sterfgevallen tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Farwell stel 'n beraamde syfer van tussen 16 000 en 20 000 sterftes voor.¹ Gronum,² Scholtz,³ asook Otto,⁴ dui almal binne die raamwerk van 26 000 aan. Volgens die Britse Blouboeke is die presiese getal 26 251.⁵ Pakenham se getal is 'n geraamde 20 000.⁶ Kessler noem 'n totaal van 28 000.⁷ Daar is dus 'n variasie van tussen 16 000 en 28 000. Kessler en Farwell is van mening dat die sterftesyfer veel hoër kan wees. Hulle voer aan dat weens 'n gebrek aan bronne en ook onvoldoende administrasie tydens die oorlog, kon die presiese sterftesyfer nog nie gefinaliseer word nie.

1 B. Farwell, *The great Boer War*, p. 392.

2 M.A. Gronum, *Die Engelse oorlog 1899-1902: die gevegsmetodes waarmee die Boere-republieke verower is*, p. 42.

3 G.D. Scholtz, *Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, p. 91.

4 J.C. Otto, "Die smart van vrou en kind" in J.H. Breytenbach, (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 469.

5 T. Westby-Nunn, *A tourist guide to the Anglo Boer War 1899-1902*, p. 176.

6 T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, p. 540.

7 T. Westby-Nunn, *A tourist guide to the Anglo Boer War 1899-1902*, p. 172.

Wat die sterftes van swartmense tydens die oorlog betref word daar ook van verskillende getalle melding gemaak. Die swart konsentrasiekampe het onder uiters swak toestande gefunksioneer. Kessler is van mening dat soveel as 20 000 vroue en kinders in die kampe gesterf het.⁸ Pakenham gee die getal van ongeveer 12 000,⁹ en Warwick gee 'n presiese getal van 14 054.¹⁰ Dus kan daar nie uitsluitel verkry word rakende die presiese hoeveelheid sterfgevälle in die swart konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog nie.

Dit is die doel van hierdie studie om aan die hand van beskikbare bronne 'n meer akkurate databasis van sterftes van burgerlikes dus nie-vegtendes, tydens die oorlog weer te gee. Die doelwit sal wees om te poog om deur middel van 'n elektroniese genealogiese databasis, wat deur die navorser uit beskikbare primêre en sekondêre dokumentêre gegewens saamgestel is, 'n meer akkurate bestekopname te maak van burgerlikes wat tydens die oorlog in konsentrasiekampe gesterf het. Daar sal ook, in die proses, gepoog word om akkurate gegewens van hierdie gestorwenes deur te gee.

Die gegewens wat verkry en rekenaarmatig verwerk is, sal van waarde wees vir:

- a) Toekomstige navorsers oor die Anglo-Boereoorlog;
- b) Genealogiese navorsing oor Suid-Afrikaanse families; en
- c) Histories-demografiese studies van Suid-Afrika.

1.1 'n Demografiese krisis

Die Anglo-Boereoorlog het 'n demografiese krisis in Suid-Afrika veroorsaak. Dit het 'n daadwerklike impak op veral op die toekomstige groeitendense van die Afrikaanstalige gemeenskap uitgeoefen. Soveel as tien persent van die blanke bevolking van beide die Vrystaatse en die Transvaalse republiek is

8 T. Westby-Nunn, *A tourist guide to the Anglo Boer War 1899-1902*, p. 172.

9 T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, p. 540.

10 P. Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p.145.

tydens die oorlog oorlede.¹¹ Vir die totale bevolking van daardie tyd het dit verreikende gevolge ingehou. Ná die beëindiging van die oorlog het dit newe-effekte in samelewingsverband tot gevolg gehad. 'n Stadiger bevolkingsaanwas – vanweë die sterftes van veral vrugbare vroue onder die blanke burgerlike bevolking van die voormalige republieke – was 'n uitstaande kenmerk van dié demografiese krisis. Daar kan aanvaar word dat in die geleedere van die swartbevolking ook 'n soortgelyke tendens aan die orde was.

Die Anglo-Boereoorlog was in geheel 'n traumatiese ervaring binne die konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing. Alle fasette wat insluit die individu, familie en gemeenskap, is ernstig deur die gebeure geraak. Die beskikbare gegewens van sterfgevälle uit die tydperk getuig daarvan.

Die sterftes, op sigself, het trauma in die hand gewerk. Vir die oorlewendes was dit nie net die stryd nie, maar veel eerder die ontworteling, weg van hul tipiese boerderybestaan, (vasgevang in groot kampe) 'n bron van omvangryke stres. In die kampe was hulle deel van 'n massa mense wat van hul omgewing vervreem was. Gronum noem dat 135 000 Boerevroue en kinders in die konsentrasiekampe aangehou is.¹² Farwell gee die getal van 120 000 mense.¹³ Judd meen dat die totale getal kampbewoners tot soveel as 160 000 kon gewees het!¹⁴ Belangrik, vir die doeleindes van hierdie studie, is om in gedagte te hou dat die hoeveelheid burgerlike sterftes heelwat meer was as die gesamentlike militêre sterftes op die gevegsterrein. Ongeveer 22 000 Britte is oorlede waarvan 5 774 op die slagveld. Soveel as 16 168 Britse soldate het aan hulle wonde of siektes beswyk.¹⁵ Sterftes onder die Boere sluit die volgende in:

11 I.R. Smith, *The origins of the South African War 1899-1902*, p. 5.

12 M.A. Gronum, *Die Engelse oorlog 1899-1902: die gevegsmetodes waarmee die Boere-republieke verower is*, p. 43.

13 B. Farwell, *The great Boer War*, p. 397.

14 D. Judd en K. Surrige, *The Boer War*, p. 194.

15 T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, p. 595.

3 997 het op die slagveld gesneuwel; ongeveer 150 het verongeluk; en na raming het tussen 1 800 en 2 200 aan wonde of siekte gesterf.¹⁶

Die oorlog was in baie opsigte 'n sametrekkingseleentheid vir alle Suid-Afrikaners. 'n Betekenisvolle groepering van die blankes het die tydperk, ná afloop van die oorlog, die traumatiese gebeure van die verlede as 'n versterkingsmeganisme vir die bevordering van Afrikanernasionalisme gesien.¹⁷ Die omvang van die gegewens wat in die burgerlike sterfgegewens van die oorlog vervat is – maar nie noodwendig ten volle verstaan is nie – was 'n kragtige invloed op die ontwikkeling van 'n samehorigheidsgevoel onder veral Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners in die tydperk ná 1902.

Swart Suid-Afrikaners is voorheen grootliks oor die hoof gesien met betrekking tot hul rol en deelname aan die Anglo-Boereoorlog. In hierdie studie is die databasis so ontwikkel dat ook hulle in ag geneem word. Waar beskikbaar, is data ingevoer om ook genealogiese gegewens omtrent die swart erfenis en herinneringe aan die oorlog aan die orde te stel. Hierdie gegewens moet gesien word as 'n poging om tot die historiese herbevestiging van familiebande 'n bydrae te lewer. Daar is egter 'n groot leemte in die beskikbare data oor swart mense. Omdat die Britse militêre owerheid noukeurige administratiewe rekords tydens die oorlog gehou het, is gepoog om spesifiek ook van gegewens van swart sterfgevallen kennis te neem. Die gegewens is egter onvolledig, maar kan as 'n vertrekpunt vir verdere navorsing dien.

1.2 Bevolkingsamestelling voor en ná afloop van die Anglo-Boereoorlog

Oorlog is baie dinge. Maar bo alles is dit 'n tragedie. Hoe meet 'n mens die diepte van 'n tragedie, veroorsaak deur oorlog? Hoe, binne menslike terme,

16 C. Kruger, *Anglo-Boereoorlog 1899-1902: Die wat, waar, wanneer en wie van die Boere se stryd*, p.2.

17 B.J. Liebenberg en S.B. Spies, *South Africa in the 20th century*, p. 270.

verantwoord 'n mens die verlies?'¹⁸ Beskou teen die agtergrond van dié vrae, is dit van belang om te weet wat die bevolkingsgetalle van die twee republieke was om 'n indruk te verkry van die getal burgerlikes wat in 'n nie-vegtende hoedanigheid by die konflik betrokke sou raak.

In die Oranje-Vrystaat is 'n volkstelling op 31/03/1890 gehou. Die Transvaalse getalle berus slegs op skattings gedurende 1898.¹⁹

Tabel 1.1: Volkstelling in die Oranje-Vrystaat 1890 en Transvaal 1898.

OVS Volkstelling 31/03/1890				
Blanke mans	40 571	Swart mans	67 791	
Blanke vrouens	37 415	Swart vrouens	61 996	
Subtotaal	77 986	Subtotaal	129 787	
Groottotaal				207 773
Transvaal (ZAR) 1898 skattings				
Blanke mans	166 400	Swart mans	162 001	
Blanke vrouens	122 350	Swart vrouens	195 674	
		Swart kinders	396 650	
Subtotaal	288 750	Subtotaal	754 325	
Groottotaal				1 043 075
Na-oorlogse volkstelling in Transvaal 17/04/1904				
Blanke mans	169 000	Swart mans	500 000	
Blanke vrouens	119 000	Swart vrouens	437 000	
Subtotaal	288 000	Subtotaal	937 000	
Groottotaal				1 225 000

18 B. Farwell, *The Boer War*, p. 392.

19 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel I, Hoofstuk 3, pp. 15-16. (SNA 224, lêer 2000/02)*

Die manlike bevolking van Transvaal was, volgens die sensusgegewens van 1901, in werklikheid meer as die van 1898. Die moontlikheid kan nie uitgesluit word, dat die aantal burgerlike sterftes tydens die Anglo-Boereoorlog 'n sigbare invloed gehad het nie. Daar is 'n duidelike afname in die vroulike bevolking van die 1904-sensus. Dit kan moontlik die gevolg van 'n meer akkurate sensusopname wees, maar terselfdertyd kan die aantal vroulike sterftes gedurende die Anglo-Boereoorlog nie buite berekening gelaat word nie.

Tot op hede word daar in die algemeen deur historici van die standpunt uitgegaan dat 27 927 blankes in die konsentrasiekampe gesterf het.²⁰ Verder word daar aangestip dat 22 074 kinders onder die ouderdom van 16 jaar gesterf het.²¹ Dit wil voorkom asof kinders juis die grootste slagoffers van die oorlog was. Tot op die hede word van die standpunt uitgegaan dat 27 927 blankes in die konsentrasiekampe gesterf het.²²

Sowat 14 154 (moontlik 20 000) swartes²³ is gedurende die Anglo-Boereoorlog oorlede. Die aantal sterftes wat onder swartes voorgekom het, vergeleke met dié van blankes, stem nie ooreen nie. Dit is my doelwit om deur middel van die databasis as verwysingsbron groter helderheid te kry.

Vanweë onvolledige rekords sal die juiste getal sterftes in die swart konsentrasiekampe waarskynlik nooit bepaal kan word nie.²⁴ Die sterfgevälle in sommige kampe is eers maande ná die totstandkoming van die kampe in

20 F. Pretorius (red.), "Die lot van die Boerevroue en-kinders" in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p. 45.

21 D.Hall, *The Hall handbook of the Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 217.

22 F. Pretorius (red.), "Die Anglo-Boereoorlog: 'n oorsig" in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p. 21.

23 F. Pretorius (red.), "Die Anglo-Boereoorlog: 'n oorsig" in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p. 21.

24 Kyk byvoorbeeld: F. Pretorius, *Verskroeiende aarde*, p. 21; P. Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p.145; D. Hall, *The Hall handbook of the Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 217.

verslae aangeteken.²⁵ Dit wil dus voorkom asof die aanvanklike sterftes onder vlugtendes en wapenneerlêers nie in die amptelike sterftesyfer van P.L.A. Goldman vervat is nie.

In die voorwoord van een van die belangrike studies oor die mortaliteitsfaktor tydens die Anglo Boereoorlog, het J.C. Otto reeds in 1954 verklaar:

*(D)at daar 'n behoefte aan 'n objektiewe, omvattende studie oor die konsentrasiekampe bestaan, is ... duidelik.*²⁶

Tot op die hede is egter min daaroor gedoen. Omvattende inligting, in een gekonsolideerde lys, oor die individuele sterftes wat in die konsentrasiekampe voorgekom het, was opvallend afwesig. Breedvoerig word oor en weer in etlike bronne die toestande in die kampe, die aanleidende faktore tot epidemies en hoë sterftes gegee. Die statistieke rakende sterftes handel grootliks oor hoeveel sterftes per duisend voorgekom het en hoeveel bo of onder die ouderdom van 16 jaar oorlede is.

Die statistieke rakende sterftes handel grootliks oor hoeveel sterftes per duisend voorgekom het en hoeveel bo of onder die ouderdom van 16 jaar oorlede is. Daar bestaan nie 'n sentrale lys waar die basiese gegewens rakende 'n individu, naamlik, volledige familienaam en voorname, ouderdom, plek van afkoms, kamp van sterfte, oorsaak van sterftes asook die sterfdatum aangedui word nie. Dus is daar 'n duidelike leemte wat deur 'n rekenaarmatige databasis gevul kan word.

Die doel van hierdie studie was om juis die omvang van die konsentrasiekampe een stap verder te neem, naamlik deur die aangetekende sterfgevalle soos in die onderskeie bronne vermeld, in 'n databasis saam te voeg waar individuele

25 O. Coetzer, *Fire in the sky: the destruction of the Orange Free State 1899-1902*, p. 325.

26 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, Inleiding.

sterftes so volledig moontlik verskyn en dus die unieke individuele ontslapene beklemtoon en nie net nog 'n herhaling van syfers en statistieke is nie. Die persoonlike verbintenis wat daar met voorgeslagte wat tydens die oorlog die lewe as burgerlikes gelaat het, word nou 'n werklikheid vir die genealoog.

Die sterfgevallen strek veel verder as die genoemde konsentrasiekampe waar sterftes redelik volledig aangeteken is. Gevolglik is gepoog om die gegewens van mense wat buite die kampe gesterf het, ook aan te teken. Dit is hoofsaaklik uit die volgende bronne saamgestel : dokumentasie van die Transvaalse Argiefbewaarplek Amptenaar belas met insameling gegewens Republikeinse Sterfgevallen, 1899-1902. Daarbenewens is ook gegewens onttrek uit T1 Band 32 Gestorwenes in alle konsentrasiekampe : name A-H, T1 Band 33 Gestorwenes in alle konsentrasiekampe: name I-P, T1 Band 34 Gestorwenes in alle konsentrasiekampe : name R-Z.

Die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die wegvoering van vroue, bejaardes en kinders kan nie buite berekening gehou word nie. Baie is op die afgebrande plase gelaat sonder enige heenkome of versorging. Ander het die gevangening deur die Britse mag probeer vermy en die veld ingevlug sonder toevlug of beskerming. Maar namate die mense toenemend deur die Britse troepe aangekeer en na konsentrasiekampe geneem is, het sommige weens ontberinge reeds gesterf. In baie gevalle was hul immuniteitsstelsel so drasties verlaag dat hulle by hul aankoms in die kampe geen weerstand teen die sogenaamde kampsiektes gehad het nie. Verskeie aangetekende gevalle, met beëdigde verklarings, vertel van die ontberinge wat die nie-vegtendes (burgerlikes) moes deurmaak.²⁷

27 Kyk A.H. de Jager, *Mense en gebeure in die Noord-Oos Vrystaat tydens die Anglo-Boereoorlog*, pp. 54-56; G. du Plessis, *Laslapherinneringe aan die driejarige oorlog*, pp. 57, 63; J. van der Walt, *Vrouweverdriet – Herinneringe uit die konsentrasiekampe*, p. 5.

Dit is waar dat daar in sommige van die kampe ‘hensoppers’ en van hul gesinne gehuisves is, asook neutrales, onder meer Engelsprekendes. Wapenneerlêers, beter bekend as ‘hensoppers’, was Boere wat hul wapens aan die Britse mag oorhandig het, die eed van neutraliteit afgelê het, en hulle aan hul voormalige militêre verpligtings onttrek het.²⁸

Aanvanklik is hulle vir beskerming na die kampe geneem maar met verloop van tyd het die kampe so vol geraak dat dit grotendeels vroue, kinders en bejaarde mans was wat die kampe gevul het. Almal was blootgestel aan die haglike omstandighede wat in die kampe geheers het.²⁹ Dat die wapenneerlêers en neutrales in die begin beter behandeling, huisvesting, rantsoene en ander voordele ontvang het, is nie te betwyfel nie, maar ook hulle kon die dood nie vryspring nie. Die studie sluit dus al die sterftes van nie-vegtendes in. Nie-vegtendes kan beskou word as mense wat gedurende die oorlog, en in die besonder soos in die gegewens vervat oor die bevolkingstatistiek wat in die databasis vervat word, nie regstreeks by oorlogvoering betrokke was nie.

Dit bring ons by ’n volgende punt naamlik afsonderlike kampe wat daar vir blankes en swartes bestaan het. Daar word algemeen aanvaar dat dit hoofsaaklik blankes was wat in die kampe aangehou is en dat die swartes nie onder dieselfde situasie soortgelyk aan die toestande in die blanke kampe aangehou is nie. Dit is wel so dat aanvanklik kampe slegs vir blankes gestig is. Namate die verskroeiende aarde-beleid meer nougeset toegepas is, het ook swart vroue, kinders en bejaardes aan dieselfde lot as die blankes ontkom. Die Britse owerheid het dit goed gedink om swartes wat moontlik enige hulp aan die kommando’s kon verleen, weg te voer. Die groot verskil tussen die kampe is die feit dat die swart mans teen ’n beperkte loon moes werk. Hulle kon dan, deur die geld wat verdien is, kos en ander noodsaaklike middele vir hul gesinne

28 J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel II, Hoofstuk 14, p. 1.

29 J.C. Otto, “Die smart van vrou en kind” in J.H. Breytenbach, (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 452-453.

in die kamp aankoop. Groot getalle swart mans wat in staat was om werk te verrig, is óf by die Britse leër ingesluit vir 'n verskeidenheid van take, óf met die heropening van die myne as arbeiders aangewend.³⁰

Wat betref die noukeurige administrasie van kampe is min aandag aan die dokumentering van inligting in die swart kampe gegee. Dit is tot vandag nog 'n knelpunt aangesien nie dieselfde tipe rekords aangeteken is soos die in die blanke kampe nie. Dit is die groot verskil tussen die kampe, die beskikbare inligting rakende die toestande en die noodlottige sterftes in die kampe.³¹ Die gegewens van die swart kampe is onvolledig en die feit dat in sommige gevalle opgawes oor die totale kampbevolking ontbreek en in ander geen werklike sterftesyfers vermeld is nie, maak dit onmoontlik om die noukeurige aantal swart sterftes te gee.³²

Twyfel bestaan dus oor die aantal swart sterftes wat in die kampe voorgekom het. Die hoeveelheid sterftes berus hoofsaaklik op beraamde statistieke sonder die nodige meegaande inligting wat bevestig wie wel in die kampe oorlede is.

Die onderskeid tussen blanke- en swartsterftes in kampe is nie altyd duidelik nie en in sommige gevalle was daar wel swart sterftes wat in blanke kampe aangeteken is. Soms het van die plaasarbeiders die boeregesin vergesel en het hulle dan ook in die kampe gewoon. Van die familienaam in die databasis stem ook ooreen. Daar kan dus nie met duidelikheid tussen blank en swart familienaam onderskeid getref word nie. Daar is beperkte inligting, veral met betrekking tot die swart sterftes. Daarom kan daar nie deurgaans met sekerheid bepaal word tot watter ras die onderskeie persone behoort het nie. 'n Volledige bespreking met bogenoemde voorbeelde volg later.

30 P. Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, pp.131-132.

31 F. Jacobs, *Suffering of War. A photographic portrayal of the suffering in the Anglo-Boer War emphasising the universal elements of all wars*, p. 23.

32 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel V, Hoofstuk 43, p. 39.

1.3 Onderskeid tussen burgerlikes (nie-vegtendes) en vegtendes

Onder burgerlikes word verstaan alle mense wat nie in militêre verband tydens die oorlog opgetree het nie. Dit spreek dan vanself dat vroue, kinders, sommige mans asook, in die besonder, mense van buitelandse herkoms wat nie openlik aan enige strydende party in die oorlog getrou was nie, sou as burgerlikes beskou kon word.

Die Anglo-Boereoorlog, een van die vroegste oorloë van die twintigste eeu, het veral sekere probleme met verwysing na nie-vegtendes gehad. In beide republieke was blanke mans tussen die ouderdom van 16 en 60 jaar verplig om militêre diens te lewer. Sekere persone is weens hul onderskeie beroepe, of om ander redes van diens vrygestel.³³ Maar wat ook al die uitsondering, dit is deur die uitvaardiging van die *krijgswet* herroep.³⁴

Alle vroue is as burgerlikes beskou.³⁵ In die praktyk was daar enkele vroue wat die wapen aan Boerekant opgeneem het. Daarvan was twee in die stellingkrygfase en een in die guerrilla-fase waarvan die bekendste, Sarah Raal. Daar kon meer gewees het.³⁶

Wit vlag? In praktyk was die gebruik dat indien 'n wit vlag gehys word by 'n opstal, dit 'n aanduiding was dat die inwoners nie-vegtendes was.³⁷

Buiten swartes, is neutrale burgerlikes ook in die konsentrasiekampe opgeneem. Hulle is van hul plase en huise gedwing en is aan dieselfde lotgevallen as betrokke burgers uitgelewer. Kitchener het aan hul die keuse gegee om die kampe te verlaat en waar nodig die land te verlaat deur na die land van hul oorsprong terug te keer. Onder die buitelanders was, onder meer,

33 S. B. Spies, *Methods of barbarism?*, pp. 8-9.

34 S. B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 9.

35 S. B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 11.

36 F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 349-350.

37 S. B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 41.

burgers van Duitsland, Nederland en Rusland. Tog was aan die einde van 1902 nog steeds van bogenoemde buitelanders in die konsentrasiekampe.³⁸ Die getalle moes redelik groot gewees het. Ten tyde van die uitbreek van die oorlog was daar tussen 10 000 en 12 000 mense van buitelandse afkoms, steeds in Pretoria woonagtig.³⁹ Nie almal van hulle het die land verlaat nie. Heelwat het dus ook as burgerlikes deel van die kampbevolking geword.

Dus word gefokus op die individuele sterfte met al die meegaande inligting. 'n Daadwerklike poging is aangewend om deur middel van die beskikbare bronne 'n volledige databasis van burgerlike sterftes gedurende die Anglo-Boereoorlog saam te stel.

Die inligting wat in Datatabel vorm weergegee word, word nie van 'n voetnota voorsien nie, omdat dit inligting is wat regstreeks uit die databasis onttrek is.

1.4 Hoofstukindeling

In Hoofstuk 2 word ingegaan op die bronne wat vir die doeleindes van hierdie studie in aanmerking geneem is. Ook sal 'n uiteensetting gegee word van die kriteria wat in die groepering van die data in verskillende kategorieë gebruik is. Deur 'n vergelykende studie met reeds gepubliseerde inligting te vergelyk, word gepoog om die volledigheid van gegewens aan die hand van die verskillende bronne tot een gesentraliseerde inskrywing per sterfgeval saam te voeg. Die onderskeie soekvelde van die databasis word ook kortliks aangedui.

In Hoofstuk 3 word antwoorde bestudeer op die redes wat aanleiding gegee het tot die totstandkoming van die konsentrasiekampe. 'n Verskeidenheid van aanleidende faktore onder meer die redes vir instelling, die aanvanklike 'refugee'-kampe asook die gevolg van die verskroeiende aarde-beleid word genoem. Die lot van die swart vrou en kind word ook verduidelik. Uittreksels

38 S. B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 236.

39 B. Theron, *Pretoria at war 1899-1902*, p. 14.

uit die databasis word voorgehou om die hele proses van gevangening en die noodlottige gevolge daarvan te illustreer. Verder word die verskuiwing van kampinwoners sowel as die massa verskuiwing onder swart mense na die spoorlyne na georganiseerde swart kampe bespreek.

Hoofstuk 4 fokus die aandag op die getal kampe met totaal opgetekende sterftesyfers en hoe dit onderskeidelik saamgestel is. Daar is gegewens van blankesterftes, sowel as dié van swartmense. Die beperkte inligting rakende die aantal kampe, asook die tydperk van bestaan, word bespreek. Enkele statistieke rakende swart konsentrasiekampe in Transvaal word ook ingesluit.

In Hoofstuk 5 word ingegaan op sterftes van mense volgens familienaam. Dit vorm die vertrekpunt van elke inskrywing in die databasis. Die verskillende spelwyses, met enkele voorbeelde, word ter verduideliking voorgehou. Verder word 'n alfabetiese lys van 30 unieke familienaam met meer as 100 sterftes kortliks bespreek. Daar is 'n verdere bespreking van 30 klein families wat volledigheidshalwe bygewerk is.

In Hoofstuk 6 word die mees algemene siektes (oorsake, simptome en behandeling) wat tot sterftes aanleiding gegee het, bespreek. Die sterfsyfer onder kamppersoneel en swart kampe se inwoners, asook mites rondom enkele sterftes word bespreek. Praktiese voorbeelde van familiesterftes asook 'n tabel waarin die totale sterfte-indelings, volgens ouderdom en geslag saamgestel is, word ook ingesluit.

Hoofstuk 7 bevat die gevolgtrekking waartoe daar in die studie gekom is.

Hoofstuk 2

Metodiek en samestelling van die databasis

In hierdie hoofstuk word ingegaan op die bronne wat vir die doeleindes van hierdie studie in aanmerking geneem is. Ook sal 'n uiteensetting gegee word van die kriteria wat in die groepering van die data in verskillende kategorieë gebruik is. Deur 'n vergelykende studie met reeds gepubliseerde inligting te vergelyk, word gepoog om die volledigheid van gegewens aan die hand van die verskillende bronne tot een gesentraliseerde inskrywing per sterfgeval saam te voeg. Die onderskeie soekvelde van die databasis word ook kortliks aangedui.

2. Die samestelling van 'n databasis en metodologiese grondslae

Die bronne van die Suid-Afrikaanse Erfenis en Hulpbron bewaringsagentskap (SAEHA) is aanvanklik as vertrekpunt vir die saamstel van die genealogiese databasis gebruik. Die onderskeie kampsterftes is in lyste opgeneem en sommige is alfabeties gerangskik, ander nie. Lyste van gedenkmonumente en naamplate van slagoffers in die onderskeie kampe het ook deel uitgemaak van die SAEHA bronne. Enkele korrespondensie-lêers is ook geraadpleeg rakende foutiewe spellings op naamplate asook die uitsluiting van sekere sterfgevalle in betrokke konsentrasiekampe. Daarna is die onderskeie lyste van die Transvaalse Argiefbewaarpark, naamlik: Argief van die "Director of Burgher Camps", 1900-1905 (DBC) en die Argief van die Superintendent van die Konsentrasiekampe (SRC) rakende sterftes in al die provinsies stelselmatig

bygevoeg. Daaropvolgend is die inligting met dié van die finale lys, soos saamgestel deur P.L.A. Goldman vergelyk en waar nodig veranderinge aangebring. Laastens is die lys van S.V. Kessler bygevoeg. Deurgaans is gelet op die verskillende spelwyses van veral familienaam en pleknaam.

Die sterfdatum het in sommige gevalle van bron tot bron verskil, maar die bronne van die Transvaalse Argiefbewaarplek met spesifieke verwysing na TA 25-27, "Gegewens van sterfgevallen in die Republikeinse magte en onder burgerlikes 1899-1902", word algemeen as die volledigste aanvaar. In sommige gevalle wou dit voorkom asof 'n herhaling van 'n inskrywing plaasvind, maar dan is dit aan die hand van die onderskeie bronne vergelyk om te bepaal of dit wel 'n individuele inskrywing is al dan nie. Wanneer daar 'n duidelike verskil in onder meer die sterfdatum en plek van afkoms aangedui is, is dit as 'n unieke inskrywing in die databasis opgeneem.

Vervolgens sal 'n uiteensetting gegee word van die onderskeie bronne wat in die ontwikkeling van die databasis gebruik is.

2.1 SAEHA

Die Suid-Afrikaanse Erfenis en Hulpbron bewaringsagentskap⁴⁰ (SAEHA) het voorheen as die Raad vir Nasionale Monumente en Gedenkwaardighede (RNG) bekend gestaan. Die bronne van hierdie instansie bevat hoofsaaklik inligting van die kampe sowel as lys van sterftes. Verder is die afskrifte van gedenkplate en gedenknaamlyste geraadpleeg. Alle korrespondensie van foutiewe spelling en die weglating van enkele sterftes is by die samestelling van die databasis ingesluit.

40 SAEHA is die afkorting wat deurgaans in die databasis gebruik word met die betrokke dokument se verwysingsnommer.

2.2 Argief van die “Director of Burgher Camps”, 1900-1905 (DBC)

Toe die Britse magte tydens die Anglo-Boereoorlog met 'n beleid van “verskroeiende aarde” begin het, is die burgerlike bevolking van Transvaal en die Oranje-Vrystaat in konsentrasiekampe in verskeie dele van Suid-Afrika byeengebring. In hierdie kampe is gedurende 1901-1903 talle kinders gebore, etlike huwelike bevestig en amper 28 000 vroue, kinders, en mans bo 16-jarige ouderdom, oorlede. Die bronne oor die kampe in Transvaal en Natal, asook enkeles in Noord-Kaapland, is in die Transvaalse Argiefbewaarpark. Dit sluit onder meer weeklikse verslae en registers van opnames en geboortes van sterfgevallen van die verskillende kampe in.⁴¹

2.3 Argief van die amptenaar belas met die insameling van gegewens van sterfgevallen onder die Republikeinse strydmagte en burgerlike bevolking, 1899-1902 (RS).

Die totale aantal sterftes onder blankes gedurende die Anglo-Boereoorlog het onmiddellik ná die vredesonderhandeling onder die soeklig gekom. Ds. A.J. Louw van Heidelberg, Transvaal, is versoek om, onder meer, deur middel van die onderskeie kerkrade statistieke rondom sterftes saam te stel. Die hoofkomitee van die ‘Het Volk’-party het, onder leiding van genl. Louis Botha, die saak verder opgeneem en deur veldkornette van die destydse republikeinse regering, die personeel van die Rooikruis en P.L.A. Goldman, noukeurige informasie versamel.⁴²

Omdat daar ná die oorlog baie navrae in verband met sterfgevallen tydens die oorlog was, is P.L.A. Goldman in 1906 aangestel om 'n opname van

41 R.T.J. Lombard, *Handleiding vir Genealogiese navorsing in Suid-Afrika*, pp. 65-66.

42 E. Neethling, *Mag ons vergeet: konsentrasiekampverhale uit die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 196.

sterfgevallen onder die Republikeinse strydmagte en die burgerlike bevolking te maak.⁴³ Die aanvaarde sterftesyfer onder burgerlikes het hoofsaaklik berus op die inligting wat in die Britse Blouboeke verskyn het. Die bronne weerspreek mekaar soms. Eers maande ná die ontstaan van die kampe is met opgawes van sterftes in die plekke van aanhouding begin. Die inligting strek slegs tot einde Februarie 1902 en sluit nie die res van die sterfgevallen in die tydperk daarna in nie. Dus kan die inligting nie op volledigheid aanspraak maak nie. Ná die vredesluiting het die voormalige leiers van die Boererepublieke 'n noukeurige en deeglike ondersoek ingestel. Die Hoofbeampte van Binnelandse Sake, Goldman was daarvoor verantwoordelik.⁴⁴ Die taak het hom tot 1913 besig gehou. Die alfabetiese registers wat hy opgestel het, sluit sterfgevallen van burgers op kommando en van persone in alle konsentrasiekampe in. Die naam van die gestorwene, ouderdom, adres en die oorsaak, datum en plek van sterfte word, waar moontlik, verstrekk.⁴⁵

Ná die oorlog het die Afrikaanse kerkgenootskappe opnames gemaak van hul lidmate wat tydens die oorlog oorlede is. Die gegewens van die Gereformeerde Kerk is in 1906 gepubliseer onder die titel 'De gesneuwelden en gestorven van de Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika gedurende den Oorlog 1899-1902, verzameld door W.J. de Klerk, predikant der Gereformeerde Kerk te Johannesburg'. Dié van die Nederduits Gereformeerde kerk is in die argief van dié Kerk in Pretoria bewaar.⁴⁶

43 R.T.J. Lombard, *Handleiding vir Genealogiese navorsing in Suid-Afrika*, p. 66.

44 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gelei het*, p. 389.

45 R.T.J. Lombard, *Handleiding vir Genealogiese navorsing in Suid-Afrika*, p. 66.

46 R.T.J. Lombard, *Handleiding vir Genealogiese navorsing in Suid-Afrika*, p. 66.

2.4 A.M. Davey

In 1912 het Goldman tot die samestelling van die finale lyste oorgegaan. Ongelukkig is hierdie lyste nooit gedruk nie. A.M. Davey het as Staatsargivaris in 1959, ná 'n deeglike ondersoek, besluit om die korrespondensie en lyste weer as 'n aparte argiefgroep byeen te bring. Aangesien die dokumente nie tot die beskikking van navorsers was nie, is dit onnodig geag om die ou bandnommers in die inventaris aan te gee; sodanige verwysings is egter verkrygbaar op die voorblaaie van elke nuwe band. Die dokument waaruit die argiefgroep bestaan, is soos volg in die nuwe inventaris verdeel:

Inkomende stukke

Uitgaande stukke

Voorlopige gegewens

Finale gegewens⁴⁷

Die inligting is egter met die hand saamgestel (kladregister) en nooit in een sentrale lys saamgevoeg nie. In 1959 het Davey 'n inventaris van Goldman se werk opgestel en dit van handformaat na 'n getikte formaat gewysig.

47 A.M. Davey, *Transvaalse Argief, gegewens van sterfgevallen in die Republikeinse magte en onder burgerlikes 1899-1902*, pp. vii-ix.

2.5 Argief van die Superintendent van die Konsentrasiekampe (SRC)

Hierdie argief bevat onder meer geboorte-, huweliks-, sterfte- en begraafplaasregisters en 'n aantal huweliksregisters van die konsentrasiekampe in die Republiek van die Oranje-Vrystaat (OVS).⁴⁸

In die Oorlogsmuseum in Bloemfontein kan ook inligting in verband met persone in die konsentrasiekampe gevind word. Die Transvaalse Argiefbewaarplek in Pretoria beskik oor bronne in verband met burgers van die OVS wat op kommando, as krygsgevangenes en in konsentrasiekampe oorlede is, onder meer in die argief van die amptenaar belas met die insameling van gegewens van sterfgevalle in die republikeinse magte en onder burgerlikes, 1899-1902 (RS) en die argief van die Rooikruis, 1899-1902 (RK). In die Nederduits Gereformeerde Kerkargief in Bloemfontein is afsonderlike doop- en lidmateregisters wat in die konsentrasiekampe gehou is.⁴⁹

2.6 S.V. Kessler

S.V. Kessler wie se navorsing hoofsaaklik oor die swartes en kleurlinge in die konsentrasiekampe handel, het goedgeestiglik 'n lys van 759 swart name soos deur hom nagevors vir opname in die databasis beskikbaar gestel. Veel meer swartes is gedurende die Anglo-Boereoorlog oorlede, maar dit berus hoofsaaklik op statistiese gegewens en individuele inskrywings is egter beperk.

Die swart name deur S.V. Kessler nagevors en opgestel, word as S. Kessler in die bronverwysing aangedui.

48 R.T.J. Lombard, *Handleiding vir Genealogiese navorsing in Suid-Afrika*, p. 81.

49 R.T.J. Lombard, *Handleiding vir Genealogiese navorsing in Suid-Afrika*, p. 81.

2.7 Volledigheid van die databasis

Om die volledigheid van die databasis te bepaal is 'n vergelyking met die gegewens van die konsentrasiekampe van Vredefortweg⁵⁰ en Springfontein,⁵¹ soos opgestel deur A.W.G. Raath en R.M. Louw gedoen. Daaruit wil dit voorkom asof die databasis betreklik akkuraat is.

2.7.1 Vredefortweg konsentrasiekamp

Wanneer 'n vergelyking met die Vredefortweg konsentrasiekamp gedoen word, is die statistieke rakende sterftes as volg:

Volwassenes	172
Kinders onder die ouderdom van 16 jaar	335
Totaal	507

Die genealogiese databasis beskik oor 'n totaal van 608⁵² name – 101 meer as in die naamlys van die Vredefortweg kamp. Al 507 name wat in die Vredefortweg naamlys opgeneem is, is inderdaad in die databasis opgeneem en daar bestaan geen duplikasie van die bestaande name nie. Dus word afgelei dat die databasis volledig is. Wat die bronne betref, is die inligting vir die Vredefortweg gedenkreëks saamgestel uit bronne van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein, asook die Vrystaatse staatsargief. Die genealogiese databasis se inligting is verder aangevul deur inligting afkomstig van die argiewe van SAEHA en die Transvaalse Argief.

50 A.W.G. Raath en R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Springfontein gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, deel II, pp. 194-207.

51 A.W.G. Raath en R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Vredefortweg gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, deel III, pp. 198-207.

52 Twee inskrywings waar verwys word na Vredefort Kamp is ook ingesluit.

2.7.2 Springfontein konsentrasiekamp

In die Springfontein gedenkreeks word die onderskeie sterfgevälle aangegee as 'n totaal van 671 volwassenes en kinders en 37 ongedoopte babas, dus 'n totaal van 708 aangetekende sterfgevälle.⁵³ A.W.G. Raath en R.M. Louw verwys in die inleiding dat die uitgebreide versameling korrespondensielêers tussen die kampowerhede en die hoof-superintendent van konsentrasiekampe in die Oranje-Vrystaat in die samestelling vir die betrokke publikasie gebruik is.⁵⁴

Die sterftelys van A.W.G. Raath en R.M. Louw is saamgestel uit inligting verkry van die Vrystaatse Argief bewaarplek.⁵⁵ Wat die lys van 37 ongedoopte babas betref word die Suid-Afrikaanse Raad vir Oorlogsgrafte as verwysing aangegee.⁵⁶ Die gegewens kom dan op die volgende te staan:

Volwassenes	671
Ongedoopte babas	37
Totaal	708

Die inligting in die databasis blyk meer volledig te wees met 76 meer name as die van die lys in die Springfonteinse konsentrasiekamp gedenkreeks. Dit wil dus voorkom asof die genealogiese databasis vollediger is en dat, deur die benutting van die onderskeie bronne, daar meer sterftes was as wat aanvanklik gereken was.

53 A.W.G. Raath en R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Vredefortweg gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, deel III, pp. 198-207.

54 A.W.G. Raath en R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Springfontein gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, deel II, pp. 194-207.

55 Vrystaatse Staatsargief, Argief van die Superintendent van die Konsentrasiekampe (SRC), Sterfteregister van die Vredefortweg- en Springfontein kamp.

56 A.W.G. Raath en R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Springfontein gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, deel II, p. 207.

2.7.3 Analise van sterftes volgens familienaam

Die doelwit is om die databasis vir genealogiese navorsingsdoeleindes te gebruik. Gevolglik is ook 'n toets gedoen om te sien op welke wyse gegewens van families in die databasis ontgin kan word. Weer eens word die gegewens van Springfontein en Vredefortweg gebruik.

2.7.3.1 Sterfgevälle van Ficks in die Springfontein konsentrasiekamp

As voorbeeld word gegewens van die Ficks in die Springfontein konsentrasiekamp aan die hand van die databasisinligting gegee.

Datatabel 2.1: Fick sterftes in die Springfontein konsentrasiekamp.

FICK	Hendrieka	V	0.5	5-Sep-01	Wepener	Springfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/16(2) TA T1 18
FICK	Jacobus Johannes	M	1.5	12-May-01	Wepener	Springfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/16(2) TA T1 18
FICK	Daniël Johannes	M	2	8-Jul-01	Wepener Masels	Springfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/16(2) TA T1 18 SRC 92
FICK	Anna Susanna	V	4	20-Jan-01	Wepener	Springfontein Kamp	TA T1 18
FICK	Jacobus Johannes	M	4	23-Oct-01	Wepener	Springfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/16(2) TA T1 18
FICK	Maria Sophia	V	4	23-Oct-01	Wepener	Springfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/16(2) TA T1 18
FICK	Anna Magrieta	V	5	20-Nov-01	Wepener	Springfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/16(2)
FICK	Helena Gezina	V	6	18-Oct-01	Wepener Longont- steking	Springfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/16(2) TA T1 18 SRC 92
FICK	Daniël Francois	M	8	16-Dec-01	Wepener Ingewands- koors	Springfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/16(2) TA T1 18 SRC 93
FICK	Cornelia Gertruida E	V	10	23-May-01	Wepener	Springfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/16(2) TA T1 18
FICK	Elena Gersina Aletta Maria	V	16	26-Jun-01	Wepener	Springfontein Kamp	TA T1 18

FICK	Hester Magaretha	V	30	23-Jul-01	Wepener Masels	Springfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/16(2) TA T1 18 SRC 92
FICK	Elena Gersina Aletta Maria	V	38	18-Oct-01	Wepener	Springfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/16(2) TA T1 18
FICK	Baba		4d	16-Jul-01	Wepener	Springfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/16(2) TA T1 18

’n Totaal van 14 sterftes is aangeteken vir die Fick familie van Wepener. Vier daarvan was babas onder twee jaar, agt kinders tussen die ouderdom van twee en 16-jarige ouderdom en twee volwasse vroue onderskeidelik 30 en 38 jaar. Beperkte inligting bestaan oor die oorsaak van sterfte. Die verskillende voorname en ouderdomme gee aan die genealoog die geleentheid om tussen die familieledede onderskeid te tref. In die betrokke geval wil dit voorkom asof dit moontlik twee gesinne kan wees, met verwysing na die twee volwasse vroue wat in die sterftes voorkom.

2.7.3.2 Die Bouwers in die Vredefortweg konsentrasiekamp

Sterftes van mense met die familienaam Bouwer in die Vredefortweg konsentrasiekamp kom, volgens die databasis, in 16 inskrywings na vore. Daarvan was 11 afkomstig van Parys Heilbron, drie van Wonderheuwel Kroonstad en twee onderskeidelik van Heilbron en Swartkoppies Heilbron. Die gegewens is as volg:

Datatabel 2.2: Bouwer sterftes in die Vredefortweg konsentrasiekamp.

BOUWER	Anna Cecilia	V	0.75	19-Nov-01	Parys Heilbron	Vredefortweg Kamp	SAEHA 7/6/4/29 TA T1 18
BOUWER	Anna Cecilia	V	22	10-Nov-01	Parys Heilbron	Vredefortweg Kamp	SAEHA 7/6/4/29 TA T1 18
BOUWER	Anna Elizabeth	V	18	17-Nov-01	Parys Heilbron	Vredefortweg Kamp	SAEHA 7/6/4/29 TA T1 18
BOUWER	Anna Hendrina Engela	V	0.5	19-Nov-01	Parys Heilbron	Vredefortweg Kamp	SAEHA 7/6/4/29 TA T1 18
BOUWER	Catharina Wilhelmina	V	21	31-Dec-01	Parys Heilbron	Vredefortweg Kamp	SAEHA 7/6/4/29 TA T1 18

BOUWER	Christoffel	M	3	5-Dec-01	Parys Heilbron	Vredefortweg Kamp	SAEHA 7/6/4/29 TA T1 18
BOUWER	Magrieta Isabella	V	2	2-Sep-01	Parys Heilbron	Vredefortweg Kamp	SAEHA 7/6/4/29 TA T1 18
BOUWER	Regina Dorothea Marg. Pet.	V	4	29-Sep-01	Parys Heilbron	Vredefortweg Kamp	SAEHA 7/6/4/29 TA T1 18
BOUWER	Stephanus Izak	M	15	25-Jan-02	Parys Heilbron	Vredefortweg Kamp	SAEHA 7/6/4/29
BOUWER	Stephanus Jozias	M	15	25-Jan-02	Parys Heilbron	Vredefortweg Kamp	TA T1 18
BOUWER	Susanna Maria Johanna Fran.	V	48	21-Dec-01	Parys Heilbron	Vredefortweg Kamp	SAEHA 7/6/4/29 TA T1 18

Van die sterftes was drie babas onder twee jaar, vier kinders onder 16 jaar en vier volwasse vroue onderskeidelik 18, 21, 22, en 48-jarige ouderdom. Dit wil voorkom asof die moeder en drie susters asook twee broers van dieselfde familie oorlede is. Weens die beperkte inligting word geen oorsaak van sterfte aangedui nie.

In die betrokke gesin is dit moontlik dat die grootmoeder, moeder en kinders oorlede is. Dié gegewens stel die genealoog in staat om in sommige gevalle die sterftes van tot drie geslagte na te vors.

Die totale aantal sterftes wat in die Bethulie-kamp deur A.W.G. Raath en R.M. Louw opgeneem is, was 1737, vergeleke met die 1745 wat in die genealogiese databasis verskyn. Dus is ook die kamp se inligting meer volledig in die databasis opgeneem.⁵⁷

J.C. Hattingh bevestig die problematiek rondom die aantal sterftes wat spesifiek in die Irene-konsentrasiekamp voorgekom het. Hy beskou dit as 'n bykans onbegonne taak om presies vas te stel hoeveel mense daar in Irene se

57 A.W.G. Raath en R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, deel I, p. 176.

konsentrasiekamp oorlede is aangesien die verskillende bronne verskillende getalle gee. Volgens die lysie wat deur P.L.A. Goldman ná die oorlog met die samewerking van die drie Afrikaanse kerke opgestel is, het 1193 mense in die kamp omgekom. Die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie beraam die getal op 1149 en die Preller-versameling dui op 1163. Volgens amptelike gegewens, verkry uit verskillende Britse bloubouke en ongepubliseerde maandverslae, was daar 878 aangemelde sterfgevallen in die kamp gewees. Hierdie syfer is egter onvolledig omdat dit nie die eerste drie maande van die kamp se bestaan insluit nie.⁵⁸ Die totale aantal sterftes in die databasis vir Irene konsentrasiekamp is 1314.

2.8 Die samestelling van die databasis

Die inligting is stelselmatig in MS Office, se Excelprogram ingesleutel. Daarna is 'n program geskryf wat die nodige soekfunksies en resultate bevat.

2.8.1 Databasis indeling

Die databasis bestaan uit die volgende kategorieë:

Familienaam (Van)
Voorname of voorletters
Geslag
Ouderdom
Geboortedatum
Sterfdatum
Plek/plaas van afkoms
Oorsaak van sterfte
Lokaliteit van sterfte
Bron

58 J.C. Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, (Magister Artium, UP, 1965), p. 160.

Voorbeeld van inskrywing in die databasis

Familie-naam	Voornaam	Geslag	Ouder-Dom	Sterf-Datum	Lokaleiteit van sterfte	Siekte	Konsentrasiekamp	Bron
FICK	Daniël Johannes M	M	2	8-Jul-01	Wepener	Masels	Springfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/16(2) TA T1 18 SRC 92

Daar is 'n daadwerklike poging aangewend om, na aanleiding van die beskikbare bronne, die inligting so volledig moontlik in die bostaande kategorieë saam te voeg. In sommige gevalle ontbreek inligting en daar is dan net beperkte gegewens oor bepaalde inskrywings. In ander gevalle is die inligting meer volledig. Dit verskyn dan so in die inskrywing. Dit is juis die insluiting van die plek/plaas van afkoms wat meehelp om die inskrywings van mekaar te onderskei. Die volledige inligting stel die genealoog in staat om akkurater en vollediger inligting as voorheen met spesifieke verwysing na die burgerlike sterftes in die Anglo-Boereoorlog te verkry.

2.8.2 Ouderdomindeling

Babas jonger as 15 dae word aangedui as 1d, dus een dag oud. Babas, ouer as vyftien dae maar jonger as 'n maand, se ouderdom word aangedui as een maand. Ter verduideliking van die desimale stelsel wat ter aanduiding van ouderdom gebruik word, word 'n lys hieronder ingesluit:

1	maand	=	0.08
2	maande	=	0.17
3	maande	=	0.25
4	maande	=	0.33
5	maande	=	0.42
6	maande	=	0.50
7	maande	=	0.58
8	maande	=	0.67
9	maande	=	0.75
10	maande	=	0.83
11	maande	=	0.92
12	maande	=	1 jaar
13	maande	=	1.08

14	maande	=	1.17
15	maande	=	1.25
16	maande	=	1.33
17	maande	=	1.42
18	maande	=	1.50
19	maande	=	1.58
20	maande	=	1.67
21	maande	=	1.75
22	maande	=	1.83
23	maande	=	1.92
24	maande	=	2 jaar

2.9 Gevolgtrekking

Na 'n kort maar deeglike verduideliking van hoe en waaruit die inligting in die databasis saamgestel is, word die volledigheid aan die hand van die onderskeie bronne deur 'n vergelykende studie bevestig. Die onderskeie kategorieë in die databasis waarin die inligting onderskeidelik verdeel is, word gelys en kortliks bespreek. Dus is die inligting in die databasis sistematies georden om 'n behoorlike indruk van sterfgevalle onder burgerlikes tydens die Anglo-Boereoorlog te kry.

Hoofstuk 3

Redes vir die instelling van die konsentrasiekampe

Wat was die redes wat aanleiding gegee het tot die totstandkoming van die konsentrasiekampe? In dié hoofstuk sal gepoog word om hierdie vraag te beantwoord deur op van die aanvanklike ‘refugee’-kampe en die nagevolge van die beleid van verskroeiende aarde kennis te neem. Terselfdertyd word die lotgevalle van die swart vrou en kind ook in oënskou geneem. Uittreksels uit die databasis word voorgelê om die hele proses van gevangeneering en die noodlottige gevolge daarvan te illustreer. Verder word die verskuiwing van kampbewoners, sowel as die massaverskuiwing onder swart mense na die spoorlyne na georganiseerde swart kampe, bespreek.

3.1 Verskroeiende aarde-beleid

’n Nuwe soort stryd het gedurende September 1900 begin: ’n bewegingsoorlog deur die Boere, terwyl die Britte die aarde skroei.⁵⁹ Die ‘laaste gentleman’s war’ was iets van die verlede. Van nou af word dit ’n totale oorlog – teen land en vrou en kind. Die huise van veggende burgers is afgebrand om hulle ’n les te

⁵⁹ F. Pretorius (red.), “Die Anglo-Boereoorlog: ’n oorsig” in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p. 23.

leer; diere is uitgewis en voorrade verwoes sodat die Boerekommando's dit nie kon gebruik nie.⁶⁰ Van die ruwe metodes wat met die verskroeiende aarde-beleid toegepas is, bestaan daar genoeg beskrywings.⁶¹ Siekte, liggaamlike gebreke, of ouderdom, is dikwels nie in ag geneem nie.⁶² Wanneer die soldate die plase afgebrand het, het hulle alles verbrand, babaklere, beddegoed, klere, meel, saad, gereedskap – alles.⁶³ Die verskroeiende aarde-beleid sou uiteindelik tot 'n grootskaalse vernietiging van boereplase en die sterfte van 'n substansiële gedeelte van die burgerlike bevolking aanleiding gee.⁶⁴

3.1.1 Die ontstaan en implementering van die beleid

Met die uitbreek van die oorlog het die meeste Boerevroue op die plase agtergebly om saam met hul kinders die boerdery te behartig. Ander het die plase verlaat en na die dorpe getrek weens die tekort aan voedsel en klere, of uit vrees vir naburige swart stamme. Solank die Britse magte op die grense van die Republieke gestuit is, het die Boerevroue 'n belangrike ondersteunende rol ten opsigte van hul mans op kommando gespeel.⁶⁵

Met die voortdurende aanvalle op die spoor- en telegraafverbindinge, veral in die Vrystaat, het Lord Frederick Roberts, opperbevelvoerder van die Britse troepe, op 16 Julie 1900 daartoe oorgegaan om die plaashuise in die

60 C.J. Scheepers Strydom, *Die Afrikaner en sy kultuur: deel II – Spieëlbeeld oorlog 1899-1902*, p. 4.

61 Kyk M.A. Gronum, *Die Engelse oorlog 1899-1902: die gevegsmetodes waarmee die Boere-republieke verower is*, p. 77; F. Pretorius, *Verskroeiende aarde*, p. 29; F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 328.

62 F. Pretorius, *Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, p. 57.

63 J. Barbary, *The Boer War*, p. 130.

64 E. Lee, *A photographic history of the Boer War 1899-1902, to the bitter end*, p. 162.

65 F. Pretorius (red.), "Die lot van die Boerevrou en-kindere" in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p. 37.

onmiddellike omgewing van voorvalle van sabotasie te laat afbrand. In September 1900 het hy hierop uitgebrei deur te beveel dat alle voedselvoorrade binne 'n 16-kilometer radius gekonfiskeer of verwoes moes word. Gevolglik is 'n gebied van bykans 550 km² gestroop.⁶⁶ Duisende vroue en kinders is onder dwang van hul huise weggeneem. Hulle het min tyd, en in sommige gevalle geen tyd, gehad om van hul besittings te red voor die huis afgebrand is.⁶⁷ Na ramings is soveel as 30 000 huise gedurende die oorlog verwoes.⁶⁸ Min huise het ongeskonde gebly. Onder hierdie omstandighede moes daar eenvoudig 'n heenkome vir die groeiende getal hawelose vroue en kinders gevind word.⁶⁹ So het die konsentrasiekampstelsel in gebruik gekom.⁷⁰

Ná meer as vyf maande van die afbrand van plase het St. John Brodrick, die nuutaangestelde Britse minister van oorlog, die praktyk bevraagteken. Ofskoon dit aanvaarbaar was dat stappe gedoen word teen mense wat aandadig was in dade van terreur en vernietiging, is vrae gestel oor die menslikheid van die handeling. Roberts het te kenne gegee dat hy nie bereid sou wees om strafmaatreëls te verminder vir enige skade wat aan spoor- en telegraaflyne aangerig was nie. Daarsonder sou die oorlog heel moontlik nooit beëindig word nie.⁷¹

Klousule 1 en 2 van die proklamasie, uitgereik op 19 Junie 1900, het gestipuleer dat inwoners verantwoordelik gehou sou word vir die vergoeding

66 F. Pretorius (red.), "Die lot van die Boerevrou en-kindere" in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p. 39.

67 F. Jacobs, *Suffering of War. A photographic portrayal of the suffering in the Anglo-Boer War emphasising the universal elements of all wars*, p. 17.

68 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 124.

69 F. Pretorius (red.), "Die lot van die Boerevrou en-kindere" in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p. 40.

70 F. Pretorius (red.), "Die lot van die Boerevrou en-kindere" in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p. 41.

71 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 117.

vir skade wat deur die Boeremagte in enige distrik aangerig is. Daarbenewens sou 'n boete van sowat 2/6d per morg opgeëis word van enige mense wat grond besit of bewoon in die omgewing van terreine van terreurdade.⁷² Die grootskaalse vernietiging van eiendom in die twee republieke was 'n doelbewuste poging deur die Britse magte om die oorlog tot 'n spoedige einde te bring.⁷³ Maar die vernietiging van voedselvoorrade, ten einde die kommando's te verhonger, was nie 'n maklike taak nie. Die afneem van Britse voedselkonvoie deur die kommando's het voedsel en dus oorlewing in die veld moontlik gemaak. Namate die Boere se voedselvoorrade uitgeput was, het hulle hul tot die omliggende swart stamme gewend.⁷⁴ Volgens 'n amptelike opsomming is 634 geboue deur Britse magte in die Oranjerivierkolonie en Transvaal gedurende Junie 1900 en Januarie 1901 vernietig.⁷⁵

Die inligting is egter onvolledig. Dit wil voorkom asof daar gedurende die tydperk voor Junie 1900 geen geboue afgebrand is nie. Joseph Chamberlain, die Minister van Kolonies, het in antwoord op Milner se uitspraak oor die Boere se versoek in Oktober 1902 die volgende uitlating gemaak:

*(A) very large number of houses in both colonies have no doubt been destroyed or seriously damaged. Total of both classes may amount to as much as 30 000.*⁷⁶

Roberts en Kitchener het nooit 'n opname laat doen van die getal wonings wat verwoes is nie.⁷⁷ In die beroep van generaal Botha, de Wet en De la Rey op die 'beskaafde wêreld', tydens hulle reis in Europa na die oorlog, het hulle ook die verwoesting wat die Britse magte aangerig het, geskat op minstens 30 000

72 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 117.

73 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 117.

74 L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa 1899-1902*, p. 254.

75 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p.122.

76 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p.124.

77 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 32.

huise of plase. Daarbenewens het die verwoesting ook 'n groot aantal dorpe geraak.⁷⁸

Nadat generaal-majoor Bruce Hamilton huise op 1 November 1900 in die Ventersburgse omgewing afgebrand het, stuur hy 'n kennisgewing waarin die volgende vervat is:

Ventersburg is van alle lewensmiddele ontnem en gedeeltelik afgebrand, die plase in die nabye omgewing is almal vernietig, as gevolg van voortdurende aanvalle op die spoorlyn in die omgewing. Die Boerevroue en kinders wat agtergelaat is, moet hul op die kommando's beroep vir voedsel, anders sal hul verseker van honger sterf. Geen voedselvoorrade sal van die spoorlyn na die dorp gestuur word nie. (Vertaal uit die Engels.)⁷⁹

Roberts was dus genoodsaak om aan die behoeftes van die groeiende aantal vlugteling onder sy beheer te voldoen. Verder was dit noodsaaklik om, in die res van die landstreke wat onder Britse beheer was, voorsiening te maak vir die vinnig groeiende aantal burgerlikes wat haweloos en sonder enige middele deur Roberts se verskroeiende aarde-beleid gelaat is.⁸⁰ Die afbrand van dorpe het gedurende Roberts se tydperk begin en is ook verder voortgesit. Die volgende dorpe is feitlik tot die grond vernietig: Wolmaransstad, Bloemhof, Schweizer-Reneke, Hartebeestfontein, Bethal, Ermelo, Carolina, Amersfoort, Amsterdam, Roosenekal, Piet Retief, Greysdorp en Paulpietersburg onderskeidelik in Transvaal en Reitz, Parys en Lindley in die Oranjerivierkolonie. Lichtenburg,

78 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe gedurende die Anglo-boereoorlog 1899-1902*, (ongepub. D.Lit.-proefskrif, UP, 1948), p. 102.

79 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p.129.

80 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p.153.

Lydenburg (albei in Transvaal) en Vrede (in die Vrystaat) is gedeeltelik vernietig.⁸¹

3.2 Redes vir die instelling van die konsentrasiekampe deur Kitchener

Lord Viscount Kitchener se strategie om die oorlog te beëindig was drievoudig. Die eerste strategie was die voortsetting van Roberts se verskroeiende aardebeleid: die stelselmatige vernietiging waar dorpe en opstalle afgebrand/erg verniel is, die vernietiging van voedselvoorrade, waar enorme getalle lewende hawe doodgemaak is en ook koring en mielielande aan die brand gestee is. Tweedens is die strategie van die konsentrasiekampstelsel uitgebrei, namate meer burgerlikes hoofsaaklik vroue en kinders na die kampe gestuur is.⁸² Derdens is die strategie van dryfjagte gebruik. So 'n dryfjag het meestal uit 'n aantal kolonnes bestaan wat gekoördineer is om met mekaar saam te werk. Die doel daarvan was om die Boere voor hulle uit te dryf en teen 'n blokhuislinie of 'n internasionale grens vas te druk.⁸³

Kitchener het gemeen dat indien die Boerevroue en hul kinders eers in kampe byeengebring is, die burgers op kommando nie meer op die plase voedsel sou kon kry nie en bowendien dan die wapen sou neerlê om met hulle gesinne verenig te word.⁸⁴ Gewoonlik kon die vroue en kinders die minimum voedsel, klere en beddegoed saamneem. Hulle is meestal in oop waens of trokke vervoer en moes soms selfs te voet lang afstande aflê.

81 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p.190.

82 F. Pretorius (red.), "Die Anglo-Boereoorlog : 'n oorsig" in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, pp. 28-29.

83 L. Scholtz, *Waarom die Boere die oorlog verloor het*, pp. 156-157.

84 F. Pretorius (red.), "Die lot van die Boerevroue en-kinders" in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p. 44.

3.2.1 Aanvanklike 'refugee' (vlugtelingkampe)

Reeds in Julie 1900 het 'n kamp vir daklose vroue en kinders naby Mafeking ontstaan.⁸⁵ Op gesag van 'n verslag van die Britse *Concentration Camps Commission* moet Augustus 1900 as die stigtingsmaand van die eerste kamp te Pietermaritzburg, wat as 'n *Boer Refugee Camp* of 'n *Camp for Refugees and Undesirables*, aanvaar word. Dit word bevestig deur die oudste registerinskrywing van 15/08/1900.⁸⁶ Op die betrokke dag het 'n sekere F.R. Cloete (57), sy vrou en ses kinders, afkomstig van Kopje Alleen, distrik Standerton, in die Kamp aangekom.⁸⁷ Hulle huis was verwoes omdat, volgens die bybehorende aantekening, dinamiet op die plaas gevind is. In 'n ander register is die oudste gedateerde inskrywing van mev. H. Bruwer van Vrede.⁸⁸ Sy en haar drie dogters (onderskeidelik van agt-, 12- en 18-jarige ouderdom) is, ter wille van beskerming in die kamp te Pietermaritzburg opgeneem. In laasgenoemde register, wat begin met ongedateerde inskrywings aangaande 53 aangehoudenes, onder wie agt mans, wat grotendeels uit die omgewing van Volksrust afkomstig was, is die volgende redes vir internering genoem:

Eiendom verwoes nadat dinamiet op die plaas gevind is;
Man op kommando;
Die onveiligheid van die plaas; en
Op patrollie geskiet.

85 F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 327.

86 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel II, Hoofstuk 15*, p. 1.

87 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel II, Hoofstuk 15*, p. 1.

88 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel II, Hoofstuk 15*, p. 2.

Slegs in 'n paar gevalle is beskerming as 'n rede vir aanhouding en die stuur na die kamp genoem.⁸⁹ Op 9 September 1900 het generaal-majoor W.F. Kelly goedkeuring van lord Roberts gevra om beskermingskampe vir wapenneerlêers te Bloemfontein en Kroonstad op te rig. Ná September 1900 het die aantal wapenneerlêers, wat beskerming by die Britse owerhede gesoek het, begin toeneem.⁹⁰ Kampinwoners in die betrokke kampe sou nie as krygsgevangenes beskou word nie, maar was wel verplig om Britse tug en sanitêre voorskrifte na te kom. Lord Roberts het die voorstelle aanvaar. Dit het gelei tot die stigting van 'camps for burghers' soos gepubliseer in die *Government Gazette*, Goewermentskennisgewing nommer 111 van 1900. Op 22 September 1900 het die Bloemfontein 'refugee'-kamp amptelik tot stand gekom. Op 3 November 1900 het die Pretoriase kamp (noord van Pretoria, ruskamp) tot stand gekom.⁹¹

Dit word soms aangevoer dat die konsentrasiekampe 'n voortsetting was van die 'refugee'-kampe wat reeds in Augustus 1900 begin het.⁹² Die ontstaan van die kamp te Pietermaritzburg was 'n uitvloeisel van die Britse beleid om van vyandiggesinde burgers in Transvaal en die Vrystaat ontslae te raak. Verder is daar, soos die hoëkommissaris dit in 'n ander verband gestel het, sekere mense op grond van vae bewerings in die kamp opgesluit omdat hulle as *ongewens* in hulle eie omgewing beskou is. Gedurende die eerste maande van sy bestaan het

89 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel II, Hoofstuk 15, p. 2.

90 E. Lee, *A photographic history of the Boer War 1899-1902, to the bitter end*, p. 162.

91 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel II, Hoofstuk 14, p. 22.

92 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 108.

die kamp te Pietermaritzburg slegs 'n onbeduidende groepie mense gehuisves wat vrywillige wapenneerlêers en eedaflêers was.⁹³

In generaal-majoor W.F. Kelly se vertroulike memorandum van 21 Desember 1900 is Kitchener se beleid uitvoerig uiteengesit. In hierdie memorandum het Kitchener die begeerte uitgespreek om alle moontlike middele aan te wend om die Boere guerrillamagte se aanvalle te beëindig. Volgens hulle was dit die doeltreffendste metode om die weerstand van die guerrillavegters te beperk omdat dislojale persone wat op plase agtergebly het, die vegtende burgers vrygewig van voorrade voorsien het. Die veiligheid van vrouens is verder beklemtoon en beskerming teen moontlike molesting van swartes sou in die kampe verhoed kon word. In verband met voedselvoorsiening moes die vrouens en kinders naby spoorlyne in kampe gehuisves en as volg ingedeel word: a) vlugtelinge en gesinne van neutrale persone (persone wat nie aan die oorlog in 'n militêre hoedanigheid deelneem nie en burgers wat vrywillig oorgegee het); en b) die vrouens wie se eggenote, vaders of seuns op kommando was.⁹⁴

Ná die val van Bloemfontein en Pretoria, het baie persone, onder die invloed van Roberts se proklamasies, tou opgegooi, en skuiling by die Britse owerheid gaan soek. Die Boerekommando's was nog steeds die baas en wanneer hulle op so 'n 'hendsopper' of verraaier afgekom het, het hulle hom soms met geweld teruggedwing.⁹⁵

Vir die Britse bevelstruktuur was daar toe net een uitweg. Hulle moes die betrokke persone en hul families wat om beskerming gevra het, vervoer na

93 J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel II, Hoofstuk 15, p. 4.

94 J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel II, Hoofstuk 15, p. 30.

95 J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel II, Hoofstuk 15, p. 30.

dorpe of ander sentrale punte onder Britse beheer, en daar van die nodige beskerming en onderhoud voorsien. Die mans, vroue en kinders wat op hierdie wyse onder Britse beskerming gekom het, is algemeen as 'refugees' bestempel, 'n naam wat heeltemal toelaatbaar was omdat sodanige persone uit vrye wil, en op eie inisiatief grotendeels, na die beskermingsoorde verhuis het.⁹⁶ Baie van hierdie 'refugees' het selfs 'n klompie skape of beeste saamgeneem na die beskermingsoorde of 'laagers' en dié is dan in die omgewing naby die kampe opgepas.⁹⁷

Wel is daar, blykens die vroegste inskrywings in die register van die 'Refugee'-kamp te Pietermaritzburg, ook 'n aantal families aangehou omdat hulle 'anti-British' was of omdat dinamiet op hul plase gevind is. Hulle is na die kampe gestuur, blykbaar om in veilige bewaring aangehou te word ten einde te voorkom dat hulle kwaad doen. In weerwil hiervan kan die kampe wat daar teen Augustus 1900 opgerig was, tog as 'Refugee'-kampe beskryf word, spesifiek vir die beskerming van die 'hendsopper' en verraaiersfamilies.⁹⁸

Die Boere se benarde posisie is bowendien vererger deur die toenemende rol wat swartes ten gunste van die Britte gespeel het.⁹⁹ Kitchener het meer as 10 153 swartes bewapen. Dit was een van die redes waarom die Boere vroue en kinders besorg was oor hul veiligheid alleen op die plase. Kitchener het van die swartes en kleurlinge gebruik as spioene, verkenner en gidse, juis omdat hulle goed met die omgewing vertrou was. 'n Verdere 15 000 is gebruik om die blokhuse te bewaak. Baie van hulle is in diens geneem om die Boerehuse te vernietig.¹⁰⁰ Tot soveel as 30 000 swartes en kleurlinge het as bewapendes teen

96 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 43.

97 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 44.

98 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 44.

99 L. Scholtz, *Waarom die Boere die oorlog verloor het*, p. 194.

100 J.J. Peacock, *The heel of the British boot: The deeper meaning of the second Anglo-Boer War*, p.26.

die einde van die oorlog die Britse leër van bystand voorsien.¹⁰¹ Hulle is op die Boere en veral die hulpelose Boeregesinne wat op die veld alleen of in laers rondgevlug het, losgelaat.¹⁰²

Teen middel 1900 was Roberts verplig om wapenneerlêers teen heropkommandering deur die Boeremagte te beskerm. Gevolglik is kampe in September 1900 in Bloemfontein en Pretoria opgerig. Daar was terselfdertyd hawelose Boerevroue met hul kinders, en grysaards in die kampe wat hulself nie vrywillig onder Britse beskerming geplaas het nie. Hulle was die sogenaamde ‘ongewenstes’. Spoedig het hulle die ‘refugees’ ver in getalle oortref. Daar kan dus nie so maklik van ‘refugee camps’ gepraat word nie, maar eerder van konsentrasiekampe. Ander kampe wat voor die einde van 1900 ontstaan het, was Potchefstroom, Irene, Heidelberg, Heilbron, Kroonstad, Norvalspont, Pietermaritzburg en Port Elizabeth.¹⁰³

In ooreenstemming hiermee is, sedert September 1900, families van vegtende burgers krygsgevangene geneem en na verskillende kampe, sommige waarvan tot op daardie tydstip as ‘refugee’-kampe bestaan het, gestuur. Daarmee het die ‘Refugee’-kampe wat gedurende die vorige maand opgerig is, hul karakter verloor aangesien die bewoners nie meer net ‘refugees’ was nie, maar geïnterneerdes (persone wat onder dwang daarheen geneem is). Die wyse waarop die families gevangene geneem en na die kampe aangekarwei is, weerlê ten oorfloed die bewering waarmee Britse staatsmanne die stigting van die kampe voor die wêreld probeer regverdig het, naamlik dat hierdie kampe inderdaad ontstaan het, as gevolg van ’n begeerte wat daar by die Britse

101 D. Judd, *The Boer War*, p. 85.

102 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 45.

103 F. Pretorius (red.), “Die lot van die Boerevroue en-kinders” in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p. 41

instansies ontstaan het, om die daklose nie-vegtende Boerefamilies te beskerm.¹⁰⁴

Die burgers wat wel gevang is en hulle dan vrywilliglik aan die Britse owerheid oorgegee het, is as krygsgevangenes in die 'rest camp' te Pretoria gehuisves.¹⁰⁵

Die praktyk van 'refugee camps' vir 'hendsopper' en 'joiners' het 'n onmiddellike aanknopingspunt vir die Britse militêre beleid gegee.¹⁰⁶ Daar is aanvanklik slegs vlugtelingkampe vir die huisvesting van hendsoppers en neutrales gestig. Dit was die begin van die later bekende konsentrasiekampe. 'n Militêre bevel uitgereik op 22 September 1900 verwys na die ontstaan van die vlugtelingkampe te Bloemfontein en Pretoria.¹⁰⁷ Maar die aanvanklike Britse intensies sou drasties verander met die spoed waarmee die verskroeiende aardebeleid dieselfde jaar begin het. Stelselmatig is die gevegsgronde van burgerlikes skoongegee. Van plaas na plaas is die nie-vegtendes na konsentrasiekampe gestuur.¹⁰⁸ Afbrand van plase het 'n nuwe probleem na vore gebring. Wat moes die Britse troepe doen met die vroue en kinders van wie se huise op die plase vernietig is? Waar moes hulle 'n heenkome vind? Vir humanitêre redes kon hulle nie in die veld agtergelaat word nie, nie uitgelewer aan die genade van die natuur en die rondloper swartes nie. Daarom is besluit om hulle in vlugtelingkampe te huisves, meestal in die Transvaal, Vrystaat, Natal en enkele kampe in die Kaapkolonie. Die benaming konsentrasiekampe is gegee vir die rede dat 'n groep van die burgerlike bevolking van die besette

104 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 42.

105 J.C. Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, (Magister Artium, UP, 1965), p. 94.

106 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902 deel II : Kampsmarte*, p. 8.

107 S.B. Spies, *Women and War in The South African War*, P. Warwick (red.), *The South African War, The Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 167.

108 L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa 1899-1902*, p. 252.

lande op bepaalde punte gekonsentreer is. Die kampe het ook ingesluit die families van die lojale Britse nie-vegtendes en die swartes wat op die vernietigde plase werksaam was.¹⁰⁹ Reeds in Oktober 1900, voor Kitchener se konsentrasiekampproklamasie van 21 Desember 1900, is honderde families teen hul sin, en dus nie as 'refugees' nie, na halsoorkop-gestigte kampe weggevoer.¹¹⁰

So vroeg as Mei 1900 het brigadier-generaal E.Y. Brabant voorgestel dat kampe vir beskerming vir wapenneerlêers opgerig moet word. September 1900 word aangedui as die totstandkoming van 'refugee camps'. Met Roberts se vertrek uit Suid-Afrika het nege sulke kampe reeds bestaan. Kitchener het in Desember 1900 die stelsel uitgebrei en opdrag gegee dat die inwoners van sekere distrikte wat deur die kommando's beheer is, na die kampe gestuur moes word.

Teen die einde van die oorlog was daar meer as 40 kampe vir blankes, insluitend drie kampe vir families van die 'National Scouts', ook bekend as 'hans kakies', Boere wat aan die kant van die Britte geveg het.¹¹¹

Die kampe het 'n inwonertal van ongeveer 116 000 gehad. Die meeste was gesentreer naby die spoorlyne in Transvaal, die Oranjerivierkolonie, Kaap en Natal.¹¹² Die volle omvang van die situasie, veroorsaak deur die beleid van ontvolking, was nou duidelik sigbaar. Die boere is aangemoedig eerder as ontmoedig. Verder was die las wat vlugtende vroue en kinders in die veld op

109 S.B. Spies, *Women and War in The South African War*, P. Warwick (red.), *The South African War, The Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 167.

110 M.A. Gronum, *Die Engelse oorlog 1899-1902, die gevegsmetodes waarmee die Boere-republieke verower is*, p. 35.

111 T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, p. 564.

112 S.B. Spies, *Women and War in The South African War*, P. Warwick (red.), *The South African War, The Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 169.

kommando's geplaas het, verlig en onder beheer van hul vyand se administrasie geplaas – met noodlottige gevolge.¹¹³

W.B. Worsfold voer aan dat dit weens humanitêre redes was dat die nie-vegtendes van die vernietigde plase verwyder is. Volgens hom het hulle nou die las van die kommando's verlig om na die vroue en kinders in die veld om te sien.¹¹⁴

Die nie-vegtendes is na kampe van bewaring geneem waar hulle van huisvesting en voedsel voorsien is. Daarmee saam noem hy dat die sterftesyfer in die kampe hoog was. Die kampbevolking het hoofsaaklik uit vroue en kinders bestaan met 'n klein aantal volwasse mans. Verder word genoem dat die vlugteling met hul aankoms in die kampe gehawend was, verswak en uitgehonger deur die ontberinge wat hul op pad na die konsentrasiekampe moes meemaak.¹¹⁵

Maar hierdie kampe is nie tot stand gebring of opgerig as doelbewuste plekke van lyding nie. Die konsentrasiekampe, volgens Kitchener, was slegs dorpe waar die huise slegs tente was. Boerevroue en kinders het onder Britse weermagkomberse geslaap en soortgelyke rantsoene geëet. Maar in Suid-Afrika is ook die Britse soldaat van swak rantsoene voorsien.¹¹⁶

113 L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa 1899-1902*, p. 252.

114 W.B. Worsfold, *Lord Milner's work in South Africa from its commencement in 1897 to the peace of Vereeniging in 1902*, p. 460.

115 W.B. Worsfold, *Lord Milner's work in South Africa from its commencement in 1897 to the peace of Vereeniging in 1902*, p. 461.

116 J. Barbary, *The Boer War*, p. 126.

3.2 Ontstaan van swart kampe

Aanvanklik het swartes nie deel uitgemaak van die 'white man's war' nie. Maar namate die verskroeiende aarde-beleid stelselmatig die voedselvoorrade vernietig het, is ook groot hoeveelhede swartes in konsentrasiekampe opgeneem.¹¹⁷ Gedurende die eerste ses maande van 1901 het 'n paar afsonderlike kampe vir swartes tot stand gekom. Die rede vir die totstandkoming van afsonderlike kampe was op grond van sanitêre oorweginge. Die samestelling van 'n swart kamp, direk langs 'n blanke kamp, sou die sanitêre omgewing aansienlik beïnvloed.¹¹⁸

3.2.1 Swart kampe onder beheer van die *Native Refugee Department*

Die beheer en administrasie van die swart kampe is op 15 Junie 1901 onder die *Native Refugee Department* geplaas.¹¹⁹ Vir die swart kampe om selfonderhoudend te wees, was dit belangrik om hulle uit dorpe soos Aliwal-Noord, Springfontein, Edenburg, Bloemfontein, Brandfort, Kroonstad, Heidelberg, Kimberley en Harrismith te verskuif. Nuwe kampe moes naby spoorlyne aangelê word omdat daar voldoende blokhuisse was om stroke grond 'n paar kilometer lank, weerskante van die spoor doeltreffend te beskerm. Op 12 Augustus 1901 het Kitchener die beleid van eie voedselverbouing deur swartes in kampe goedgekeur.¹²⁰

117 J.J. Peacock, *The heel of the British boot: The deeper meaning of the second Anglo-Boer War*, p. 25.

118 P. Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p.148.

119 J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel V, Hoofstuk 43, p. 15.

120 J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel V, Hoofstuk 43, p. 17.

Op 1 Augustus 1901 het kaptein G.J. De Lotbinière aanbeveel dat ongeveer 22 700 swartes na die spoorlyn kampe oorgeplaas moes word. Volledige gesinne met hul basiese besittings en vee is verskuif. In die nuwe kampe kon hulle hul eie lewensmiddele verbou en in die kleiner kampe was inwoners minder blootgestel aan morele en fisiese aftakeling. Die selfvoorsiende kampe sou 'n groot besparing vir die Britse skatkis meebring.¹²¹ Namate die militêre ontvolkingsbeleid in omvang en intensiteit toegeneem het, het die getal swartes in die kampe toegeneem.

Die totale swart bevolking onder beheer van die *Native Refugee Department* was as volg:¹²²

Tabel 3.1: Swart bevolking onder beheer van die *Native Refugee Department*.

	Transvaal	OVS en Kaapkolonie	Totaal
Junie 1901	11 570	20 790	32 360
September 1901	28 491	36 482	64 973
Desember 1901	43 430	45 987	89 417
Maart 1902	52 606	48 696	101 302
Junie 1902	55 910	59 964	115 874
September 1902	11 498	38 549	50 047

Die grootste aantal swartmense in konsentrasiekampe was gedurende Junie 1902 toe daar 'n totaal van 115 874 inwoners was.

3.2.2 Swartes, 'n bron van arbeid vir die Britse owerhede

Meeste van die aandag in Brittanje en die res van die wêreld was gefokus op die blanke kampe, hoewel daar ook afsonderlike kampe vir swartes bestaan het. Aanvanklik was dit arbeiders wat op plase gewerk het wat moontlik die boere

121 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel V, Hoofstuk 43, p. 19.*

122 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel V, Hoofstuk 43, p. 26.*

op kommando van voedselvoorrade kon voorsien, wat na die kampe gestuur is. Later is egter besluit om die swartes, in die besonder die mans, vir arbeid op vele terreine vir bystand aan die Britse magte te gebruik. In Transvaalse kampe het die kampbewoners aanvanklik geen rantsoene ontvang nie. Hulle moes self alles aankoop met die geld wat hulle as arbeiders verdien het. Later is wetgewing aanvaar wat voorsiening gemaak het vir dié gesinne wat nie 'n broodwinner gehad het nie.¹²³

Die grootste aantal sterftes onder swartes in konsentrasiekampe was gedurende Desember 1901. Altesaam 14 000 swartes, hoofsaaklik kinders, is in die konsentrasiekampe oorlede. Maar hoewel daar statistieke van die sterftes in die kampe aangeteken is, is dit onvollediger as in die geval van die blanke kampe.¹²⁴ Die Departement van Naturellevlugtelinge het in die 17 maande van die konsentrasiekampe se bestaan 15 423 sterftes aangeteken.¹²⁵

Nieteenstaande afsonderlike kampe was daar wel swartes in blanke konsentrasiekampe wat as bediendes die tente met blanke gesinne gedeel het.¹²⁶ Uit die superintendent van 'vlugtelinge' van die Oranjerivier Kolonie se verslag vir die Oranjerivierkampe word melding gemaak van 590 swart volwassenes en 596 swart kinders wat deel uitgemaak het van die kampbewoners van die Oranjerivier kamp.¹²⁷

Soveel as 160 000 swartes is teen die einde van die oorlog in altesaam 64 konsentrasiekampe aangehou, waarvan 24 in die Oranjerivierkolonie, vier in

123 P. Trew, *The Boer War Generals*, p. 113.

124 S.B. Spies, *Women and War in The South African War*, P. Warwick (red.), *The South African War, The Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 173.

125 S.V. Kessler, "Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge" in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p. 143.

126 S. B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 208.

127 R. Wiid en W. West, *Die Oranjerivierkampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 120.

die Kaapkolonie en 36 in die Transvaal geleë was.¹²⁸ Swartes is van die plase verwyder om plaaswerk en produksie finaal lam te lê. Teen die einde van 1901 was daar drie *Native Labour Depots* in onderskeidelik De Aar, Bloemfontein en Johannesburg. Daar is swart werkers vir alle afdelings van die Britse militêre organisasie gewerf. Volgens Amery is hierdie swartes vir konstruksiewerk aan spoorlyne asook die laai en aflaaï van treintrokke gebruik. Teen die einde van 1900 was daar meer as 4500 swartes by die Johannesburgse depot geregistreer.¹²⁹ Na raming was tot 10 000 swartes reeds teen die einde van 1900 bewapen en het hulle diens gedoen as onder meer boodskappers, drywers, konvooi- en blokhuisbewakers.¹³⁰

Die ligging van sommige van die swart kampe is tot op hede nog nie bekend nie. Ons weet wel dat die meeste van die swart kampe naby reedsbestaande blanke kampe en later langs die spoorlyne geleë was.¹³¹ Die Nederduits Gereformeerde kerk het direk ná die afloop van die oorlog onderneem om 'n lys saam te stel van die lewensverlies gelei deur die blankes in die kampe. Ondanks die feit dat hulle regstreeks by gekleurde sendingtasies betrokke was, is niks gedoen om swart sterftes tydens die Anglo-Boereoorlog in ooreenstemming met dié van blanke kerklidmate saam te stel nie. Net so het ook geen Engelssprekende geloofsliggaam die belange van swartmense op die hart gedra nie.¹³²

128 D.Hall, *The Hall handbook of the Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 222.

129 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel V, Hoofstuk 43, p. 2.

130 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel V, Hoofstuk 43, p. 4.

131 O. Coetzer, *Fire in the sky, the destruction of the Orange Free State, 1899-1902*, p. 309.

132 N. Devitt, *The concentration camps in South Africa during the Anglo-Boer War of 1899-1902*, p. 21.

Daar is, vir die doeleindes van hierdie studie, gepoog om ook inligting in verband met swart sterftes in te samel.

S.V. Kessler het die belangrikheid van konsentrasiekampslagoffers, in die besonder hoe min inligting daar eintlik oor spesifiek swart konsentrasiekampe en slagoffers bestaan, onder die soeklig geplaas.¹³³ Die doel van sy studie was om te bepaal hoeveel mense, ongeag kleur of ras, dood is in die konsentrasiekampe. Hy voer aan dat tot soveel as 18 003 sterftes van swart vroue en kinders in swart en blanke konsentrasiekampe voorgekom het.¹³⁴ Die toestande binne konsentrasiekampe was nie na wense nie en daarom is dit belangrik om kennis daarvan te neem dat slagoffers, ongeag kleur of ras, almal aan dieselfde oorsake oorlede is. Die mense het onder dieselfde omstandighede in groot konsentrasies bymekaar gewoon. Algemene probleme wat ondervind is, was: swak voeding, onvoldoende sanitasie en gebrek aan skoon water.

3.3 Enkele vertelling van die lyding en ontberinge wat vroue en kinders onderweg na en in die konsentrasiekampe ervaar het

Sterftes op pad na die konsentrasiekampe was nie ongewoon nie. Die vroue en kinders is, soms dag en nag, soms tot 72 uur ononderbroke, sonder enige sanitasie op hul reis na die onderskeie kampe gedwing.¹³⁵ Tydens die reis na die konsentrasiekamp was oud en jonk dikwels vir 'n paar dae aan die wind en weer blootgestel. As gevolg van ongunstige weersomstandighede het hulle

133 J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel II, Hoofstuk 15, p. 1.

134 J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel II, Hoofstuk 15, p. 1.

135 J.J. Peacock, *The heel of the British boot: The deeper meaning of the second Anglo-Boer War*, p. 16.

gesondheid reeds vroeg 'n knou gekry. Gevolglik het die meeste mense dan verwaarloos, uitgehonger en siek in die konsentrasiekampe aangekom.¹³⁶

Mev. Anna Sophia du Toit (gebore Neethling), afkomstig van Klipkopjes Pretoria berig die volgende :

*(M)y arme moeder was waarlik siek van skok van die kanonskote, en my skoondogter wat toe in 'n gevaarlike toestand verkeer het, is vyf maande later aan stuiptrekkings oorlede, waarskynlik as gevolg van al die skrik en onsteltenis.*¹³⁷

Enkele voorbeelde van sterftes as gevolg van skrik of skok is in die databasis as volg ingesluit:

Datatabel 3.1: Sterftes as gevolg van skok.

JANSE VAN RENSBURG	Isabella Elisabetha	V	20	14/04/1901	Kafferkraal Rustenburg	Skok	Irene Kamp	SAEHA 7/6/3/7 (1)-(3) TA T1 27
BADENHORST	Anna Maria Louisa	V	72		Schurfberg Pretoria	Skrik	Kamp Onbekend – Schurfberg	TA T1 32

Neethling berig verder:

(I)ets wat ek nooit sal vergeet nie, hoe oud ek ook al mag word, is die dag toe die verpleegsters deur hulle agterlosigheid die hospitaaltent aan die brand laat raak het. Hulle het die aand uitgegaan en die kers sonder blaker op 'n stapel komberse laat brand. Die kers moes omgeval

136 J.J. Roodt, Die Port Elizabethse konsentrasiekamp 1899-1902, (ongep. M.A.-verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth, 1990), pp. 21-22.

137 E. Neethling, *Mag ons vergeet : konsentrasiekampverhale uit die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 34.

*het, en toe dit bemerk word, was die tent al amper heeltemal verbrand en al vier kindertjies wat daarin was, dood.*¹³⁸

Die volgende inskrywing met betrekking tot bogenoemde is in die databasis as volg opgeneem:

Datatabel 3.2: Sterftes as gevolg van nalatigheid (verbrand).

ROETS	Martha MD	V	9	18/09/1901		Verbrand (ongeluk)	Balmoral Kamp	SAEHA 7/6/3/8 TA T1 27
BOOYSEN	Adam Johannes	M	7	18/09/1901	Roosenekal Middelburg	Verbrand	Balmoral Kamp	SAEHA 7/6/3/8 TA T1 32 TA T1 25
SMIT	Jan Hendrik	M	5		Kortfontein Pretoria	Verbrand	Balmoral Kamp	TA T1 33

Mevrou J. Kriegler van Heidelberg het die volgende ervaringe in die oorlog meegemaak:

*(D)ie sterftesyfer het, veral in die Transvaalse kampe so hoog gestyg, dat dit die aandag getrek het, buite sowel as in ons land. Ondersoek is ingestel en daarop het die uittoeg na die Natalse kampe gevolg. Die mense van Klerksdorp was in 'n baie treurige toestand, wat betref hulle klere sowel as hulle gesondheid. Veral die kinders het daar so uitgeteer en verhonger uitgesien; party was waarlik net geraamtes. Alre baie het aan 'n seer mond gely, wat hulle van die masels oorgehou het.*¹³⁹

Die volgende inskrywing rakende bogenoemde word in die databasis gevind:

Datatabel 3.3: Sterfgeval as gevolg van seer mond.

COETSEE	Casper	M	15	11-Dec-01	Potchefstroom distrik	Seer mond	Klerksdorp Kamp	TA T1 32
---------	--------	---	----	-----------	-----------------------	-----------	-----------------	----------

138 E. Neethling, *Mag ons vergeet : konsentrasiekampverhale uit die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 73.

139 E. Neethling, *Mag ons vergeet : konsentrasiekampverhale uit die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 100.

Bessie Schabort vertel haar sombere reiservarings wat sy tydens die Anglo-Boereoorlog na die onderskeie kampe meegemaak het. Sy en haar gesin is op hul plaas gevange geneem.

*(D)ie eerste aand het elke familie kwalik genoeg kos gekry vir een dag, die tweede dag niks, die derde dag 'n bietjie en die vierde dag het hulle Standerton bereik.*¹⁴⁰

Sy het op 17 November Standerton binnegekom. Na 'n wyle het sy haar vererg vir die tekort aan hout vir vuurmaak en is ter straf na die Merebankkamp gestuur. Hulle is eers in oop, warm en vuil kooltrokke na Volksrust geneem. Daarna is hulle in 'n derdeklas passasierstrein na Merebank vervoer. Sy noem dat van Standerton af die kindertjies se magies aaneen gewerk het. Op 13 Januarie 1902 het die Heer haar jongste dogtertjie weggeneem.¹⁴¹

Die inskrywing vir die betrokke sterfgeval is as volg in die databasis opgeneem:

Datatabel 3.4: Sterfgeval van wyle Isabella Schabort.

SCHABORT	Isabella	V	1	13-Jan-02	Glen Alphen Vrede	Merebank Kamp	SAEHA 7/6/2/2(1)
----------	----------	---	---	-----------	-------------------	---------------	------------------

In Tant Miem Fischer se dagboek word telkemale na sterftes in die konsentrasiekampe verwys. Twee voorbeelde van relevante gegewens uit die databasis is nagegaan. Tant Miem maak vermelding van Sarah Wasserfall wat in die hospitaal by die Standertonkamp opgeneem is nadat sy die koors gekry het. Sy moes 'n maagpoeier neem wat die dokter aan haar gegee het, en kort

140 A.H. de Jager, *Mense en gebeure in die Noord-Oos Vrystaat tydens die Anglo-Boereoorlog*, pp. 54-56.

141 A.H. de Jager, *Mense en gebeure in die Noord-Oos Vrystaat tydens die Anglo-Boereoorlog*, pp. 54-56.

daarna is sy oorlede.¹⁴² Die ander geval is dié van Andries Bezuidenhout wat in Oktober 1901 weens koors in die Merebank kamp oorlede is.¹⁴³

Datatabel 3.5: Sterftes in ooreenstemming met *Tant Miem Fischer se kampdagboek*.

BEZUIDENHOUT	Andries M Martinus Johannes	6	19-Oct-01	Rietspruit Standerton/ Bethal	Siekte	Merebank Kamp	SAEHA 7/6/2/2(1) TA T1 32
WASSERFALL	Sarah M	V	20/07/1901		Ingewands- ontsteking	Standerton Kamp	TA T1 27

In *Vrouweverdriet*¹⁴⁴ word vertel van die vrou van A.P. Roodman en sy drie kinders van Tweelingpan (Lichtenburg distrik) wat na Mafeking se konsentrasiekamp gestuur is. Daar is sy eggenote en een kind oorlede.¹⁴⁵ Die sterfgeval is as volg in die databasis opgeneem:

Datatabel 3.6: Sterfte van baba van wyle A.P. Roodman, in *Vrouweverdriet*.

ROODMAN	Baba ongedoop van A.P. Roodman	0.25	19-Oct-01	Lichtenburg Distrik	Siekte	Mafeking Kamp	SAEHA 7/6/1/26 TA T1 34
---------	-----------------------------------	------	-----------	------------------------	--------	---------------	----------------------------

3.4. Verskuiwing van konsentrasiekamp inwoners

Die vroue en kinders is nie noodwendig ononderbroke in dieselfde konsentrasiekamp aangehou nie. Sommiges is herhaaldelik verskuif. In *Vrouweverdriet* vertel P.J. Van der Walt van haar eie ondervindinge wat sy

142 M.A. Coetzee, *Tant Miem Fischer se kampdagboek*, p. 26.

143 M.A. Coetzee, *Tant Miem Fischer se kampdagboek*, pp. 53-55.

144 P.J. van der Walt, *Vrouweverdriet – Herinneringe uit die konsentrasiekampe*, voorwoord.

145 P.J. van der Walt, *Vrouweverdriet – Herinneringe uit die konsentrasiekampe*, p. 7.

moes meemaak gedurende haar reis van Klerksdorp na Merebank.¹⁴⁶ Op 5 Desember 1900 is sy na Klerksdorp se konsentrasiekamp gestuur.¹⁴⁷ Ná 'n paar weke is sy en haar gesin opdrag gegee om na die Merebank-konsentrasiekamp in Natal te vertrek. Dit was 'n reis wat vier dae lank geduur het.¹⁴⁸ Haar jongste dogter, Annie, was reeds in die Klerksdorpse kamp siek.¹⁴⁹ Haar toestand het nie verbeter nie en sy is saam met die res van haar gesin na die Merebankkonsentrasiekamp in November 1901 gestuur.¹⁵⁰ Daar is haar dogter, Annie van der Walt, afkomstig van Uitschot Lichtenburg, dan ook oorlede.¹⁵¹

Die sterfgeval is as volg in die databasis opgeneem:

Datatabel 3.7: Sterfte van A.C.M. Van der Walt in *Vrouweverdriet*.

VAN DER WALT	Anna Catharina V	16	9-Feb-02	Lichtenburg	Koors	Merebank	SAEHA 7/6/2/2(1)
	Magdalena			distrik		Kamp	TA T1 34

Francina Claradina Gronum van die plaas Sendelingspos, distrik Marico, vertel dat sy en haar gesin vir nege maande in die Mafekingkonsentrasiekamp aangehou is, waarna hulle na Howickkonsentrasiekamp in Natal gestuur is. 'n Ietwat raar mededeling word gemaak deurdat sy en die ander kampbewoners op pad na Howick vir 'n tydperk van 14 dae vir kwarantyn op Germiston (Elandsfontein destyds) moes oorbly, waarna hulle die reis na Natal kon

-
- 146 P.J. van der Walt, *Vrouweverdriet – Herinneringe uit die konsentrasiekampe*, voorwoord.
- 147 P.J. van der Walt, *Vrouweverdriet – Herinneringe uit die konsentrasiekampe*, p. 13.
- 148 P.J. van der Walt, *Vrouweverdriet – Herinneringe uit die konsentrasiekampe*, p. 26.
- 149 P.J. van der Walt, *Vrouweverdriet – Herinneringe uit die konsentrasiekampe*, p. 26.
- 150 P.J. van der Walt, *Vrouweverdriet – Herinneringe uit die konsentrasiekampe*, p. 37.
- 151 P.J. van der Walt, *Vrouweverdriet – Herinneringe uit die konsentrasiekampe*, p. 5.

voortsit.¹⁵² Dit is 'n unieke vermelding van passasiers wat onder kwarantyn geplaas is, maar duidelik 'n voorkomende maatreël deur 'n besorgde amptenaar.

3.5 Vlughtende vroue en kinders

Namate die gerugte rondom die konsentrasiekampe versprei het, was daar die groepies vroue wat nog nie gevange geneem is nie, en gedurig voor die dryfjagte uitgevlug het.¹⁵³ Kontak met vroue in die veld het meestal voorgekom waar die Britse kolonnes moeilik deurgedring het as gevolg van die skuiling wat hierdie dele gebied het – veral in die bergagtige Oos-Vrystaat, dele van Wes-Transvaal, (soos Maricodistrik), en in Oos-Transvaal in die Ermelodistrik, maar veral die strook noord van Middelburg en Lydenburg tussen Mapochsgronden en Pelgrimsrus.¹⁵⁴ Mev. Martha Dreyer het berig hoe in die vlug nie slegs op vrouens deur die vyand geskiet is nie, maar ook op die osse wat die waens getrek het. Van die vrouens en kinders is deur die koeëls getref. In die gejaag is wonde verbind.¹⁵⁵

Enkele voorbeelde van kinders wat doodgeskiet is, word wel in die databasis gevind:

Datatabel 3.8: Sterftes van kinders wat doodgeskiet is.

BOTES	Aletta Maria Adriana	V	7	25/02/1902	Doodgeskiet	Potchefstroom Kamp	SAEHA 7/6/3/34 TA T1 25
BOTES	Altha Johanna	V	4	1900	Potchefstroom Doodgeskiet distrik?	Kamp Onbekend –	TA T1 32

152 G. du Plessis, *Laslapherinneringe aan die driejarige oorlog*, pp. 57-63.

153 A.W.G. Raath en R.M. Louw, *Vroueleed – Die lotgevalle van die vroue en kinders buite die konsentrasiekampe*, deel IV, p. 42.

154 F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 330.

155 A.W.G. Raath en R.M. Louw, *Vroueleed – Die lotgevalle van die vroue en kinders buite die konsentrasiekampe*, deel IV, p. 43.

PRINSLOO	Jan Christoffel (kind)	M	Mapochs Gronden	Doodgeskiet	Kamp Onbekend –TA T1 33 Mapochsgronden
----------	---------------------------	---	--------------------	-------------	---

Tydens die vredesamesprekings op 15 Mei 1902 het generaal Louis Botha melding gemaak van ongeveer 10 000 vrouens en kinders wat in Transvaal nog rondgeswerf het.¹⁵⁶ Die getal vroue en kinders in die veld in die Vrystaat, teen die einde van die oorlog, is onbekend. In totaal was daar ten tyde van die vredesluiting waarskynlik dus tussen 12 000 en 14 000 Boerevroue- en kinders nog in die veld.¹⁵⁷

Die onmenslike behandeling van 'n verswakte vrou van die distrik Bethlehem het dan ook tot haar vroegtydige dood aanleiding gegee. Mev. Elizabeth van der Merwe se huis is, 'n dag ná haar bevalling, aan die brand gestee. Sy is op 'n oop wa na Liebenbergvlei vervoer en daarna na die Heilbronkamp waar sy oorlede is. Die verklaring is onder eed deur Jan Christoffel Joubert gemaak.¹⁵⁸ Die volgende inskrywing met betrekking tot bogenoemde geval is as volg in die databasis opgeteken:

Datatabel 3.9: Sterfte as gevolg van onmenslike behandeling.

VAN DER MERWE	Elizabeth Magdalena	V	37	21-May-01	Lindley	Heilbron Kamp	TA T1 18
---------------	---------------------	---	----	-----------	---------	------------------	----------

156 A.W.G. Raath en R.M. Louw, *Vroueleed – Die lotgevalle van die vroue en kinders buite die konsentrasiekampe*, deel IV, p. 52.

157 F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 333.

158 A.W.G. Raath en R.M. Louw, *Vroueleed – Die lotgevalle van die vroue en kinders buite die konsentrasiekampe*, deel IV, p. 107.

Uit die bostaande uittreksel van die databasis blyk dit dus dat die vrouens en kinders baie ontberinge voor hul gevangening moes deurmaak. Dit het dikwels tot 'n voortydige dood gelei.

3.6 Gevolgtrekking

Dit is nou duidelik dat die totstandkoming van die konsentrasiekampe nie deeglik en met sorg vooraf beplan is nie. Aanvanklik is slegs voorsiening gemaak vir die wat Britse beskerming verlang het na aanleiding van die wat die wapen neergelê het. Die praktiese voorbeelde van sterftes wat as gevolg van die wegvoering en die verskuiwing van kampinwoners plaasgevind het is dus duidelik. Die uittreksels gee 'n beter perspektief op die praktiese implikasie wat die uitvoering van die verskroeiende aarde-beleid onder die burgerlikes hetsy blank of swart tot gevolg gehad het. Die kwessie van vluggende vroue en kinders wat nie onder die beheer van konsentrasiekampe wou wees nie en gevolglik gesterf het, word ook onder die soeklig gebring.

Hoofstuk 4

Kampindeling en sterftesyfers

In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die aantal kampe. 'n Getabuleerde samevatting van die onderskeie kampe, met die datum van bestaan bekend, asook die hoeveelheid sterftes wat daarin voorgekom het, word ter volledigheidshalwe ingesluit. Dit sluit die gegewens van blank sowel as swart kampe en sterftes in. Die inligting rakende swart kampe is baie beperk. Selfs die statistieke kan nie met dié van die blanke kampe vergelyk word nie. Dit is belangrik dat die leser sal kennis neem dat die betrokke studie rakende swart kampe beperk is, as gevolg van die beskikbaarheid van relevante bronne. Die beskikbare gegewens van die Transvaalse swart kampe word verder uitgelig. 'n Kort bespreking van die Port Elizabethkamp word ingesluit om toestande in 'n goed georganiseerde kamp, waar min sterftes voorgekom het, uit te lig.

4. Die kampe¹⁵⁹ en die sterftes¹⁶⁰

Tabel 4.1: Volledige lys van konsentrasiekampe en sterftes.

Konsentrasiekampe bekend	Datum van bestaan bekend	Sterftes
Aliwal-Noord	Januarie 1901-November 1902	778
Allemands-sylyn		
America-sylyn		
Balmoral (Witbank)	Julie 1901-Desember 1902	547
Bantjes		
Barberton	Februarie 1901-Desember 1902	274
Belfast	Februarie 1901-Desember 1902	311
Bethulie	April 1901-Januarie 1902	1745
Bezuidenhoutvallei		
Bloemfontein	Augustus 1900-Januarie 1903	2100
Bloemhof		4
Boksburg		9
Bosrand (Boschrand)		
Brakpan		
Brandfort	Januarie 1901-Maart 1903	1646
Bronkhorstspuit	1901	2
Brugspruit		1
Brussels ¹⁶¹		
Colenso	Januarie 1902-April 1902	6
De Jagersdrift	Mei 1901?	
Depot	30 November 1902 (gesluit)	
Depot vir dogters	31 Oktober 1902 (gesluit)	
Douglas	Okt 1901-?	
Driefontein	31 Augustus 1902 (gesluit)	10
Dry Harts		

159 Die lys van kamptname is saamgestel uit: D.Hall, *The Hall handbook of the Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 220; J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, pp. 55-56; J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel V, Hoofstuk 43, pp. 30-33; F. Pretorius, *Verskroeiende aarde*, p. 8; P. Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p. 154.

160 Die sterftesyfers is uit die genealogiese databasis saamgestel.

161 Die kamp word selgs deur J. Ploeger genoem. Kyk J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel V, Hoofstuk 43, pp. 32-33.

Edenburg	Des 1900-1901?	508
Eensgevonden		
Elandsfontein	Januarie 1901-Junie 1901	5
Elandshoek		4
Elandsrivier		
Ermelo		15
Eshowe	Oktober 1901-April 1902	3
Frederikstad		
Geneva		
Greylingstad		180
Groot Olifantsrivier		
Harrismith	November 1900-Mei 1902	175
Heidelberg	Januarie 1901-Desember 1902	559
Heilbron	Februarie 1901-Januarie 1903	1106
Holfontein		7
Honingspruit		1
Houtenbek		
Howick ¹⁶²	Januarie 1901-Oktober 1902	171
Irene	Desember 1900-Februarie 1903	1314
Isipingo (Durban)		6
Jacobs (siding)	Februarie 1902-Januarie 1903	57
Johannesburg (Turffontein)	Desember 1900-Oktober 1902	782
Kabusi (King William's Town)	Mei 1902-Desember 1902	3
Kimberley	Januarie 1901-Januarie 1903	665
Klerksdorp	Januarie 1901-Januarie 1903	1499
Klippoortje	Desember 1901-25 Oktober 1902	4
Kliprivier		2
Klipriviersberg		
Koekemoer		
Koppies (Kopjes)		
Kromellenboog ¹⁶³	Februarie 1901-Desember 1901	
Kroonstad	September 1900-Januarie 1903	1704

162 Die skryfster G. du Plessis maak vermelding dat die Howick konsentrasiekamp uit twee kampe bestaan naamlik; Howick-siding waar die mense van die treinspoor afgeklim het, en daar naby "dis nou wes van die ander kamp af, die hoofkamp waar dr. Hunter die kampoffisier was." G. du Plessis, *Laslapherinneringe aan die driejarige oorlog*, p. 64.

163 Volgens J.C. Otto was Kromellenboog slegs 'n deurgangskamp (moontlik hoekom geen sterfgevälle vir die kamp aangeteken is nie) J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, pp. 55-56.

Krugersdorp	Mei 1901-Desember 1902	1248
Ladybrand	April 1901-Junie 1902?	
Ladysmith	Februarie 1902-September 1902	18
Lydenburg (militêre pos)	?1900-?1902	15
Mafeking	Julie 1901-Desember 1902	1413
Matjiesfontein	Oktober 1901?	
Meintjeskop (Pretoria) ¹⁶⁴	Januarie 1902-Desember 1902	469
Merebank (Claremont/Durban)	September 1901-Desember 1902	604
Meyerton		1
Middelburg	Februarie 1901-Januarie 1903	2166
Modderrivier	Junie 1901?	
Mooirivier		2
Natalspruit		
Nauwpoort-Wes	22 September 1902 (gesluit)	3
Nelspruit		
Nigel en Floridakop ¹⁶⁵	Desember 1901-31 Augustus 1902	127
Norvalspont	Februarie 1901-Oktober 1902	461
Nylstroom	Mei 1901-Maart 1902	555
Olifantsfontein		
Oos-Londen (Stutterheim)	Maart 1902-Augustus 1902	12
Oranjerivierstasie (Oranjerivier/Hopetown)	April 1901-November 1902	238
Paardekop		
Pienaarspoort	24 Augustus 1902 (gesluit)	
Pietermaritzburg	Augustus 1900-Desember 1902	238
Pietersburg	Mei 1901-Januarie 1903?	964
Pinetown	April 1902-Augustus 1902	33
Platrand	1 Februarie 1901	
Port Elizabeth ¹⁶⁶	November 1900-November 1902	48
Potchefstroom	September 1900-Maart 1903	1293

164 N. Devitt, *The concentration camps in South Africa during the Anglo-Boer War of 1899-1902*, p. 24.

165 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel V, Hoofstuk 43, pp. 30-31. (Ploeger dui dit as 'n gesamentlike kamp aan, maar S. Kessler se gegewens dui dit as twee afsonderlike kampe aan met onderskeidelik nege sterftes in die Nigel kampe en 118 sterftes in die Florida Kop kamp.)

166 J.J. Roodt, *Die Port Elizabethse konsentrasiekamp 1899-1902*, (ongep. M.A.-verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth, 1990), pp. 49-50. Volgens Roodt het die Port Elizabethse kamp uit vier verskillende kampe in die Noordeinde-park bestaan. Behalwe vir die die Britse kampe was daar ook kampe vir Jode, Indiërs asook kleurlinge en nie-blankes.

Pretoria Ruskamp ¹⁶⁷	April 1901-?1902	
Reitz	Maart 1901-Mei 1901?	
Rietfontein-Wes		50
Rietspruit		7
Rhenoster	Desember 1900-September 1901	
Roodewal		4
Sandpan	Desember 1901-30 Augustus 1902	
Serfontein		
Setlagoli ¹⁶⁸	? – Augustus 1902	
Smaldeel		1
Springfontein	Februarie 1900-Januarie 1903	784
Springs		2
Standerton	Desember 1900-Januarie 1903	1173
Taaibosch		
Taungs		
Thaba 'Nchu		2
Uitenhage	April 1902-Oktober 1902	10
Van der Merwe-stasie		2
Vanderhovensdrift ¹⁶⁹		
Ventersburg-weg		
Vereeniging	September 1900-November 1902	341
Vetrivier		
Viljoensdrift (militêre pos)	Januarie 1901-Februarie 1901	
Virginia		
Volksrust	Februarie 1901- Januarie 1903	1157
Vredefortweg (Greenlands)	Februarie 1901-September 1902	606
Vryburg	Julie 1901-Desember 1902	286

167 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902 deel II : Kampsmarte*, pp. 283-284. Volgens Raath was die sogenaamde "Relief"-poste niks anders as blote noodlenigingsposte in van die groter dorpe waar rantsoene aan ontwortelde gesinne voorsien is. Hierdie poste was dus nie van dieselfde aard en formaat as 'n kamp met die tipiese probleme wat die konsentrasiekampe gebied het nie. Die kampe was onder meer in Pretoria, Boksburg, Utrecht, Vryheid, Watcrval, Zeerust, Viljoensdrift en Rhenoster.

168 Die kamp was volgens Devitt een van twee *National Scout* kampe. N. Devitt, *The concentration camps in South Africa during the Anglo-Boer War of 1899-1902*, p. 24.

169 J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel V, Hoofstuk 37, p. 8. Die kamp was slegs 'n tydelike kamp en die inwoners is na die noorde kant van Meintjeskop (Pretoria) oorgebring. Die res van die kampbewoners is na kampe in Natal en Irene oorgeplaas.

Vryheid	Julie 1901-?1902	23
Warrenton	Maart 1901-Julie 1902?	3
Waterval Bridge (Waterval Boven)	?-30 September 1902	28
Waterval-Noord (militêre pos)	Januarie 1901-Augustus 1901	
Welgelegen (Doornrivier)		4
Wentworth	Maart 190-September 1902	19
Wilgerivier		
Winburg (Vaalbank)	Januarie 1901-Januarie 1903?	637
Witkop		2
Wolwehoek		

Die meeste sterftes het in Transvaal en Vrystaat voorgekom. Die grootste aantal sterftes by die kus was in die Merebankse kamp, 'n totaal van 604. Die tweede meeste was in Pietermaritzburg, 238 sterftes. Klein getal sterftes vergeleke met dié in Transvaalse en Vrystaatse kampe het in die kusgebiede voorgekom. In Transvaal kan die volgende kampe met die grootste aantal sterftes uitgesonder word :

Irene	1314
Klerksdorp	1499
Krugersdorp	1248
Mafeking	1413
Middelburg	2166
Pietersburg	964
Potchefstroom	1293
Standerton	1173

Die totale sterftes in die kampe was 11 070. Dit was slegs die kampe waar die meeste sterftes voorgekom het en is dus nie die totaal van al die Transvaalse kampe nie.

In die Vrystaat was die kampe met die grootste aantal sterftes as volg :

Bethulie	1745
Bloemfontein	2100
Brandfort	1646
Heilbron	1106
Kroonstad	1704
Volksrust	1157

Die totale sterftes in die kampe was 9 458.

Die kampe waar die grootste hoeveelheid sterftes voorgekom het, was onderskeidelik Bloemfontein met 2100 en Middelburg met die grootste aantal aangetekende sterftes van 2166. Dit is dus duidelik dat die twee provinsies grootskaalse verliese gely het.

4.1 Gegewens van swart Tranvaalse kampe

Tabel 4.2: Sterfgevallen in swart Transvaalse kampe.¹⁷⁰

	Mans	Vrouens	Kinders	Totale sterftes	Totaal kampbewoners
Junie 1901					11 570
Julie 1901					14 759
Augustus 1901	13	13	119	145	22 795
September 1901	17	30	394	441	28 491
Oktober 1901	35	69	583	687	32 006
November 1901	39	83	834	956	39 323
Desember 1901	67	114	979	1 160	43 120
Januarie 1902	63	98	831	992	48 982
Februarie 1902	36	65	429	530	52 139
Maart 1902	23	66	328	417	52 606
April 1902	20	47	230	297	53 195
Mei 1902	25	53	212	290	55 696
Junie 1902	25	46	98	169	55 910
Julie 1902	31	30	80	141	48 815
Augustus 1902	15	17	23	55	22 805
September 1902	19	18	9	48	11 498
Oktober 1902	2	6	9	17	3 800
Totale sterftes	430	755	5 158	6 345	

Ongeveer 66 kampe vir swartes is tydens die oorlog opgerig. Na raming was daar ongeveer 115 700 kampinwoners. Dus was die swart burgerlikes

170 J. Ploeger, Die lotgevallen van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel V, Hoofstuk 43, p. 39.

blootgestel aan dieselfde trauma en ellende as die blankes en kon hulle ook nie die grootskaalse sterftes veral onder kinders in die kampe vryspring nie.¹⁷¹

4.1.1 Siekte, sterfte en bevolkingsaanwas in swart kampe

Nadat die oorplasing van die kampbevolking in die Oranjerivierkolonie na nuwe terreine in die veld in September 1901 afgehandel was, is berig dat die terugkeer na normale lewensomstandighede waaraan die swartes gewoon was, 'n gunstige uitwerking op die gesondheid van die kampbewoners gehad het. Die sterftesyfer het aanmerklik begin daal. Maar die langdurige ontberinge in die veld, gevolg deur ontoereikende voeding in kampe, gebrek aan medisyne en ongunstige klimaatsveranderinge het die sterftesyfer die hoogte laat inskiet.¹⁷²

Min aandag is aan die swart kampe en hul probleme gegee. Napier Davitt wat reeds in 1941 oor die konsentrasiekampe geskryf het, noem dat die Nederduits Gereformeerde kerkgenootskap meegewerk het in die saamstel van lyste van blanke lidmate. Daar was egter geen belangstelling in die saamstel van lyste van swart lidmate nie.¹⁷³

In 'n verslag oor die mediese kamptoestande in die swart konsentrasiekamp by Aliwal-Noord het dr. Luther Watson oor die hoë sterftesyfer gekla en die belangrikste siektes as redes vir sterfteoorsake gelys as: maag- en dermonsteking, brongitis, longontsteking, masels, bindvliesontsteking en buiktifus.¹⁷⁴

171 E. Pieters, *Not only a white man's war, Black and Indian involvement in the Anglo-Boer War*, p. 40.

172 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel V, Hoofstuk 43*, p. 37.

173 P. Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p. 145.

174 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel V, Hoofstuk 43*, p. 38.


4.2 Groot totaal opgetekende sterftes volgens die databasis¹⁷⁵

Tabel 4.3: Groot totaal van opgetekende sterfgevallen.

Groot totaal van opgetekende sterfgevallen	33 978
Lokaleiteit van sterfte bekend as Konsentrasiekamp	31 255
Lokaleiteit van sterfte onbekend, wel pleknaam aangedui	2 400
Lokaleiteit van sterfte onbekend	324

Die databasis sluit alle burgerlike slagoffers oftewel nie-vegterendes in. Dus beide swartes en blankes. Dit sluit ook die eedafleggers en wapenneerleggers en natuurlik ook die Britse 'uitlanders' en neutrals in.

Figuur 4.1: Konsentrasiekampe met meer as 1000 sterftes per kamp.



175 Die totale sterftes sluit swart sterftes ook in.

4.3 Hoeveelheid kampe

Feitlik elke bron wat na die onderskeie kampe verwys se aantal kampe vir blankes sowel as swart inwoners verskil. Pretorius gee die mees volledige lys van alle geraadpleegde bronne.¹⁷⁶ Tog is dié ook nie heeltemal volledig nie en is onder meer 'n alombekende kamp naamlik Johannesburg uitgesluit. Daar is 'n daadwerklike poging aangewend om so volledig moontlik te werk te gaan om aan die hand van beskikbare inligting alle kampe in een lys op te neem. Al die kampe het nie sterftes gehad nie, omdat die doel en aard van kampe regdeur Suid-Afrika van mekaar verskil het. Sommige kampe was slegs tydelik van aard en het nie noemenswaardige getalle inwoners gehad nie. Verder was van die kampe eintlik militêre kampe waar gevangenes net tydelik aangehou is voordat hulle hul reis na 'n eindbestemming sou voortsit. In vroeëre navorsing wat gedoen is, was die hoeveelheid kampe geraam op enigiets van 40 tot 60. J.C. Otto noem 'n totaal van 50 kampe.¹⁷⁷ Dit is so dat daar nie by elke kamp sterfgevallen aangeteken is nie.

4.4 Tydperk van bestaan

Die ontstaan van die kampe en hoe min spesifieke datums rakende die amptelike stigting van die kampe bekend is, is reeds in die getabuleerde samevatting uitgelig. Veral in die begin was daar nie rekord gehou van die administrasie van die kampe nie. Daar moet deurentyd in ag geneem word dat die boekhouding ook dikwels ondoeltreffend was. Dit is dus moontlik dat daar sterftes kon gewees het, maar, dié is eenvoudig nie aangeteken nie. Wat betref die totstandkoming van kampe is net sekere datums bekend.¹⁷⁸ In die meeste gevalle word die sluitingsdatum gegee.¹⁷⁹ Die kampe het teen so 'n verbysterende spoed tot stand gekom, dat deeglike beplanning vir noodsaaklike

176 F. Pretorius (red.), "Die Anglo-Boereoorlog : 'n oorsig", in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p.8.

177 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, pp. 55-56.

178 D.Hall, *The Hall handbook of the Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 220.

179 J. Ploeger, *Die lotgevallen van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel V, Hoofstuk 43, pp. 30-33.

behuising en voedselrantsoene meestal onvoldoende was. Nadat die administrasie van die kampe van die militêre na die siviele owerhede oorgeplaas is, kon toestande in die kampe behoorlik geadministreer word. Ongelukkig was dit vir die meerderheid te laat en het duisende nie-vegtendes reeds gesterf.

4.5 Port Elizabeth ‘Modelkamp’

Uit Emily Hobhouse se verklarings kan afgelei word dat Port Elizabeth se konsentrasiekamp ’n modelkamp was. Dié kamp het vanuit die staanspoor beter as meeste ander kampe uitgesien. Dit was van die begin af goed georganiseer en beter toegerus as ander. Dit was veral die geval voordat ’n proses van algehele kamphervormings plaasgevind het.¹⁸⁰

Ellendig soos dit in die begin was, het dié kamp later ’n soort “tentoonstellingskamp” geword, terwyl daar terselfdertyd ver in die noorde hartverskeurende smarte verduur is.¹⁸¹ Een van die redes waarom Port Elizabeth se konsentrasiekamp in vergelyking met ander konsentrasiekampe, so doeltreffend bestuur kon word, was omdat die inwonertal van hierdie kamp nooit baie hoog was nie.¹⁸² In die Port Elizabethse kamp was die getal persone omtrent 380 persone geaffekteer betreklik klein – honderde waar daar in die noorde duisende was.¹⁸³

Volgens J.C. Roodt was daar ’n totaal van 16 aangetekende sterfgevalle in die Port Elizabeth kamp.¹⁸⁴ Die inskrywings in die databasis bevat al die name soos deur J.C. Roodt genoem, maar sluit ook enkele addisionele sterftes in.

Die volledige lys is as volg :

180 J.J. Roodt., *Die Port Elizabethse konsentrasiekamp 1899-1902*, (ongep. M.A.-verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth, 1990), pp. 85-86.

181 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*, p. 101.

182 J.J. Roodt, *Die Port Elizabethse konsentrasiekamp 1899-1902*, (ongep. M.A.-verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth, 1990), p. 111.

183 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*, p. 99.

184 J.J. Roodt, *Die Port Elizabethse konsentrasiekamp 1899-1902*, (ongep. M.A.-verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth, 1990), p. 171.

Datatabel 4.1: Sterftes in die Port Elizabeth konsentrasiekamp.

BOTHA	David	M	0.75	24-Jan-01	Jagersfontein Fauresmith	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
CLOETE	William Petrus	M	0.17	29-Nov-01	Jagersfontein Fauresmith	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4 TA T1 18
CRONJE	Abraham Johannes F	M	63	6-Dec-01	Jagersfontein Fauresmith	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4 TA T1 18
DE KLERK	Zagrys	M	1.08	1-Feb-01		Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
DU PLESSIS					Graaff-Reinet	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
DUVENAGE	Johannes Petrus Cronje	M	1.25	21-Apr-01	Jagersfontein (Fauresmith distrik)	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
EMSLEY	CM				Maraisburg Transvaal	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
ENGELBRECHT	CJ				Taaibosch	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
ERASMUS	JJ				Jagersfontein	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
GEEL	Gertruida Susanna	V	1.5	18-Jul-01	Jagersfontein (Bloemfontein distrik)	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
GREYLING	CD				Kaapkolonie	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
HAYES	Edward	M			Maraisburg Transvaal	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
HAYES	Frank	M			Maraisburg Transvaal	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
HERTZOG	Charles Neethling	M	7	12-Nov-00		Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
KEYSER	W				Roodepoort	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
LIEBENBERG	Algoa Mizpah	V	1.75	17-Apr-02		Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
LLOYD	Henry Louis Beneke	M	7	Oct-1901	Roemryk Kroonstad	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4 TA T1 18
LUDWIG	W				Heidelberg	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
MATTHYSER	JM				Maraisburg Transvaal	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4
MERALLICK	JM				Maraisburg Transvaal	Port-Elizabeth Kamp	SAEHA 7/6/1/4

MERALLICK	JW				Maraisburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
MEYER	Michael	M			Graaff-Reinet	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
						Kamp	
NAUDE	PS				Maraisburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
NEUNANN	A				Middelburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
NEWRATTEL	JWP				Maraisburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
OBERHOLZER	Pieter	M	0.5			Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
						Kamp	
OLIVIER	L				Graaff-Reinet	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
						Kamp	
OLIVIER	WS				Graaff-Reinet	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
						Kamp	
PORTER	Catharina	V	2	14-Nov-00		Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
						Kamp	
PORTER	Katherine Margaret Pauline	V	51	9-Aug-01		Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
						Kamp	
PORTER	Willem Cornelius	M	10	24-Jan-01		Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
						Kamp	
SCHOOMBIE	C				Middelburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
SCHOOMBIE	Catharina	V			Middelburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
SCHOOMBIE	IDJ				Middelburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
SCHOOMBIE	Michael	M			Middelburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
VAN CONWAY	JN				Middelburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
VAN DEN BERG	GA				Maraisburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
VAN DER BERG	PJ				Graaff-Reinet	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
						Kamp	
VAN DER POEL	Francina	V	2	24-Nov-00		Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
						Kamp	
VAN HEERDEN	JN				Middelburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
VAN NIEKERK	JA				Humansdorp	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
						Kamp	
Van onbekend	Gerhard	M			Transvaal	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
						Kamp	
VAN ZYL	JA				Maraisburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
VAN ZYL	JC				Maraisburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
VAN ZYL	JF				Maraisburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	
VORSTER	FJ				Graaff-Reinet	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
						Kamp	
WAJT	LTH				Maraisburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
					Transvaal	Kamp	

WILMANS	JH			Maraisburg	Port-Elizabeth	SAEHA 7/6/1/4
				Transvaal	Kamp	

Volgens J.C. Roodt was daar nege aangetekende sterftes in die Uitenhaagse konsentrasiekamp (wat ook onder die oorkoepelende Port Elizabeth kamp geval het).¹⁸⁵ Die totaal in die databasis is 10 sterftes. Die lys is as volg :

Datatabel 4.2: Sterftes in die Uitenhaagse konsentrasiekamp.

COLLINS	Robert	M	1	23-Jun-02	Zwartkoppies Heilbron	Kolera	Uitenhage Kamp	SAEHA 7/6/1/1 TA T1 18 SRC 94
KLOPPER	(Baba seun van Willem P en Johanna M Klopper)	M	0.08	23-May-02	Welgevonden Fauresmith	Uittering	Uitenhage Kamp	SAEHA 7/6/1/1 TA T1 18 SRC 94
KRUGER	Izak Jacobus	M	33	1-Jul-02	Roodwal Bloemfontein	Longont- steking	Uitenhage Kamp	SAEHA 7/6/1/1 TA T1 18 SRC 94
NEL	Johanna Magdalena	V	57	7-May-02	De Schans Wepener	Ingewands- koors	Uitenhage Kamp	SAEHA 7/6/1/1 TA T1 18 SRC 94
SPANGEN- BERG	Hester Antonetta	V	3	1-Aug-02	Morgenrood Kroonstad	Breinabses	Uitenhage Kamp	SAEHA 7/6/1/1 TA T1 18
TALJAARD	Johanna Magdalena	V	57	7-May-02	De Schans Wepener		Uitenhage Kamp	TA T1 18
VAN TONDER	Johannes Petrus	M	2	26-Jul-02	Luipaardsfontein Bloemfontein	Witseerkeel	Uitenhage Kamp	SAEHA 7/6/1/1 TA T1 18 SRC 94
VAN ZYL	Izak Petrus	M	66	20-Jun-02	Poortjie Bethlehem/ Kaap	Hartsiekte	Uitenhage Kamp	SAEHA 7/6/1/1 TA T1 18 SRC 94
VILJOEN	Marthinus	M	8	1-Oct-02	Witbank	Longont-	Uitenhage	SAEHA 7/6/1/1

185 J.J. Roodt, Die Port Elizabethse konsentrasiekamp 1899-1902, (ongep. M.A.-verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth, 1990), p. 219.

Deur na al die verskillende fasette van die kamp te kyk, was dit duidelik dat hierdie kamp soos al die ander konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 'n wrang feit was. Dit was 'n ontwrigting wat gesinne en samelewings diep geraak het en met maatskaplike, ekonomiese, kulturele en selfs godsdienstige naweë gelaat is.¹⁸⁶

Dus kan daar aan die hand van die lys van kampname asook die hoeveelheid sterftes wat in die kamp voorgekom het, 'n beter geheelbeeld rondom die werklike sterftes onder burgerlikes in die Anglo-Boereoorlog verkry word. Die totale aantal sterftes word volledig deurgegee en sodoende word die onderskeid tussen sterftes wat in konsentrasiekampe en die wat elders oorlede is aangedui. Die Port Elizabeth kamp se vergelyking dui verder op die volledigheid van die databasis.

4.6 Gevolgtrekking

Die grootste aantal sterftes het in onderskeidelik Transvaal en Vrystaat voorgekom. Relatief min sterftes het langs die kusgebiede voorgekom. Die kampe het eers later tot stand gekom en daar was 'n groter mate van doeltreffende kontrole. Die konsentrasie van kampinwoners was aansienlik kleiner. Die Merebank kamp het die meeste sterftes in die kusgebiede gehad, naamlik 604. In teenstelling daarmee was daar aansienlik minder sterftes in die ander kampe wat naby die kusgebiede gevestig was. In Howick was 171 (sterfgevallen), Isipingo (Durban) 6, Jacobs siding 57, Oos-Londen 12, Pietermaritzburg 238, Pinetown 33, Port-Elizabeth 48 en Uitenhage 10. Die grootste hoeveelheid sterftes het in die Middelburg kamp voorgekom, 2166 gevolg deur Bloemfontein met 2100 sterftes.

186 J.J. Roodt, *Die Port Elizabethse konsentrasiekamp 1899-1902*, (ongep. M.A.-verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth, 1990), p. 219.

Hoofstuk 5

Unieke familienaam sterftes

Die kern van die sterftes, tydens die Anglo-Boereoorlog, is hoofsaaklik gebaseer op die familienaam. Dit vorm die vertrekpunt van 'n inskrywing in die databasis wat uit die beskikbare gegewens vir die doeleindes van die genealogiese projek opgestel is. Vervolgens sal op bepaalde aspekte met betrekking tot individuele families in hierdie hoofstuk ingegaan word. Die verskillende spelwyses met enkele voorbeelde word, ter verduideliking, voorgedhou. Verder word 'n alfabetiese lys van 30 unieke familienaam met meer as 100 sterftes kortliks bespreek. Daar is verder 'n bespreking van 30 klein families wat volledigheidshalwe bygewerk is.

5.1 Spelling familienaam (vanne)

Daar is sover moontlik gepoog om die inligting, soos verstrekkend in die onderskeie bronne van SAEHA, Transvaalse Argief en Vrystaat Argief met mekaar te vergelyk en sodoende bevestiging van die spelwyse van familienaam te verkry. 'n Groot verskeidenheid familienaam is in die databasis opgeneem. Wanneer dit by familienaam kom, is dit egter problematies, omdat daar meer as een vorm van spelling vir 'n betrokke familienaam bestaan. Dit is grootliks as gevolg van die verskillende tale wat betrokke was tydens die oorlog. Die ou 'Hollands' was nog grootliks gebruik deur die Boere. Die superintendent of kampkommandant was oorwegend Engelssprekend. Dit het die spelwyse van familienaam grootliks beïnvloed. Daar is, sover moontlik, nie aan die oorspronklike spelvorm gewysig nie, noodgedwonge is daar dus verskillende spelvorme van 'n spesifieke familienaam.

Dit is belangrik dat die gebruiker daarop let dat die inligting soos in die onderskeie bronne vermeld, net so in die oorspronklike formaat, sonder wysiging, in die databasis opgeneem is. Die spelling is in sommige bronne nog in Hollands aangeteken en verskil daarom van die hedendaagse Afrikaanse spelvorme. Verskillende spellings van 'n spesifieke familienaam is verder kenmerkend van die inligting wat gebruik is in die samestelling van die databasis.

Spesifieke voorbeelde: Ackerman & Ackermann
 Adendorf & Adendorff
 Appelgreyn & Appelgryn
 Benecke & Beneke

Booyen/Booyens/Booyjens/Booyse/Booyesen/BooySENS/Booyzen/Booyzens is 'n duidelike voorbeeld van die problematiek van die verskillende spelvorme wat in die opneem van familienaam in die databasis aangetref word.

Claas/Claase/Claasen/Claassens/Claassen/Claassens is 'n verdere voorbeeld van die verskillende spelwyses wat bestaan. Dit is daarom belangrik dat die gebruiker sy soektog so breedvoerig moontlik sal doen weens die verskillende spelvorme wat op 'n spesifieke familienaam van toepassing is.

5.1.1 Familiesterftes

Een van die doelwitte met die samestelling van die databasis was om van waarde te wees vir genealogiese navorsing, veral met betrekking tot die tydperk van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902. Deur dié beskikbare inligting kan familiesterftes in die tydperk 1899-1902 sinvol nagevors word. Ter verduideliking word die Ackerman familienaam as voorbeeld bespreek.

Die spelling van die familienaam kan óf die gewone Ackerman, óf Ackermann met 'n dubbel 'n' wees. Daar is altesaam 45 sterftes onder die Ackerman-familienaam in die databasis gelys. Die duidelik herkenbare gesinne kan in die inligting onderskei word. Uit die inligting wil dit voorkom asof die Ackermanfamilie van Kalkkraal, Bloemfontein, 'n moeder en drie kinders in die Bloemfonteinse kamp verloor het. Hoewel daar geen rede vir oorsaak van

sterftes genoem word nie, is dit duidelik dat die moeder en die baba se sterftes met mekaar verband hou. Hul genoemde sterfdatums is onderskeidelik 12 dae uitmekaar, dus wil dit voorkom asof die moeder tydens of na die bevalling oorlede is. Die oudste kind is eers later die jaar in Oktober oorlede. Die genealoog beskik oor die onderskeie familienaam, ouderdom, moontlike sterfdatum, plaas van afkoms asook die kamp waarin die gesin oorlede is. Dit is tragies om tot die besef te kom dat moontlik die hele gesin, of 'n groot gedeelte daarvan, tot sterwe gekom het. Indien die vader wel die oorlog oorleef het, moes hy met groot hartseer die verlies van drie van sy kinders en sy getroue eggenoot in die gesig staar.

Datatabel 5.1: Ackerman familie sterftes van Kalkkraal Bloemfontein.

ACKERMAN	Catrina Jacomina	V	30	15-Mar-01	Kalkkraal Bloemfontein	Bloemfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/6(1)& 13 TA T1 18
ACKERMAN	Dirk Jacobus	M	2	16-Mar-01	Kalkkraal Bloemfontein	Bloemfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/6(1)& 13 TA T1 18
ACKERMAN	Gideon Peter	M	7	31-Oct-01	Kalkkraal Bloemfontein	Bloemfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/6(1)& 13 TA T1 18
ACKERMAN	Hermanus Andries	M	12d	27-Mar-01	Kalkkraal Bloemfontein	Bloemfontein Kamp	SAEHA 7/6/4/6(1)& 13 TA T1 18

Die gesin Ackerman van Rustoord Heidelberg, het nie minder nie as vyf kinders in die Kroonstadse kamp aan die dood afgestaan. Hulle was onderskeidelik 9,11,13,16 en 18-jaar oud. Almal van hul se oorsaak van sterfte word as masels aangedui. Die inligting is, soos reeds vermeld, nie heeltemal volledig nie, grootliks die gevolg van onvolledige administrasie gedurende die oorlog self. Deur van die onderskeie bronne gebruik te maak, kon daar in toenemende mate geslaag word om sover moontlik die sterfdatum en oorsaak van sterfte ook in te sluit. Masels, bekend as 'n hoogs aansteeklike siekte, het duidelik die grootste deel van die Ackermangesin van Rustoor Heidelberg in die kamp op Kroonstad uitgewis.

Datatabel 5.2: Ackerman familiesterftes van Rustoord Heidelberg.

ACKERMAN	Hendrik J(F/T)	M	13		Rustoord Heidelberg	Masels	Kroonstad Kamp	SAEHA 7/6/4/10 TA T1 32
ACKERMAN	Hester AC	V	11		Rustoord Heidelberg	Masels	Kroonstad Kamp	SAEHA 7/6/4/10 TA T1 32
ACKERMAN	Johanna M	V	18		Rustoord Heidelberg	Masels	Kroonstad Kamp	SAEHA 7/6/4/10 TA T1 32
ACKERMAN	Merten Albertus	Petrus M	16	29/07/1901	Rustoord Heidelberg	Masels	Kroonstad Kamp	SAEHA 7/6/4/10 TA T1 32 TA T1 25
ACKERMAN	Wilhelm H	M	9		Rustoord Heidelberg	Masels	Kroonstad Kamp	SAEHA 7/6/4/10 TA T1 32

5.1.2 Swart familieame

S.V. Kessler het goedgeunstiglik sy lys van 759 swart name soos deur hom nagevors vir opname in die databasis beskikbaar gestel. Die inligting is egter, vanweë die onbeskikbaarheid van bronne, baie beperk. Hieronder volg enkele voorbeelde van swartes wie se familieame ooreenstem met dié van blankes wat in die databasis opgeneem is. Dit maak die onderskeid tussen blank en swart baie moeilik.

Datatabel 5.3: Dieselfde familieame sterftes vir blankes en swartes.

BEZUIDENHOUT	Sarah			22-Feb-02	Greylingstad Kamp	S. Kessler
BOOYENS	Pieter Johannes	M		24-Jun-01	Greylingstad Kamp	S. Kessler
BOTHA	Theunis Johannes			5-Nov-02		S. Kessler
CRONJE	Hermina Maria Elizabeth	V		29-Oct-02		S. Kessler
ERUSMUS	Katrina	V		21-Jan-02		S. Kessler
HEUNES	Susanna Josina	V		6-Dec-02		S. Kessler
JANSEN	Rachel			3-May-02		S. Kessler
ROBINSON	Sarah	V		22-Sep-02	Vereeniging Kamp	S. Kessler
VAN DER MERWE	Stephanus Johannes	M		31-Mar-02	Vereeniging Kamp	S. Kessler

Wanneer daar na byvoorbeeld die kamp op Edenburg (swart konsentrasiekamp naby Bloemfontein) se sterftes gekyk word, vind ons 'n herhaling van

bogenoemde inligting met betrekking tot dieselfde name vir blank sowel as swart.

Datatabel 5.4: Dieselfde familienaam sterftes vir blankes en swartes in Edenburg konsentrasiekamp.

COMBRINCK	Jantje	M	85	21-May-01		Edenburg Kamp SRC 99
LOUW	Madlakalike	M	1	4-Jun-01	Poortje	Edenburg Kamp SRC 99
PRETORIUS	Garusa (oue)	M	80	26-Jun-01	Hart	Edenburg Kamp SRC 99
ROOS	Lauikye	V	6	22-Jul-01	Brongitis	Edenburg Kamp SRC 99
VAN BERG	DENKikie	V	0.67	7-Jul-01	Brongitis	Edenburg Kamp SRC 99
VAN WYK	Christina	V	4	29-May-01	Longontsteking	Edenburg Kamp SRC 99

Enkele inskrywings van swart sterfgevalle in blanke konsentrasiekampe word ook gevind.

Datatabel 5.5: Swart sterftes in blanke konsentrasiekampe.

PIATER	Louisa Miena	V	9	27/01/1902	Rietfontein Pretoria	Siekte	Balmoral Kamp	S. Kessler TA T1 26
PIATER	Mina Sofia	V	1	14/01/1902	Rietfontein Pretoria	Siekte	Balmoral Kamp	S. Kessler TA T1 26
JACOBS	Johannes	M	0.08	21-Jun-02	Witkopjes Pretoria		Merebank Kamp	S. Kessler TA T1 31

Dit is belangrik om in ag te neem dat die spelling voortdurend verskil en dat daar na alternatiewe spellings gekyk moet word om 'n bepaalde sterfgeval aan die hand van die spesifieke familienaam op te roep.

5.2 Lys van 30 familienaam sterftes met 'n kort bespreking

Let wel slegs die hoofsaake van sterftes, sowel as die konsentrasiekampe waarin die grootste hoeveelheid sterftes plaasgevind het, word per unieke familienaam ingesluit. Dit dui slegs op die groter aantal sterftes en sluit dus nie al die gegewens wat in die groototaal vervat is, in nie. Die familienaam is so gekies dat dit verteenwoordigend van al die gegewens soos in die databasis

opgeneem. Dit is dus nie die top 30 familienaam nie maar 'n seleksie van 30 unieke familienaam waar meer as 100 sterftes voorgekom het.

5.2.1 Botha familienaam

Daar was 656 sterftes, waarvan 276 manlik en 315 vroulik. Die ouderdomindeling van sterftes is as volg: 164 babas een jaar en jonger, 321 kinders onder 16, 103 volwassenes en 44 bejaardes.

Sterfteoorsaak:

Brongitis	10
Diarree	15
Ingewandskoors	19
Koors	20
Longontsteking	36
Masels	67
Siekte	195

Kampe waar die grootste aantal sterftes voorgekom het:

Bloemfontein	48
Heidelberg	24
Heilbron	26
Kamp onbekend	55
Klerksdorp	35
Kroonstad	31
Krugersdorp	25
Middelburg	60
Pietersburg	56
Standerton	26
Volksrust	26

Meervuldige sterftes, Plek/Plaas van afkoms:

Rietfontein Heidelberg: 8 sterftes

Louis Trichardt Zoutpansberg: 15 sterftes

Pietersburg: 10 sterftes

Kamp onbekend: 10 sterftes

Merebank se kamp: 1 sterfte

Kafferkraal/Kafferskraal Potchefstroom: 15 sterftes

Al die sterftes was in die kamp op Klerksdorp waarvan 12 kinders en drie volwasse vroue.

5.2.2 Coetzee familienaam

Daar was 486 sterftes waarvan 185 manlik en 232 vroulik. Die ouderdomindeling van sterftes is as volg: 124 babas een jaar en jonger, 212 kinders onder 16, 112 volwassenes en 24 bejaardes.

Sterfteoorsake:

Inflammasie	19
Ingewandskoors	24
Kinkhoes	12
Koors	40
Longontsteking	29
Masels	76
Siekte	73
Stuipe	10

Kampe waar die grootste aantal sterftes voorgekom het:

Aliwal-Noord	20
Bethulie	68
Bloemfontein	50
Brandfort	22
Irene	25
Kamp onbekend	52
Klerksdorp	32
Mafeking	33
Potchefstroom	24
Springfontein	36

Meervuldige sterftes, Plek/Plaas van afkoms:

Reddersburg distrik OVS: 25 sterftes

Springfontein; 7 sterftes

Bloemfontein: 9 sterftes

Bethulie: 6 sterftes

Doornrivier Marico: 6 sterftes

Mafeking: 3 sterftes

Kamp: 3 sterftes

Bosjesspruit Bethal: 6 sterftes

Standerton: 4 sterftes

Middelburg: 4 sterftes

5.2.3 De Beer familienaam

Daar was 348 sterftes waarvan 137 manlik en 184 vroulik. Die ouderdomindeling van sterftes is as volg: 100 babas een jaar en jonger, 170 kinders onder 16, 46 volwassenes en 20 bejaardes.

Sterfteoorsake:

Koors 17

Longontsteking 11

Masels 70

Siekte 97

Kampe waar die grootste aantal sterftes voorgekom het:

Heilbron 22

Irene 45

Kamp onbekend 31

Klerksdorp 28

Mafeking 27

Middelburg 16

Nylstroom 30

Pietersburg 18

Volksrust 26

Meervuldige sterftes, Plek/Plaas van afkoms:

Amsterdam Ermelo: 11 sterftes

Al die sterftes was in Volksrust se kamp, waarvan ses aan masels.

Middelfontein Rustenburg: 11 sterftes

Ses sterftes was in Krugersdorp, twee in Klerksdorp en Merebank onderskeidelik en een in Kamp onbekend.

Een interessante waarneming is die feit dat nie minder nie as drie sterftes dieselfde naam naamlik Reinier Jacobus het. Die onderskeie ouderdomme was 'n baba van vier maande en twee kinders van onderskeidelik ses en 10 jaar.

Tweefontein Pretoria: 13 sterftes

Agt sterftes was in Balmoral, twee in Irene en Kamp onbekend onderskeidelik en een in die kamp op Merebank.

Tweefontein Waterberg: 11 sterftes

Ses sterftes was in Irene, almal kinders, en vyf in die Nylstroomse kamp waarvan vier kinders en een volwassene.

Vlakfontein Rustenburg: 11 sterftes

Sewe sterftes was in Mafeking, twee in Johannesburg, en onderskeidelik een in Merebank en Kamp onbekend.

5.2.4 Du Plessis (Du Plisie) familienaam

Daar was 494 sterftes waarvan 184 manlik en 260 vroulik. Die ouderdomindeling van sterftes is as volg: 121 babas een jaar en jonger, 241 kinders onder 16, 82 volwassenes en 28 bejaardes.

Sterfteoorsake:

Brongitis	12
Ingewandskoors	23
Koors	25
Longontsteking	27
Masels	87
Siekte	81

Kampe waar die grootste aantal sterftes voorgekom het:

Aliwal-Noord	15
Bethulie	36
Bloemfontein	23
Brandfort	31
Irene	37
Kamp onbekend	40
Klerksdorp	24
Kroonstad	22
Krugersdorp	51
Mafeking	34
Middelburg	18
Potchefstroom	32
Springfontein	16
Standerton	19
Volksrust	20

Meervuldige sterftes, Plek/Plaas van afkoms:

Rheebokfontein Kroonstad: 6 sterftes

Al die sterftes was in die Kroonstadse kamp en almal kinders waarvan vier aan masels gedurende 1901.

Honingnestkrans Rustenburg: 18 sterftes

Al die sterftes was in die Krugersdorpse kamp en almal was kinders behalwe een bejaarde vrou.

Steenbokfontein Rustenburg: 7 sterftes

Al die sterftes was in die kamp op Mafeking, waarvan ses kinders en een volwasse vrou.

Totaal vir Rustenburg distrik: 85 sterftes

29 sterftes was in Krugersdorp, 14 in Irene en Kamp onbekend onderskeidelik, en 10 in die Mafekingse kamp. Dus was meer as 18 persent van die totale aantal Du Plessis sterftes afkomstig van die Rustenburg omgewing. Dit

opsigself moes familiestrukture in die betrokke omgewing ernstig ontwig het.

5.2.5 Du Preez familienaam

Daar was 232 sterftes waarvan 94 manlik en 115 vroulik. Die ouderdomindeling van sterftes is as volg: 50 babas een jaar en jonger, 129 kinders onder 16, 31 volwassenes en 15 bejaardes.

Sterfteoorsake:

Koors	11
Longontsteking	17
Masels	34
Siekte	55

Kampe waar die grootste aantal sterftes voorgekom het:

Irene	22
Kamp onbekend	20
Kroonstad	19
Krugersdorp	51
Mafeking	29
Middelburg	12
Pietersburg	18

Meervuldige sterftes, Plek/Plaas van afkoms:

Elandshoek Pretoria: 7 sterftes

Ses sterftes was in Irene en een in Merebank se kamp, waarvan vyf aan longontsteking, en een aan masels en siekte onderskeidelik.

Nooitgedacht Rustenburg: 7 sterftes

Al die sterftes was in die kamp op Mafeking, waarvan vyf aan masels. Al die sterftes was kinders jonger as 13.

Kleinfontein Marico: 4 sterftes

Al die sterftes was in die Mafekingse kamp, waarvan almal jong kinders jonger as agt jaar.

5.2.6 Du Toit familienaam

Daar was 290 sterftes waarvan 112 manlik en 153 vroulik. Die ouderdomindeling van sterftes is as volg: 67 babas een jaar en jonger, 145 kinders onder 16, 45 volwassenes en 22 bejaardes.

Sterfteoorsake:

Ingewandskoors	11
Koors	9
Longontsteking	29
Masels	37
Siekte	77

Kampe waar die grootste aantal sterftes voorgekom het:

Bethulie	31
Bloemfontein	14
Brandfort	12
Kamp onbekend	22
Kimberley	13
Kroonstad	12
Krugersdorp	19
Mafeking	13
Middelburg	21
Potchefstroom	30

Meervuldige sterftes, Plek/Plaas van afkoms:

Zwartkloof Waterberg: 6 sterftes

Al die sterftes was in die Nylstroomse kamp, waarvan almal kinders.

Geysdorp Lichtenburg: 7 sterftes

Al die sterftes was in die kamp op Mafeking, waarvan vier kinders en drie volwasse vroue.

Daar was vyf Schoneveld familienaam sterftes, waarvan almal in die Heidelberg kamp. Vier was afkomstig van Kafferkraal Heidelberg en een van Schoongezicht Heidelberg. Almal was kinders jonger as sewe jaar.

5.3.25 Seymour familienaam

Datatabel 5.30: Seymour familienaam sterftes.

SEYMOUR	AM		85	17-Aug-01	Marico distrik	Koors	Potchefstroom Kamp	TA T1 34
SEYMOUR	Catharina Cornelia	V	2	30/09/1901	Wonderfontein Marico	Siekte	Klerksdorp Kamp	TA T1 34 SAEHA 7/6/3/49 TA T1 27
SEYMOUR	Matthys Michiel	M	11	28/03/1902	Wonderfontein Marico	Siekte	Klerksdorp Kamp	TA T1 34 SAEHA 7/6/3/49 TA T1 27
SEYMOUR	Anna Maria	V	4	19/12/1901	Wonderfontein Marico	Siekte	Potchefstroom Kamp	TA T1 34 TA T1 27
SEYMOUR	Anna Maria E	V	35	19/08/1901	Wonderfontein Marico	Siekte	Potchefstroom Kamp	TA T1 34 TA T1 27
SEYMOUR	Susanna Elizabeth	V	2	26/09/1901	Wonderfontein Marico	Meningitis	Potchefstroom Kamp	SAEHA 7/6/3/34 TA T1 34 TA T1 27

Daar was ses Seymour familienaam sterftes, waarvan vermoedelik almal van Wonderfontein Marico. Vier sterftes was in Potchefstroom en twee in Klerksdorp se kamp. Dit was 'n volwasse vrou van 35 met moontlik haar vier kinders en 'n bejaarde vrou van 85.

5.3.26 Snibbe familienaam

Datatabel 5.31: Snibbe familienaam sterftes.

SNIBBE	Anna Francina M	V	41	27/09/1901	Grysappel ZPBerg	Siekte	Howick Kamp	SAEHA 7/6/2/1 TA T1 34
SNIBBE	Dirk Johannes Jacobus	M	1	5-Nov-01	Jagersfontein Fauresmith	Longont- Steking	Bethulie Kamp	TA T1 18 SRC 93
SNIBBE	Dirk JJ	M	1	1901	Lotsgronden Haenertsburg		Pietersburg Kamp	SAEHA 7/6/3/3 TA T1 27
SNIBBE	Willem Stefanus	M	6		Nooitgedacht ZPBerg	Siekte	Balmoral Kamp	SAEHA 7/6/3/8 TA T1 34

SNIBBE Dirk Jacs	M	7		Nooitgedacht ZPBerg	Siekte	Pietersburg Kamp	SAEHA 7/6/3/8 TA T1 34 TA T1 27
SNIBBE Willem J	M	6	1901	Nooitgedacht ZPBerg	Siekte	Pietersburg Kamp	SAEHA 7/6/3/3 TA T1 27

Daar was ses Snibbe familienaam sterftes, waarvan drie van Nooitgedacht Zoutpansberg. Drie sterftes was in Pietersburg en een in Howick, Bethulie en Balmoral se kamp onderskeidelik.

5.3.27 Storbeck (Storbec/k) familienaam

Datatabel 5.32: Storbeck familienaam sterftes.

STORBEC	Louisa	V	2	11/10/1901	Driekuil Lichtenburg		Mafeking Kamp	TA T1 27
STORBECK	DM		2	9/10/1901		Masels	Mafeking Kamp	TA T1 27
STORBECK	Maria Joh. Gertruida	V	2	27/10/1901	Driekuil Lichtenburg	Masels	Mafeking Kamp	TA T1 27
STORBEK	Catharina Margaretha	V	0.08	8/2/1902	Driekuil Lichtenburg	Inanition	Mafeking Kamp	TA T1 27
STORBEK	Jan Johannes	M	6	11/12/1901	Driekuil Lichtenburg	Ingewands- Ontsteking	Mafeking Kamp	TA T1 27

Daar was vyf Storbeck familienaam sterftes, waarvan vier van Driekuil Lichtenburg. Almal was kinders jonger as sewe jaar en is in Mafeking se kamp oorlede.

5.3.28 Trytsman familienaam

Datatabel 5.33: Trytsman familienaam sterftes.

TRYTSMAN	Daniel	M	7	22/12/1901	Jachtpad Utrecht		Merebank Kamp	TA T1 27
TRYTSMAN	Elizabeth Johanna	V	1	21/09/1902	Jachtpad Utrecht	Siekte	Merebank Kamp	SAEHA 7/6/2/2(1) TA T1 34 TA T1 27
TRYTSMAN	Hendrik Johannes Abram	M	0.5	21/09/1902	Jachtpad Utrecht	Siekte	Merebank Kamp	SAEHA 7/6/2/2(1) TA T1 34 TA T1 27
TRYTSMAN	Martha Elizabeth	V	73	1902	Jachtpad Utrecht	Siekte	Merebank Kamp	TA T1 34 TA T1 27

Daar was vier Trytsman familienaam sterftes, waarvan almal afkomstig van Jachtpad Utrecht. Almal is in Merebank oorlede.

5.3.29 Wilsenach familienaam

Datatabel 5.34: Wilsenach familienaam sterftes.

WILSENACH	Jacob Petrus Marais	M	0.75		Brandfort	Siekte	Brandfort Kamp	TA T1 34
WILSENACH	Johanna Maria	V	63		Kameeldoorn Marico	Siekte	Kamp Onbekend – Kameeldoorn	TA T1 34
WILSENACH	Margaretha Wilhelmina	V	1	22/10/1901	Kameeldoorn Marico	Siekte	Mafeking Kamp	SAEHA 7/6/1/26 TA T1 34 TA T1 27
WILSENACH	Margaritha Francina	V	0.58	16/11/1901	Ottoshoop	Siekte	Mafeking Kamp	SAEHA 7/6/1/26 TA T1 34 TA T1 27
WILSENACH	Sophia Elizabeth	V	2		Ottoshoop	Siekte	Kamp Onbekend – Ottoshoop	TA T1 34

Daar was vyf Wilsenach familienaam sterftes waarvan vier kinders jonger as drie jaar en een bejaarde vrou van 63. Twee was afkomstig van Kameeldoorn Marico en twee van Ottoshoop.

5.3.30 Zietsman familienaam

Datatabel 5.35: Zietsman familienaam sterftes.

ZIETSMAN	Alida Maria Magdalena	V	12	15/05/1901	Kromdraai Krugersdorp	Siekte	Irene Kamp	SAEHA 7/6/3/10 TA T1 34 TA T1 27
ZIETSMAN	Gert Frederik	M	0.67	27-Oct-01	Bloemhoek Ficksburg		Op pad na Winburg Kamp	TA T1 18
ZIETSMAN	Jan Hendrik	M	12	1901	Zwakfontein Bethal	Siekte	Standerton Kamp	TA T1 34 TA T1 27
ZIETSMAN	Johanna Maria	V	3	1901	Uitkyk Middelburg	Diarree	Standerton Kamp	SAEHA 7/6/3/5(1) TA T1 27
ZIETSMAN	Matthys Hendrik	M	1.5	25-Oct-01	Holfontein Bethlehem		Winburg Kamp	SAEHA 7/6/4/12
ZIETSMAN	Paul Lodewyk	M	8	14/07/1901	Zwakfontein	Siekte	Standerton	TA T1 34

Daar was ses Zietsman familienaam sterftes waarvan almal kinders jonger as nege jaar. Drie sterftes was in die Standerton kamp en een onderskeidelik in Irene en Winburg, asook een op pad na Winburg kamp.

5.4 Swart familienaam sterftes

Die aantal opgetekende lys van swart sterftes is baie beperk. Hieronder volg enkele voorbeelde waar meer as twee sterftes per spesifieke familienaam voorgekom het. 'n Kort bespreking word van die onderskeie familienaam gegee.

5.4.1 Elephant familienaam

Datatabel 5.36: Elephant familienaam sterftes.

ELEPHANT	Elisa	V	5	27-Jun-01	Basutoland	Edenburg Kamp	SRC 99
ELEPHANT	Kilyonoq	M	5	27-Jun-01	Wepener	Edenburg Kamp	SRC 99
ELEPHANT	Maria	V	2	25-Jun-01	Rondefontein	Edenburg Kamp	SRC 99
ELEPHANT	Maria	V	3	28-Jun-01	Bethany	Edenburg Kamp	SRC 99
ELEPHANT	Martha	V	6	20-May-01	Uitenhage	Edenburg Kamp	SRC 99
ELEPHANT	Martuess		0.25	18-May-01	Uitenhage	Edenburg Kamp	SRC 99
ELEPHANT	Rahaunie		12	28-Jun-01	Smithfield	Edenburg Kamp	SRC 99

Die familienaam Elephant bevat sewe inskrywings, waarvan almal kinders en almal in die Edenburg kamp oorlede is.

5.4.2 Olifant/Oliphant familienaam

Datatabel 5.37: Olifant familienaam sterftes.

OLIFANT	Jan (kind)	M		14-May-01		Brandfort Kamp	SRC 99
OLIPHANT	Clisa	V	7	23-Jun-01	Jongensfontein	Edenburg Kamp	SRC 99
OLIPHANT	Daniel	M	2	28-Apr-01	Bloemfontein	Diarree Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC5
OLIPHANT	Elea	V	4	30-Jun-01		Brongitis Edenburg Kamp	SRC 99

OLIPHANT Fayer	4	14-Apr-01	Bloemfontein	Longontsteking	Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC4
OLIPHANT Isaac	M 1.5	4-Dec-01			Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC3
OLIPHANT Louis	M 3	19-Apr-01	Bloemfontein		Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC4
OLIPHANT Maria	V 1.17	13-Apr-01	Bloemfontein	Longontsteking	Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC4
OLIPHANT Martha	V 3	27-Apr-01	Bloemfontein	Longontsteking	Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC5
OLIPHANT Peter	M	29-Dec-01			Florida Kamp	Kop S. Kessler
OLIPHANT Sabina		20-Feb-02			Florida Kamp	Kop S. Kessler
OLIPHANT Solomon	M 1	9-Jun-01		Diarree	Edenburg Kamp	SRC 99

Die familienaam Olifant/Oliphant bevat 12 inskrywings waarvan feitlik almal kinders is. Die sterftes was onderskeidelik in Bloemfontein kamp (6), Florida Kop (3), Edenburg, (2), en Brandfort kamp (1). Beskikbare sterfteoorsake sluit onder meer longontsteking (3), diarree (2) en brongitis in.

5.4.3 Seku/Sekuu familienaam

Datatabel 5.38: Seku/Sekuu familienaam sterftes.

SEKU Andries	M 3	24-Mar-01	Vet River		Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC2
SEKU Anna	V 4	26-Apr-01	Bloemfontein	Longontsteking	Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC5
SEKU Anna	V 7	17-Jun-01		Longontsteking	Edenburg Kamp	SRC 99
SEKU Groeta	V 3	22-May-01		Broncho Longontsteking	Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC8
SEKU Hendriek	M 5	28-Jun-01		Longontsteking	Edenburg Kamp	SRC 99
SEKU Kikie	V 1	14-Jul-01		Diarree	Edenburg Kamp	SRC 99
SEKU Lefeur	V 1	8-Jun-01		Diarree	Edenburg Kamp	SRC 99
SEKU Maria	V 70	25-May-01		Ouderdomswakte	Edenburg Kamp	SRC 99
SEKU Mena	V 6	14-May-01		Tering	Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC6
SEKU Old Sannie	V 70	22-May-01		Hoë ouderdom	Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC8

SEKU	Raiu Schoon	M	2	26-Apr-01	Bloemfontein	Longontsteking	Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC5
SEKU	Sarah	V	0.58	4-Aug-01		Brongitis	Edenburg Kamp	SRC 99
SEKU	Sarah	V	9	18-Jun-01		Longontsteking	Edenburg Kamp	SRC 99
SEKUU	Kabuica	V	4	15-Jun-01		Longontsteking	Edenburg Kamp	SRC 99

Die familienaam Seku/Sekuu bevat 14 inskrywings waarvan, met die uitsondering van twee bejaardes, almal kinders is. Die sterftes is onderskeidelik in Bloemfontein se kamp (6) en Edenburg (8) aangeteken. Die oorsaak van sterfte sluit onder meer die volgende in: longontsteking (7), diarree (2), ouderdomswakte (2), brongitis (1) en tering.

5.4.4 Soul/Soule familienaam

Datatabel 5.39 Soul/Soule familienaam sterftes.

SOUL	Johannes	M	1.42	5-Feb-01	Longontsteking	Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC5
SOULE	Maria	V	4	14-Jun-01	Longontsteking	Edenburg Kamp	SRC 99
SOULE	Sarah (klein)	V	2	26-Jun-01	Brongitis	Edenburg Kamp	SRC 99
SOULE	Sarah (oue)	V	70	18Jun1901	Ouderdomswakte	Edenburg Kamp	SRC 99
SOULE	Johannes	M	2	28-Apr-01	Longontsteking	Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC5
SOULE	Lena	V	6	24-May-01	Longontsteking	Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC8

Die familienaam Soul/Soule bevat ses inskrywings waarvan almal kinders is, behalwe een bejaarde. Die sterftes is onderskeidelik in Bloemfontein (3) en Edenburg (3). Die sterfteoorsake sluit onder meer: longontsteking (4), ouderdomswakte (1) en brongitis (1) in.

5.4.5 Swartbooi familienaam

Datatabel 5.40: Swartbooi familienaam sterftes.

SWARTBOOI	Lizzie	V	7	13-Jul-01	Longontsteking	Edenburg Kamp	SRC 99
SWARTBOOI	Manzuanie	M	0.67	28-Jul-01	Diarree	Edenburg Kamp	SRC 99
SWARTBOOI	Miekie	V	60	20-Jun-01	Hart	Edenburg Kamp	SRC 99
SWARTBOOI	Podenyau	M	3	28-Jun-01	Diarree	Edenburg Kamp	SRC 99

SWARTBOOI	M	4-Aug-02	Greylingstad Kamp	S. Kessler
SWARTBOOI		1-Sep-02	Greylingstad Kamp	S. Kessler

Die familienaam Swartbooi bevat ses inskrywings waarvan een bejaarde en die res kinders. Die sterftes is onderskeidelik in die Edenburg kamp (4) en Greylingstad (2). Die sterfteoorsake sluit onder meer diarree (4), longontsteking en hartverwante oorsake in.

5.4.6 Patie/Pati familienaam

Datatabel 5.41: Patie/Pati familienaam sterftes.

PATI	Isaac	M	11	6-Jun-01	Rusland Heilbron	Diarree	Vredefortweg Kamp	SRC 99
PATIE	Maria	V	8	19-Jun-01	Rusland Heilbron	Brongitis	Vredefortweg Kamp	SRC 99
PATIE	Momakie	V	80	15-Jun-01	Rusland Heilbron	Ouderdomswakte	Vredefortweg Kamp	SRC 99
PATIE	Olivant	M	3	19-Jun-01	Rusland Heilbron	Ingewands- ontsteking	Vredefortweg Kamp	SRC 99

Die familienaam Patie/Pati bevat vier inskrywings waarvan een bejaarde en die res kinders. Die sterftes is almal in die Vredefortweg kamp aangeteken. Verder is al die sterfgevallen van dieselfde plaas naamlik Rusland Heilbron afkomstig. Hier is dit dus duidelik dat die grootste deel van die betrokke gesin in die Vredefortweg konsentrasiekamp oorlede is. Die kinders was onderskeidelik drie, agt en 11 jaar oud. Die rede vir sterfte word onderskeidelik as diarree, brongitis, ingewandsontsteking en ouderdomswakte aangegee. Die inligting rakende die betrokke familienaam is meer volledig as die res van die inskrywings in die databasis met spesifieke verwysing na swart familienaam. Al die inskrywings beskik verder oor 'n sterfdatum. Sterftes het almal gedurende Junie 1901 vir die Patie familie van Rusland Heilbron voorgekom.

5.4.7 Rabotapi familienaam

Datatabel 5.42: Rabotapi familienaam sterftes.

RABOTAPI	Betta		5-Jul-02	Vereeniging Kamp		S. Kessler
RABOTAPI	Jacobetta		28-Jun-02	Vereeniging Kamp		S. Kessler
RABOTAPI	Magotsi		6-Jul-02	Vereeniging Kamp		S. Kessler

Die Rabotapi familienaam bevat drie sterftes, waarvan almal in die Vereeniging kamp. Die inligting rakende die Rabotapi familie is egter baie beperk en is 'n duidelike voorbeeld van die beperkte inligting met betrekking tot swart familiesterftes.

5.4.8 Zeekoe familienaam

Datatabel 5.43: Zeekoe familienaam sterftes.

ZEEKOE	Faitje	V	3	4-Mar-01	Odendaalsrust Hoopstad	Masels	Brandfort Kamp	SRC 91 Brdft2
ZEEKOE	Loutje (kind)	M		22-May-01			Brandfort Kamp	SRC 99
ZEEKOE	Mathys	M	2	6-Jun-01			Brandfort Kamp	SRC 99
ZEEKOE	Sannah (kind)	V		13-May-01			Brandfort Kamp	SRC 99

Die Zeekoe familienaam bevat vier sterftes, waarvan almal in die Brandfort kamp. Al vier die sterftes was van jong kinders en slegs een plek van afkoms naamlik Odendaalsrust Hoopstad is bekend.

5.5.1 Engelse familienaam in swart konsentrasiekampe

Engelse en Afrikaanse familienaam kom algemeen onder die inskrywings van sterftes binne bekende swart konsentrasiekampe voor. Hier onder enkele voorbeelde

Datatabel 5.44: Engelse familienaam in swart konsentrasiekampe.

ARMSTRONG	A			15-Feb-02					S. Kessler
ARMSTRONG	Aballena			1-Dec-02					S. Kessler
ADCOCK	Fredrick William	M		22-Jun-01			Nigel Kamp		S. Kessler
BECK				4-Nov-02					S. Kessler
BULLER				5-Jan-02			Greylingstad Kamp		S. Kessler
CANNON CLAYTON	Willie Thomas	John M	4	21-Apr-02 6-Nov-01	Hoopstad	Ingewands- koors	Brandfort Kamp		S. Kessler SRC 91 Brdft3
DIAMOND	Lya	V	6	24-May-01	Smitfield		Edenburg Kamp		SRC 99
DICK	Dick No. 35434	Passport M		13-Nov-02			Vereeniging Kamp		S. Kessler
HONIBALL	Susana Cornelia			3-Dec-02					S. Kessler
PEPPER	Buller	M	1	4-Apr-01	Fauresmith	Disenterie	Bloemfontein Kamp		SRC BfnNRC3 91
PEPPER	Sackelass	M	4	17-May-01		Longont- steking	Bloemfontein Kamp		SRC BfnNRC7 91
PEPPER	Sarah	V	5	3-Jun-01		Brongitis	Edenburg Kamp		SRC 99
PEPPER	Sarah	V	5	3-Jun-01		Brongitis	Edenburg Kamp		SRC 99
WOOD	John Frederick	M		14-Apr-02					S. Kessler

5.5.2 Afrikaanse familienaam in swart konsentrasiekampe

Enkele tradisionele Afrikaanse familienaam word in van die meer bekende swart konsentrasiekampe aangetref. Die voorname is in hierdie gevalle belangrik omdat dit dié van die Afrikaanse familienaam onderskei.

Die meeste van die sterftes het onderskeidelik in Bloemfontein/Edenburg en Brandfort se kampe voorgekom.

Datatabel 5.45: Afrikaanse familienaam in swart konsentrasiekampe.

AURET	John	M	4	13-Mar-02	Philippolis		Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC2
BADENHORST	Mina	V	7	14-Aug-01		Brongitis	Edenburg Kamp	SRC 99
BARNARD	John Isias	M	1	5-Oct-01	Tweefontein Winburg	Uitputting	Brandfort Kamp	SRC 91 Brdft3
BOTHA	Kastina	V		30-May-01		Longontsteking	Edenburg Kamp	SRC 99
COMBRINCK	Elissa	V	1	5-Aug-01		Brongitis	Edenburg Kamp	SRC 99
CRONJE	Hermina Maria Elizabeth	V		29-Oct-02				S. Kessler
DE WET	Jacobus	M	5	1-Jul-01		Longontsteking	Edenburg Kamp	SRC 99
ERASMUS	Maria Magdalena	V	58	5-Sep-01	Bloemfontein	Maagsiekte	Brandfort Kamp	SRC 91 Brdft3
JACOBS	Cetewayo (kind)	M		8-May-01			Brandfort Kamp	SRC 99
KOCK	Elsie	V	21	5-Feb-01	Bloemfontein	Hart	Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC5
LOUW	Madlakalike	M	1	4-Jun-01	Poortje		Edenburg Kamp	SRC 99
LOW	Elissa	V	2	27-May-01		Diarree	Edenburg Kamp	SRC 99
MULLER	Philip	M	8	14-May-01	Smithfield		Edenburg Kamp	SRC 99
OOSTHUIZEN	Sina Geremina	V	32	6-Aug-01	Hoopstad	Ingewandskoors	Brandfort Kamp	SRC 91 Brdft3
PRETORIUS	Garusa (oue)	M	80	26-Jun-01		Hart	Edenburg Kamp	SRC 99
SCHUTTE	Phillipus Johannes	M		12-Apr-02				S. Kessler
VAN BERG	DEN Kikie	V	0.67	7-Jul-01		Brongitis	Edenburg Kamp	SRC 99
VILJOEN	Polly	V	1	5-Dec-01		Disenterie	Bloemfontein Kamp	SRC 91 BfnNRC6


5.6 Lys van 100 familienaam wat die meeste sterftes in die konsentrasiekampe gehad het

Tabel 5.1: Lys van 100 familienaam wat die meeste sterftes in die konsentrasiekampe gehad het.

	Familienaam	Aantal sterftes	Familienaam	Aantal sterftes	
1	Venter	785	51	Schoeman	132
2	Botha	656	52	Kotze	131
3	Van der Merwe	645	53	Van der Berg	131
4	Pretorius	553	54	Van Staden	129
5	Kruger	541	55	Muller	128
6	Du Plessis	494	56	Taljaard	128
7	Coetzee	486	57	Van Vuuren	126
8	Fourie	378	58	Du Plooy	122
9	Smit	369	59	Harmse	117
10	Erasmus	356	60	Hattingh	113
11	De Beer	348	61	Roux	113
12	Viljoen	321	62	Vermaak	111
13	Joubert	316	63	Van Vuren	110
14	Prinsloo	309	64	Britz	109
15	Jacobs	303	65	De Jager	109
16	Nel	302	66	Vorster	109
17	Van der Walt	299	67	De Lange	107
18	Potgieter	297	68	Marais	105
19	Steyn	293	69	Le Roux	104
20	Du Toit	290	70	De Wet	101
21	Van Wyk	285	71	De Klerk	100
22	Oosthuizen	277	72	Ferreira	100
23	Van Niekerk	268	73	Bothma	94
24	Van Rensburg	257	74	Opperman	94

25	Engelbrecht	242	75	Boshoff	93
26	Du Preez	232	76	De Bruin	93
27	Grobler	231	77	Greyling	93
28	Pieterse	222	78	Naude	92
29	Swanepoel	217	79	Scheepers	92
30	Smith	210	80	Van Dyk	92
31	Van Zyl	209	81	Botes	91
32	Van den Berg	206	82	Louw	91
33	Van Rooyen	190	83	Van Schalkwyk	91
34	Bezuidenhout	181	84	De Villiers	90
35	Cronje	179	85	Steenkamp	87
36	Meyer	176	86	Wessels	87
37	Swart	176	87	Coetsee	86
38	Badenhorst	169	88	Roos	86
39	Barnard	169	89	Coetzer	84
40	Labuschagne	167	90	Lubbe	83
41	Strydom	160	91	Bekker	82
42	Pienaar	157	92	Henning	82
43	Olivier	153	93	Schutte	82
44	Snyman	153	94	Klopper	81
45	Brits	150	95	Visser	81
46	Van der Westhuizen	147	96	Van Aswegen	80
47	Janse van Rensburg	139	97	Visagie	80
48	Van Tonder	134	98	Uys	79
49	Van Heerden	133	99	Herbst	78
50	Jordaan	132	100	Minnaar	77

Figuur 5.2: Tabel van 10 familienaam wat die meeste sterftes in die konsentrasiekampe gehad het.



5.7 Gevolgtrekking

Deur die inligting van die onderskeie familienaam te ontleed is dit duidelik dat die sterftes onder burgerlikes, veral die groot getalle (vrugbare) vroue en kinders (die toekomstige volwassenes van die samelewing) 'n daadwerklike invloed op die bevolking gehad het. Die voortbestaan van bepaalde families is aansienlik ingeperk.

Die omvang van lewensverlies van Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners kom deur middel van hierdie hoofstuk baie duidelik na vore. Die leiersfigure aan Boerekant het ook grootliks met sterftes binne familieverband te doen gekry. President Paul Kruger, se familienaam het 541 sterftes gehad, Generaal Louis Botha se familienaam 541, President Marthinus T Steyn se familienaam 293, Generaal Piet Cronjé se familienaam 179 en Generaal Christiaan de Wet se familienaam 101 sterftes.

Dit is dus duidelik dat die leiers deeglik vertrouwd was met die situasie van burgerlike sterftes in die konsentrasiekampe. Dit is 'n harde blik op die verlede, maar deur die inligting te onbloom, sal dit vir die nageslag bemoedigend wees, om te weet dat hul voorvaders nie bang was om op te staan en te veg vir hul vryheid waarin hul so onwrikbaar geglo het.

Hoofstuk 6

Analise van die oorsake van burgerlike sterftes

'n Bespreking van die mees algemene siektes (oorsake, simptome en behandeling) wat tot sterftes aanleiding gegee het, word kortliks bespreek. Die sterfsyfer onder kamppersoneel en swart kampe asook 'n kort bespreking van mites rondom enkele sterftes word in hierdie hoofstuk gegee. Praktiese voorbeelde van familiesterftes asook 'n tabel waarin die totale sterfte-indelings, volgens ouderdom en geslag saamgestel is, word ook ingesluit.

6. Getalle met betrekking tot sterftes in die algemeen

Teen September 1901 was daar reeds 34 blanke konsentrasiekampe in Suid-Afrika met ongeveer 110 000 inwoners. Die meeste hiervan was kinders. Die verhouding in die kampe tussen die vroue wie se mans nog op kommando was en die wapenneerleggers, was bitter sleg. Uit die staanspoor het sterftes in die kampe voorgekom.¹⁸⁸ Dit het dus nie stelselmatig opgebou nie, maar was reeds die gevolg van die ontberinge wat die vroue en kinders in hul tog op pad na die kampe moes deurmaak.

Die amptelike syfers op die Vrouemonument in Bloemfontein dui aan dat 26 370 vroue en kinders en 1421 bejaarde mans in die kampe oorlede is. Die

188 F. Pretorius, *Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, p. 57.

amptelike syfers in die Britse blouboeke bevat gegewens van die mees kritieke tydperk naamlik Junie 1901-Mei 1902, 'n totaal van 18 150 sterftes.¹⁸⁹

Die winter van 1901 was gekenmerk deur stygende sterfgevälle in konsentrasiekampe. Die aantal kampinwoners het toegeneem namate Kitchener se dryfjagte tot volle uitvoering gekom het. Gedurende Maart 1901 was daar ongeveer 35 000 blankes in konsentrasiekampe teenoor die hoogtepunt van 110 000 in September 1901.¹⁹⁰

Intussen het nuwe kampe verrys en dié is net so oorlaai.¹⁹¹ Daar was nie toenemend genoeg nuwe kampe vir die groter wordende getalle nie. In die Oranjerivierkolonie is slegs een kamp naamlik Bethulie, in April 1901 gestig, terwyl die kampbevolking in die Oranjerivierkolonie gedurende Maart tot September 1901 van 11 563 tot 44 572 toegeneem het. In Transvaal het die kampinwonertal in ooreenstemming met dieselfde tyd van 21 105 tot 58 000 toegeneem. Slegs vier nuwe kampe naamlik Krugersdorp, Balmoral, Nylstroom en Pietersburg het in hierdie tydperk tot stand gekom. In Natal was die situasie nie veel beter nie en het die nuutgestigte Merebank kamp se inwonertal van 2524 in Maart 1901 toegeneem tot meer as 6000 in September 1901.¹⁹²

Weens die gedurige, maar ook onbeplande en onbeheerde groei in die kampbevolking, is nuwe tente, wat aanvanklik die enigste huisvestig was, dikwels tussen oues opgerig sodat daar onvoldoende tussenruimtes was. Gevolglik het opeenhoping voorgekom, wat weer tot allerlei swak sosiale

189 A.C. Martin, *The concentration camps 1900-1902, facts, figures and fables*, p. 31.

190 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 233.

191 M.A. Gronum, *Die Engelse oorlog 1899-1902, die gevegsmetodes waarmee die Boere-republieke verower is*, p.29.

192 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 233.

omstandighede aanleiding gegee het of makliker tot die bevordering daarvan kon bydra.¹⁹³

Soos die getalle in die kampe toegeneem het, so het ook die sterftes vermeerder. Gedurende Oktober 1901 is 406 mense uit 'n kampbevolking van 5215 dood.¹⁹⁴ Die sterftesyfer was buitengewoon hoog. Die doel van die Britse owerheid was om die vroue en kinders van 'n moontlike dood in die veld te red. Swak omstandighede in die kampe, soos hierbo genoem, het egter die dood by baie mense bespoedig. E. Holt meen prontuit dit was die resultaat van epidemiese omstandighede.¹⁹⁵

Teen die einde van die oorlog was daar meer as 40 kampe vir blankes en meer as 60 vir swartes. In beide gevalle was die meerderheid inwoners vroue en kinders. In beide gevalle was die sterftesyfer buite verhouding hoog gedurende die laaste maande van 1901. Meer akkurate gegewens bestaan rakende die getal sterftes vir blankes, algemeen word die getal van 26 000 aanvaar. Wat die swartes betref, het S.B. Spies 'n totaal van 13 351 saamgestel van gegewens beskikbaar, maar na verwagting is dit heelwat meer. Die algemene oorsaak vir die hoë sterftesyfer was die teenwoordigheid van epidemies, waarvan die grootste masels met sy meervuldige komplikasies, insluitend longontsteking. Ingewandskoors was 'n verdere faktor wat tot grootskaalse sterftes aanleiding gegee het. P. Trew wys byvoorbeeld daarop dat ingewandskoors meer sterftes onder die Britse soldate veroorsaak het as die getalle wat tydens die oorlog in veldslae gesneuwel het.¹⁹⁶

193 J.C. Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, (Magister Artium, UP, 1965), p. 97.

194 M.A. Gronum, *Die Engelse oorlog 1899-1902, die gevegsmetodes waarmee die Boere-republieke verower is*, p.29.

195 E. Holt, *The Boer War*, p. 268.

196 P. Trew, *The Boer War Generals*, p. 114.

Gedurende Mei, Junie, Julie en Augustus – die koudste maande, wanneer die aarde wit lê van die ryp en ysige winde oor die hoëveld van Transvaal en die Vrystaatse vlaktes waai – is Kitchener toegelaat om 'n verdere 62 278 gevangenes na die kampe te bring.¹⁹⁷

Die ergste periode van burgerlike sterftes in die kampe, was die einde van die winter in 1901, soos die syfers hieronder duidelik aandui.

2666 sterftes in Augustus 1901
2752 sterftes in September 1901
3205 sterftes in Oktober 1901¹⁹⁸

Volgens J.C. Smuts was die totale blanke bevolking vir die twee Republieke nie meer as 200 000 nie. Indien korrek, beteken dit dat meer as tien persent van die blanke inwoners van die twee Boererepublieke in die konsentrasiekampe gesterf het.¹⁹⁹

6.1 Oorsake van sterftes

Die buitengewone hoë sterftesyfer is aanvanklik veroorsaak deur die ontberings wat die mense moes deurmaak op pad na die kampe toe. Die gesondheid van die inwoners is verder benadeel deur die tekort aan vars voedsel, veral melk. Swak immuniteit teen epidemies soos masels en die determinasie van moeders om self hul siek kinders te versorg het tot die sterftesyfer bygedra.²⁰⁰

Volgens die databasis kom die groototaal van sterfgevälle op 33 978 mense te staan. Daar is egter net 21 550 sterfgevälle waarvoor redes verstrek word.

197 M.A. Gronum, *Die Engelse oorlog 1899-1902, die gevegsmetodes waarmee die Boere-republieke verower is*, p.125.

198 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 234.

199 S.B. Spies, *Women and War in The South African War*, P. Warwick (red.), *The South African War, The Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 170.

200 E. Belfield, *The Boer War*, p. 142.

6.1.1 Redes vir die hoë sterftesyfer

6.1.1.1 Higiëne

Dit wil voorkom asof die onhigiëniese toestand waarin die hele land verkeer het, vanweë die oorlog het, as hoofrede vir die hoë sterftesyfer uitgesonder kan word. Besmetting van die lug, water en grond het op grootskaal plaasgevind. Die oorlog het 'n nadelige uitwerking op die vervaardiging van voedsel en teel van vee gehad. Tesame met die buitengewoon hewige uitbreek van masels en longontsteking het hierdie toestande aanleiding gegee tot talle sterftes, veral onder kinders. Twee lede van die Ladies Commission, drr. Jane Waterson en Ella Campbell Scarlett het die volgende uitlatings oor die onhigiëniese toestand waarin die land omhul was gelewer. Hulle het daarop gewys dat pestilensie volg die verloop van die oorlog. Regoor die land het skermutseling plaasgevind wat besoedeling tot gevolg gehad het. Groot getalle perde, muile en osse is tydens veldslae of weens uitputting dood. Hul karkasse is net so in die veld gelaat. Dit opsigself het die water, lug en grond besoedel wat daaropvolgend duisende diere vergiftig wat onafwendbaar daarmee in aanraking gekom het.²⁰¹ Dus 'n groot faktor in die algemene welsyn van die land en sy inwoners.

Onhigiëniese gewoontes van sekere kampbewoners word veral deur pro-Britse historici as rede vir die hoë sterftesyfer aangevoer. Sowel medici wat by kampe besoek afgelê het, as Kitchener, het hierdie standpunt gehuldig. Dit is ongetwyfeld so dat daar onder van die kampbewoners agterlike en onontwikkelde Boere was wie se higiëniese gewoontes, onkunde, bygelowe en weiering, tot hul dood gelei het. In Januarie 1902 het almal vir die eerste keer seep as rantsoene ontvang. Geen wonder nie dat die vroue en kinders in

201 A.C. Martin, *The concentration camps 1900-1902, facts, figures and fables*, p. 38.

sommige gevalle as vuil, onversorg en onhigiënies beskou is nie. Hoe moes hulle met amper geen waswater en geen seep nie?²⁰²

6.1.1.2 Kampadministrasie

Die belangrikste oorsaak was egter gebrekkige beheer oor die kampadministrasie. Enkele aspekte kan uitgelig word.

◆ Verskeie kampplekke is strategies swak gekies.²⁰³ Turfgrond, van byvoorbeeld Standerton se wêreld, was haas onbegaanbaar in die reënseisoen en snerpend koud in die winter. Soortgelyke toestande het in onder meer Brandfort en aan die Oranjerivierkamp geheers.²⁰⁴

◆ Daar was 'n neiging van sommige kampamptenare om lae standaarde van orde en sindelikheid te handhaaf.²⁰⁵

◆ Sommige kampe het 'n ernstige gebrek aan behoorlike en voldoende akkommodasie gehad. So moes verslete tente of sooihutte woningnood die hoof bied. Baie inwoners moes noodgedwonge op die grond slaap aangesien voldoende beddens of matrasse, nie beskikbaar was nie.²⁰⁶

◆ Verskaffing van behoorlike sanitêre maatreëls was 'n ander probleem. In die oorgrote meerderheid van kampe was dit 'n ernstige probleem. In Bloemfonteinkamp met meer as 6 000 inwoners was daar slegs 23 latrines met 278 sitplekke.²⁰⁷

202 F. Jacobs, *Suffering of War. A photographic portrayal of the suffering in the Anglo-Boer War emphasising the universal elements of all wars*. p. 20.

203 B.J. Liebenberg en S.B. Spies, *South Africa in the 20th century*, p. 16.

204 F. Pretorius, *Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, p. 58.

205 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 131.

206 F. Pretorius (red.), "Die lot van die Boerevroue en-kindere" in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p. 46.

207 F. Jacobs, *Suffering of War. A photographic portrayal of the suffering in the Anglo-Boer War emphasising the universal elements of all wars*. p. 18.

♦ Swak voedsel (veral in Transvaalse kampe) en verdere onvoldoende hoeveelhede wat as rantsoene aan kampbewoners uitgedeel is, het nie veel tot die situasie bygedra nie. Sedert Maart 1901 kon inwoners by die meeste kampe bykomende voedsel by spesiaal ingerigte winkels koop, maar geld was skaars en nie almal kon dit benut nie.²⁰⁸ Soos wat die oorlog uitgerek het, het die produksie van voedselvoorrade feitlik tot stilstand gekom. Met grootliks noodlottige gevolge, waar geen vars vleis, vrugte, groente of melk in sekere distrikte voorgekom het nie.²⁰⁹ Dit was die natuurlike stapelvoedsel van inwoners op plase en waartoe hul voor die uitbreek van die oorlog vrylik toegang gehad het.²¹⁰

Die voedsel wat in die konsentrasiekampe voorsien is, was hoofsaaklik erg maer skaapvleis. Groente was beskikbaar teen buitengewoon hoë pryse. Vars melk is eerste aan die hospitale gelewer, wat in baie gevalle ook nie genoeg was nie. Daarom is dit nie ongewoon dat die kinders, wie se dieet normaalweg uit hoofsaaklik vars melk, groente en vleis bestaan het, se weerstand so afgeneem het, dat hulle die oorgrote meerderheid van sterftes in die konsentrasiekampe uitgemaak het nie.²¹¹ Die rantsoene wat uitgedeel is, was heeltemal ontoereikend, met die gevolg dat die kinders honger gely het.²¹²

208 F. Jacobs, *Suffering of War. A photographic portrayal of the suffering in the Anglo-Boer War emphasising the universal elements of all wars*, p. 20.

209 A.C. Martin, *The concentration camps 1900-1902, facts, figures and fables*, p. 38.

210 A.C. Martin, *The concentration camps 1900-1902, facts, figures and fables*, p. 38.

211 A.C. Martin, *The concentration camps 1900-1902, facts, figures and fables*, p. 38.

212 G.D. Scholtz, *Die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 91.

Juis omdat die Britse leër en die burgerlike administrasie nog nooit vantevore met dieselfde vraagstuk gekonfronteer was nie, kon hulle dus nie aan die eerste kampsuperintendent die nodige inligting en voorligting verskaf nie.²¹³

♦ 'n Aantal sterfgevälle in die databasis verwys na 'honger' as oorsaak van sterfte. Kyk die gegewens van die databasis hieronder:

Datatabel 6.1: Sterftes as gevolg van *honger*.

BOOYSE	Jacob Stefanus	M	7	1901	Vaalbank Middelburg	Honger	Middelburg Kamp	SAEHA 7/6/3/19(2) TA T1 32 TA T1 25
BRITS	Susanna Josina	V	14	16/02/1902	Klipfontein Pretoria	Honger	Irene Kamp (hospitaal)	SAEHA 7/6/3/10 TA T1 32 TA T1 25
COETSEE	SS		39	1902	Bethulie Distrik	Honger	Bethulie Kamp	SAEHA 7/6/4/18 TA T1 32
COETZEE	Gesiena Johanna	V	1	1901	Sterkstroom Potchefstroom	Honger	Potchefstroom Kamp	TA T1 32 TA T1 25
COETZEE	Jan Adriaan	M	25	2/12/1901	Kaalfontein Pretoria	Honger	Balmoral Kamp	TA T1 25
COETZEE	Peternella Maria	V	27		Kaalfontein Pretoria	Honger	Balmoral Kamp	SAEHA 7/6/3/8 TA T1 32
COETZER	PA (gebore De Lange)		53	Jan-1901	Pretoria Distrik	Honger	Balmoral Kamp	SAEHA 7/6/3/8 TA T1 32
DE BEER	Elisie Jacoba	V	0.17	18-Dec-01	Waterberg Distrik	Honger	Nylstroom Kamp	SAEHA 7/6/3/7(1)- (3) TA T1 32
DU PLESSIS	Helena Carolina	V	6	30/06/1901	Bankfontein Middelburg	Honger	Middelburg Kamp	SAEHA 7/6/3/19(2) TA T1 33 TA T1 26
DU PLESSIS	SC (J)		42	1901	Rustenburg Distrik	Honger	Krugersdorp Kamp	SAEHA 7/6/3/1 TA T1 26
POTGIETER	Daniel Elardus	M	9	9/1/1902	Boskoppie Pretoria (Brugspruit Middelburg)	Honger	Middelburg Kamp	TA T1 26
POTGIETER	Gerhardus Cornelius	M	2	23/11/1901	Boskoppie Pretoria	Honger	Middelburg Kamp	SAEHA 7/6/3/19(2) TA T1 33 TA T1 26

213 J.C. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, (Magister Artium, UP, 1965), p. 103.

PRETORIUS	Daniel Elardus	M	9		Boskoppie Pretoria	Honger	Middelburg Kamp	SAEHA 7/6/3/19(2) TA T1 33
ROUX	FE		0.25	12-Dec-01	Rustenburg Distrik	Honger	Mafeking Kamp	SAEHA 7/6/1/26 TA T1 34
SMUTS	Pieter Johannes	M	5	30/12/1901	Nooitgedacht Middelburg	Honger	Balmoral Kamp	SAEHA 7/6/3/8 TA T1 34 TA T1 27
STOLS	Martha Fransina Elizabeth	V	5	1902	Goedehoop MWSroom	Honger	Volksrust Kamp	SAEHA 7/6/3/21&24 TA T1 34 TA T1 27
VAN DEN BERG	Catharina Alethia Barendina	V	82	21/12/1901	Rooikoppies Pretoria	Honger	Balmoral Kamp	SAEHA 7/6/3/8 TA T1 32 TA T1 25
VAN DER MERWE	Maria	V	0.92		Klippoortjie Middelburg	Honger	Balmoral Kamp	SAEHA 7/6/3/8 TA T1 33
VERMAAK	Hendrik Stephanus	M	0.75	22/10/1901	Middelburg Distrik	Honger	Middelburg Kamp	TA T1 34 TA T1 27
VISSER	Theunis Johannes	M	0.42	19/08/1901	Palmiet-fontein Potchefstroom	Honger	Potchefstroom Kamp	TA T1 34 TA T1 27

Mev. Dickenson van Australië het die volgende mededeling in die *South African Advertiser* gemaak :

*(E)k het 'n paar verskriklike gevalle van vermaering onder kinders gesien, wat alleen deur mense in Indiese hongersnood geëwenaar kan word. Een portret het ek geneem van 'n kind van vyf jaar; die vel kan skaars die bene toemaak. Dit was nie in die hospitaal nie en was nie siek nie, dit het eenvoudig weggekwyn ten gevolge van onbehoorlike voedsel.*²¹⁴

◆ Onvoldoende en ondoeltreffende mediese personeel moes wydverspreide siektetoestande hanteer.²¹⁵

214 P. Marais. *Die vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 105.

215 F. Jacobs, *Suffering of War. A photographic portrayal of the suffering in the Anglo-Boer War emphasising the universal elements of all wars*, p. 21.

♦ Daar was in baie gevalle 'n basiese gebrek aan kamporganisasie.²¹⁶

Volgens S.B. Spies moet Kitchener die blaam kry weens die uitbreiding van die konsentrasiekampstelsel wat hy onderneem het sonder om die implikasies in ag te neem.²¹⁷ Aanvanklik het die instelling van die konsentrasiekampe die Britse mag die oorhand gegee maar namate die getalle in die konsentrasiekampe toegeneem het, het dit toenemend groter druk op die administrasie onder beheer van die militêre owerhede geplaas.²¹⁸

Die skrywer A.C. Martin voer aan dat die uitbreek van longontsteking nie beperk was tot die konsentrasiekampe nie maar, wel dat dit regdeur Suid-Afrika die geval was. Verder lê hy klem op 'n belangrike punt, naamlik die feit dat die mediese wetenskap gedurende die tydperk van die oorlog (1899-1902) nog nie in die gevorderde fase is wat dit vandag is nie. Dit moet verder as faktor ingereken word.²¹⁹

Die stelsel van voedselvoorsiening is wel verbeter, hospitale met mediese personeel en skole is opgerig. (Pogings om toestande te verbeter is bowendien nie met die nodige dringendheid aangepak nie). Kitchener het weinig in die administrasie van die kampe belanggestel. Hy het homself eerste as soldaat beskou en militêre aangeleenthede het voorkeur bo siviele sake gekry.²²⁰

Burgerlike aangeleenthede kon nie met militêre noodsaaklikheid opweeg nie. Daarom is die behoeftes van die inwoners van die konsentrasiekampe aanvanklik op die agtergrond geskuif en het dit eers teen die einde van 1901 die

216 A.C. Martin, *The concentration camps 1900-1902, facts, figures and fables*, p. 50.

217 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p.47.


218 D. Judd, *The Boer War*, p. 194.

219 A.C. Martin, *The concentration camps 1900-1902, facts, figures and fables*, p. 39.

220 F. Pretorius (red.), "Die lot van die Boerevroue en-kindere" in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde*, p. 49.

regmatige aandag wat dit benodig het, ontvang.²²¹ Dit was helaas te laat vir duisende vroue en kinders wat reeds die lewe gelaat het.

Figuur 6.1: Hoofsaake van sterftes



6.2 Mees algemene siektes wat sterftes veroorsaak het

Kortliks word hieronder 'n bespreking gewy van die mees algemene siektes se simptome, oorsake en behandeling wat in die konsentrasiekampe grootskaalse sterftes tot gevolg gehad het.²²² Die lyding van die vroue tydens die Anglo-Boereoorlog was egter nie slegs beperk tot die fisiese ontberings wat hulle moes ly nie, maar kring ook uit na die emosionele en psigiese ontberinge – die sorg, die kwellinge, die droefheid en angs.²²³

221 J.C. Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, (Magister Artium, UP, 1965), p. 101.

222 Die lys word bygevoeg om aan die redes vir sterftes stukrag te gee in 'n moontlike aanduiding dat die swak toestande waarin die kampbewoners hulself bevind het grootliks tot die hoë sterfsyfer aanleiding gegee het.

223 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, pp. 2 en 19.

Die oorsaak van sterftes word, soos in die databasis aangeteken, by die hoofoorsake van sterftes bygevoeg. Waar na die onderskeie komplikasies van 'n betrokke siekte verwys word, word die aantal sterftes in hakies langsaan aangedui. Dit is belangrik om in ag te neem dat daar nie in alle inskrywings 'n rede vir die sterfte aangedui is nie en dat die gegewens hieronder saamgestel is uit die bestaande inligting en dus nie die groottotaal verteenwoordig nie. In die meeste gevalle is slegs *siekte* as oorsaak van sterfte aangegee. Watter siekte? 'n Moontlike komplikasie van masels? Dit beklemtoon die feit dat die kampadministrasie en mediese versorging veel te wense oorgelaat het, wanneer nie eers die oorsaak van sterfte per sterfgeval volledig aangeteken is nie.

6.2.1 Masels

Sowat 4379 sterftes was as gevolg van masels.

Dit is 'n uiters aansteeklike virus siekte wat hoofsaaklik kinders aantast.²²⁴ Masels word deur 'n virus veroorsaak wat deur regstreekse aanraking, persoonlike artikels, en uitgenieste of gehoeste vogdruppels versprei word. Die inkubasieperiode is 10 tot 14 dae.²²⁵

Na 'n inkubasieperiode van agt tot 15 dae ontwikkel simptome soos dié van verkoue saam met 'n koors. Voordat die uitslag sigbaar is, verskyn Kopelikkolletjies met wit middelpunte aan die binnekant van die wange. 'n Verhoging in liggaamstemperatuur vind terselfdertyd plaas. Gedurende die vierde dag begin die Kopelikkolletjies verdwyn.²²⁶ Daarna ontwikkel 'n vlekkerige effens verhewe pienk uitslag, eers agter die ore, gesig en elders, dit

224 Mosby's, *Medical, nursing, and allied health dictionary*, p. 1061.

225 G. Macpherson, *Black's medical dictionary*, p. 109.

226 G. Macpherson, *Black's medical dictionary*, p. 110.

hou vir tussen drie en vyf dae aan. Die passis is regdeur hierdie tydperk aansteeklik.²²⁷

Die neiging om komplikasies op te lewer maak van masels 'n gevaarlike siekte. Die algemeenste is *brongitis (611)* en selfs *brongopneumonie (7)*, *middelloorontsteking (1)*, ulserasie van die *kornea* en *ensefalitis*.

Dit is belangrik dat die pasiënt geïsoleer word om verdere verspreiding te voorkom. Volle herstel kan twee tot vier weke duur.²²⁸

6.2.2 Koors

Sowat 1167 sterftes was as gevolg van koors.

'n Abnormale verhoging in liggaamstemperatuur wat gewoonlik gevolg word deur 'n siekte. Die gemiddelde liggaamstemperatuur wissel tussen 36,9 en 37,5 grade celsius. 'n Skommeling in die liggaamstemperatuur kom daaglik voor as gevolg van liggaamlike aktiwiteite, wat afgewissel word deur onder meer voedselinname, hoeveelheid oefening, menstruasiesiklus asook die temperatuur van die omliggende omgewing.²²⁹ Koors is die gevolg van 'n wanbalans tussen die uitskakeling en die vervaardiging van hitte. Geen enkele teorie verduidelik die meganisme hoe temperatuur verhoog word nie. Koors het geen herkenbare funksie in siektetoestande as infeksie nie.²³⁰

Koors is gewoonlik die gevolg van bakteriese of virusinfeksie en kan enige aansteeklike siekte van griep tot malaria kenmerk.²³¹ Ander voor-die-hand- liggende oorsake van koorsigheid is sonstraal (*sonsteek 5 sterftes*) en ander

227 E.A. Martin, *Mediese woordeboek, vertalend en verklarend*, p. 339.

228 E.A. Martin, *Mediese woordeboek, vertalend en verklarend*, p. 339.

229 G. Macpherson, *Black's medical dictionary*, p. 189.

230 Mosby's, *Medical, nursing and allied health dictionary*, pp. 672-673.

231 E.A. Martin, *Mediese woordeboek, vertalend en verklarend*, p. 299.

forme van hittesiekte, dehidrasie en harde liggaamlike oefening. (*Uitputting 18 sterftes, swakheid 175 sterftes*). Oefening, angs en dehidrasie verhoog die liggaamstemperatuur onder normale omstandighede. Faktore soos infeksie, neurologiese siektetoestande, asook trauma kan ook tot koors aanleiding gee. Geen enkele faktor kan dus uitgesonder word nie.²³² Dit is inderdaad van toepassing indien na die omstandighede waarin die burgerlikes verkeer het gekyk word. Aanhoudende koorsigheid en veral *hiperpireksie* (baie hoë koors van 41°C of hoër) kan nadelig wees en by kinders *stuipe* (432 sterftes) veroorsaak.²³³

6.2.3 Longontsteking (Pneumonie)

Sowat 1701 sterftes was weens longontsteking.

Inflammasie van die long word veroorsaak deur bakterieë, waar die lugsakkies met etter vul sodat lug uitgesluit word en die long solied raak. Die simptome hang af van die mate waarin die long betrokke is en die virulensie van die bakterieë, maar dit sluit gewoonlik hoes en borspyn in.²³⁴

Die siekte begin skielik en gaan gepaard met koorsigheid en koue rillings, hoofpyn en 'n droë hoes sonder dat die simptome werklik op longmoeilikheid dui. Die sputum is bloedbevlek, later geel. In die jare voor antibiotika het lobêre pneumonie, 'n klassieke verloop gehad waartydens die pasiënt se toestand, saam met 'n koors wat tragsgewys gestyg het, verswak het tot 'n "krisis" op ongeveer die vyfde dag. Daarna het die pasiënt óf dramaties herstel óf 'n ernstige komplikasie ontwikkel en moontlik gesterf.

232 Mosby's, *Medical, nursing and allied health dictionary*, p. 672.

233 E.A. Martin, *Mediese woordeboek, vertalend en verklarend*, p. 299.

234 E.A. Martin, *Mediese woordeboek, vertalend en verklarend*, p. 456.

6.2.4 Brongitis

Sowat 611 sterftes was as gevolg van brongitis.

Akute brongitis word deur virusse of bakterieë veroorsaak en word gekenmerk deur hoës, die produksie van etterslymerige sputum en vernouing van die brongi weens spasmodiese kontraksie. Tydens chroniese brongitis hoës die pasiënt oormatige slym wat afgeskei word deur die vergrote brongiale slymklier. Die siekte kom veral voor in assosiasie met sigareetrook en lugbesoedeling. Virusinfeksies soos verkoue en griep (123) is die algemeenste oorsake.²³⁵

6.2.5 Diarree

Sowat 768 sterftes was as gevolg van diarree.

Die herhaalde ontlasting van los waterige stoelgange. Diarree is gewoonlik die simptoom van 'n onderliggende versteuring. Pasiënte kan verder maagkrampe en algemene swakte ervaar. Indien diarree onbehandel bly kan dit lei tot vinnige dehidrasie en elektroliet wanbalans.²³⁶

Die mees algemene oorsaak van akute diarree is voedselvergiftiging. Organismes betrokke sluit onder meer *Staphylococcus*, *clostridium* bakterie, *salmonella* of *sampylobacter* in.²³⁷ Ander verwante faktore wat aanleiding tot diarree kan gee is, stres, inflammasie, irritasie van die maag, asook die gevolge van vergiftiging of bestraling.²³⁸ Ander infeksies sluit onder meer disenterie (265) en ingewandskoors (982) in.

235 E.A. Martin, *Mediese woordeboek, vertalend en verklarend*, pp. 75-76.

236 Mosby's, *Medical, nursing, and allied health dictionary*, p. 518.

237 G. Macpherson, *Black's medical dictionary*, p. 136.

238 Mosby's, *Medical, nursing, and allied health dictionary*, p. 518.

6.2.6 Inflammasie

Sowat 301 sterftes was as gevolg van inflammasie.

Inflammasie is die liggaamsreaksie op beskadigde weefsel, wat moontlik die gevolg is van trauma, infeksie of chemikalieë. Die pasiënt voel pyn en die geaffekteerde weefsel word warm, rooi en geswel.²³⁹ Bloedvate naby situs van die besering dilateer sodat die bloedvloei lokaal vermeerder. Witbloedselle dring die weefsels binne en begin bakterie en ander vreemde partikels verswelg. Soortgelyke selle van die weefsels verwyder en verteer dooie selle, soms met die produksie van etter en die genesingsproses begin. In sekere omstandighede vind genesing nie plaas nie en chroniese inflammasie is die gevolg.²⁴⁰

Akute plaaslike ontsteking begin by die wortel van die kwaad met dilatasie van bloedvate sodat bloedbelopenheid plaasvind en dié plek rooi en warm word. Indien die inflammatoriese reaksie misluk en die bloedstroom deur bakterieë binnegedring word, ontstaan lewensgevaarlike *bakteremie* of bloedvergiftiging.

6.2.7 Ingewandskoors (Tifoïed), (Maagsiekte/koors)

Sowat 974 sterftes was as gevolg van Ingewandskoors.

Dié toestand is ook bekend as maag- (86), of ingewandskoors (982) en buiktifus (14). Ingewandskoors word veroorsaak deur 'n bakteriële infeksie van *Salmonella typhi* of *Salmonella paratyphi* A, B, of C. Hierdie infeksies staan bekend as tifoïedkoors.²⁴¹

239 G. Macpherson, *Black's medical dictionary*, p. 252.

240 E.A. Martin, *Mediese woordeboek, vertalend en verklarend*, p. 252.

241 G. Macpherson, *Black's medical dictionary*, p. 168.

Die siekte word oorgedra van besmette *feses* en *urine* van 'n tifoïed pasiënt. Die inname van besmette voedsel melk of drinkwater met die tifoïedbakterie, indirek deur vlieë of deur draers of versorgers van 'n maagkoors pasiënt.²⁴²

Ná 'n inkubasieperiode van sewe tot 21 dae tree die siekte in as 'n ligte of lewensgevaarlike aandoening.²⁴³ 'n Infeksie van die spysverteringstelsel deur die bakterie *Salmonella typhi* lei tot algemene swakheid, hoë koors, 'n veluitslag van rooi kolle op die bors en abdomen, kouekoors, sweet en in ernstige gevalle inflammasie van die milt, bene, delirium en erosie van die intestinale wand wat lei tot bloeding.²⁴⁴

M. Parkes noem dat die jaar 1901 spesifiek 'n slegte jaar in die Knysna omgewing was wat siektes aanbetref, en daar word veral na die uitbreek van ingewandskoors in die distrik verwys as die ergste van al die siektes gedurende daardie tydperk.²⁴⁵

6.2.8 Stuipe (Konvulsies)

Sowat 431 sterftes was as gevolg van stuipe.

Die mees algemene oorsaak van stuipe onder volwassenes is *epilepsie* (8), en kan ook onder babas en kinders voorkom. By jong babas kan die oorsaak van stuipe moontlik die gevolg van geboortebesering wees. By kinders kan die skielike styging in temperatuur soos in die geval by enige infeksie aanleiding gee tot moontlike stuipe by 'n baba of jong kind. Talle neurologiese en interne aandoenings kan konvulsies veroorsaak, byvoorbeeld ernstige infeksies soos meningitis en ensefalitis, breinbesering, beroerte en nog veel meer. Enige

242 C. Kassner, *Communicable diseases in the African continent*, p. 178.

243 G. Macpherson, *Black's medical dictionary*, p. 168.

244 E.A. Martin, *Mediese woordeboek, vertalend en verklarend*, p. 593.

245 M. Parkes en V. Williams, *Knysna and the Anglo-Boer war. Its effects on the people of the town and district*, p. 31.

infeksie wat die koors baie laat styg, byvoorbeeld tonsillitis, piëlitis of gastro-enteritis (15), kan die breinstorm ontketen.²⁴⁶

6.2.9 Malaria

Volgens W.H.F. Alexander het die Pietersburgkamp se inwoners van 2000 tot 3000 gedurende Junie 1901 toegeneem. Geen beddens, klere of gebruiksartikels is voorsien nie en baie van die nuwe vlugteling het onder meer malaria gehad.²⁴⁷

Malaria 'n aansteeklike siekte, word veroorsaak deur die aanwesigheid van die parasitiese protooë van die genus *Plasmodium* binne die rooibloedselle. Dit word oorgedra deur die *Anopheles* muskiet en is hoofsaaklik beperk tot tropiese en subtropiese gebiede. Wanneer die muskiet aan 'n persoon byt, word parasiete in die bloedstroom ingespuet en die migreer na die lewer en ander organe waar hul vermenigvuldig. Die inkubasietydperk wissel van 12 dae tot 10 maande, waarna die parasiete na die bloedstroom terugkeer en die rooibloedselle binnedring.²⁴⁸

Malaria word gekenmerk deur koors, sweet, anemie, swakte en naarheid.²⁴⁹ Komplikasies van malaria sluit onder meer die volgende in: serebrale malaria, swartwater koors, aborsie van swangerskappe, anemie, sirrose van die lewer en skok.²⁵⁰ Malaria is amptelik in 1897-1898 deur Ronald Ross as siekte deur die

246 G. Macpherson, *Black's medical dictionary*, pp. 114-115.

247 H.H. Hewison, *Hedge of wild almonds South Africa, the 'Pro-Boers' & the quaker conscience*, p. 214.

248 E.A. Martin, *Mediese woordeboek, vertalend en verklarend*, p. 336.

249 Mosby's, *Medical, nursing, and allied health dictionary*, p. 1044.

250 C. Kassner, *Communicable diseases in the African continent*, p. 104.

verspreiding en oordrag van muskiete geïdentifiseer. Deur Ross se werksaamhede in Indië het hy die gasheer-muskiet-gasheer siklus vasgestel.²⁵¹

